

Weg!

2025-'26-REISGIDS

Kruger


*Soek só
Shingwedzi
se luiperds*

*Pafuri
Verdubbel jou voëllys
in die verre noorde*

ONS GESELS MET

- Die park se hoofveldwagter
- Die vroue in die voorste linie
- Kruger-entoesiaste en -fotograwe

RSA R145 (BTW ingesluit)
N\$150 (Namibië)



*Álmal se
gunsteling-park!*

KAARTE • KAMPE • DOENDINGE • WILDKYKWENKE

HERLAAI IN AARDSE STYL.



STANLEY®

Awesome Tools is die eksklusiewe verspreiders van Stanley-produkte in Suid-Afrika • Tel +27 21 981 6672 • www.awesometools.co.za

The image features four Stanley products: two large thermoses and two smaller mugs, all in a textured orange-brown finish. They are arranged on a dark, wet wooden surface. The background is a blurred savanna landscape with several elephants grazing near a body of water. The Stanley logo, featuring a winged lion and the text 'STANLEY SINCE 1913', is visible on each item.

ONS GEHARDE, LEGENDARIESE REEKS.
NOU BESKIKBAAR IN **HAMMERTONE CLAY.**

Lekbestand. Sweetbestand. Valbestand. Avontuurbestand.

Met kenmerke soos dubbelwandige isolasie en spatbestande deksels, is hierdie klassieke reeks Stanley-bottels, -bekers en -flesse ontwerp om jou kos en drankies warm of koud te hou vir 'n volle dag, ongeag hoe wild jou reis raak.

INHOUD

6 REDAKTEURSBRIEF

8 MEDEWERKERS

BEPLAN SÓ

- 12** Waar bly ek?
- 14** Weet voor jy waai
- 15** Wat beteken die kodes?
- 16** Hoe beplan ek?
- 20** Ekosones

FOTOPORTEFEULJE

- 22** Van bobbejane tot buffels (en 'n kuifkoptarentaal tussenin) – Weg-lesers neem álles af.

PROFIELE

- 32** Ontmoet Karien Desmet – die wildtuin se eerste vroueafdelingsveldwagter.
- 36** Cathy Dreyer, die Kruger se hoofgids, wy haar loopbaan en haar lewe aan renosters.

- 39** Tinyiko Golele: Van leerling tot leier

MAKULEKE-KONTRAKPARK

- 42** Lees wie leef en beef in die verste uithoek van die Kruger (leidraad: hulle het meestal vere)

ÁLMAL SE GUNSTELING-PARK

- 52** Suid-Afrikaners (en buitelanders) is dol oor die wildtuin. Dié mense keer keer op keer terug.

RYGOED

- 56** Leer ken die Kruger in die oulikste bussie nóg.
- 58** Só vaar die Ford Everest Sport in die wildtuin.

KAMPGIDS

60 SUIDE

62 BERG-EN-DAL

68 KROKODILBRUG

74 SKUKUZA & ONDER-SABIE

82 PRETORIUSKOP

88 SENTRAAL

90 ORPEN & SATARA

98 OLIFANTS & LETABA

106 MOPANI

112 NOORDE

114 SHINGWEDZI

120 SOEK SÓ LUIPERDS


124 PUNDA MARIA

130 KRUGER OP SY BESTE



VOORBLADFOTO

Dié foto is geneem deur Thinus van Staden; hy's waarskynlik die statigste koedoe in die Kruger.



MIA LOUW



552, TUSSEN DIE RED ROCKS-
EN TSHANGA-UITKYKPUNT



Hier soek Esma (regs) en Willemien Janse van Rensburg voëls in die koorsboomwoud in die Makuleke-kontrakpark in die verre noorde van die Krugerwildtuin.

Avontuur wag om elke hoek!

Vir hierdie gids was ek drie keer in die wildtuin. Ek kon uiteindelik stap in die koorsboomwoud in die Makuleke-kontrakpark tussen die Luvuvhu- en Limpoporivier wat al so lank op my wenslys is – en verskeie lifer-voëls afmerk. En was weer by ou gunsteling soos die Nkumbe-uitkykpunt waar jy 'n roofvoël se uitsig het. Ag, en om 'n vuurtjie aan te steek in Letaba en saam met my kinders te gaan soek na waar 'n gebande uiltjie roep...

Met hierdie gids wil ons jou help om 'n fantastiese vakansie in die Kruger te geniet. Hierdie uitgawe het meer kaarte as die vorige gidse. Die kaarte dui by elke ruskamp aan op watter paaie jou kans om spesifieke diere (en soms voëls) te sien die beste is. En elke ruskamp se gids deel hulle wenke en stories. Bekyk dus die kaarte goed, en kies jou eie roete. 'n Drie ure lange rit terwyl die lig mooi is vir foto's en dan terug ruskamp toe, of 'n daguitstappie waar julle eerste by die hek uit is en eers hektoemaaktyd terug is, met 'n lekker uitspan by 'n piekniekplek of twee tussenin.

Daar is geen aaklige paaie in die wildtuin nie, of paaie wat 'n mens moet vermy nie (in die reënseisoen is van die paaie wel gesluit). Die meeste paaie loop deur pragtige landskappe. Dis eenvoudig – op die paaie wat deur soetveld loop, is jou kans natuurlik groter om die Groot Vyf te sien. En ja, baie diere is "gewoontediere" en hou jaar na jaar in dieselfde omgewing.

Maar die natuur laat haar nie voorsê nie. Ek het byvoorbeeld al leeus gesien op die saai H1-8-teerpad op pad na Pafuri en langs die H2-2 na Pretoriuskop.

Op die H7 tussen Orpen en Satara, wat bekend is as 'n goeie wildkykpad, het ons geen groot katte of wildehonde gesien nie, maar wel hoe twee berghane, 'n bruinarend en 'n paar witkop- en witruigaasvoëls om dieselfde vangs sirkel!

Op ons laaste oggend het ons langs die H9 tussen Letaba en die Phalaborwa-hek, ook nie die opwindendste van paaie nie, 'n jong witkwasjakkalsie in 'n duiksloot, 'n kameelperd wat sit en slaap en 'n trop van sewe hiënas teëgekom.

Dis juis wat die Kruger 'n wonderlike bestemming maak: Enigiets kan enige plek gebeur!

Esma  esma.marnewick@weg.co.za

Baie dankie aan Mia Louw wat die inligting en foto's vir dié kampe ingesamel het: Berg-en-Dal, Malelane, Satara, Mopani, Tsendze, Shingwedzi, Sirheni, Bateleur en Shimuwini.

Outdoor
Warehouse
Dienste



AVONTUUR BEGIN WAAR **DIE PAD EINDIG**



**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur

SKANDEER WINKEL VINDER

vir jou naaste winkel of skakel tolvy 0800 007 261



OutdoorW



Outdoorwarehouseza





Byna die helfte van die foto's in die gids is geneem deur die fotojornalis **Mia Louw**. Mia het Berg-en-Dal, Malelane, Satara, Mopani, Tsendze, Shingwedzi, Sirheni, Bateleur en Shimuwini besoek.

Hoe gereeld kom jy in die wildtuin? In die afgelope jaar het ons reeds vyf keer in die park gekuier: En in Augustus kamp ons vir vier dae in Berg-en-Dal saam met familie wat in Dubai woon.

Hoekom is mense so gaande oor die Kruger? Buitelanders bly dikwels in vyfsterlodges met ghrënd kos en word rondgery op safarivoertuie, maar wat die wildtuin spesiaal maak, is dat jy en die toeriste saam na 'n luiperd kyk wat 'n middagslapie in 'n boom vang. Duisende dollars vir 'n luukse lodge teenoor 'n goedkoper hut of kampplek, maar julle ervaring van die diere bly dieselfde.

Wat is jou gunsteling-ruskamp? By Tsendze voel dit asof jy jou tent sommer onder enige mopanieboom in die bosveld opgeslaan het. Hier's geen krag, swembad, winkel of restaurant nie; dus is dit tjoepstil. Die legendariese kampopsigters Rodgers Hobyane en Elina Mona is besorg oor hulle gaste se ervaring en wys graag waar die kamp se skopsuil slaap.

En gunsteling-roete? Enige sirkelroete met piekniekplekke of skuilings. By Satara is die S100, S41 en die H6 'n heerlike opsie, want die N'wanetsi-piekniekplek en Sweni-skuiling is op hierdie 64 km-roete (vyf ure). Op die S100 vou die grasvlaktes om jou oop – jy kan 'n olifant kilometers ver sien aankom en tamaai vyeborne troon oor die N'wanetsirivier. Ons het op die S41 'n jagluiperdwyfie met 'n welpie gesien wat op 'n stomp sit.

Wat is jou beste diere-ervaring? Ons het een oggend 5.20 vm. van Berg-en-Dal af na Afsaal gery en toe 'n jong luiperdwyfie naby die Matjulu-brug gekry. Sy het reg langs die pad gesit – seker 'n meter van ons af – en dit was net ons voertuig!

Enige wenke? Beplan mooi hoe ver jy binne 'n dag wil ry, want alles vat langer as wat jy dink.



Thinus van Staden van Pretoria het die voorbladfoto geneem, die koedoeweergawe van 'n *Men's Health*-model.

Hoe gereeld kom jy in die Kruger? Minstens een keer 'n jaar, maar die droom sal elke maand wees. Dis immers die plek wat nie 'n beskrywing nodig het nie. Jy kan net sê: "Ons gaan wildtuin toe". Almal weet van watter een jy praat.

Waar het jou liefde vir fotografie begin? Fotografie is my terapie, want dit bring 'n besondere bewussyn van lewe in die oomblik. Hoewel ek al jare lank foto's neem, het ek in Desember 2019 'n kopskuif gemaak en fotografie meer ernstig begin opneem. Met verloop van tyd het geleenthede voorgekom vir artikels in tydskrifte. Die keuse van my koedoe foto vir die voorblad is 'n hoogtepunt!

Waar het jy die koedoe foto geneem? In Desember 2020 tydens die Covid-19-pandemie het ons vir 18 dae in die park getoer van Punda Maria tot by Onder-Sabie. Ons het een agtermiddag die S30 van Skukuza na Onder-Sabie gery. Dit was 'n goeie reënjaar en die park was grasgroen. Ons het die koedoe bul duskant die Gabeni-waterrat gevind. Die koedoe is ikonies, en boonop die logo van Sanparke.

Hoekom is Suid-Afrikaners so gaande oor die wildtuin? Die Kruger herinner ons aan hoe die skepping lyk sonder die invloed van die mens. Die ongereptheid bring vrede vir jou siel. Dan is daar die verrassingselement – jy weet nooit wat die dag gaan oplewer nie. Jy kan elke dag dieselfde pad ry, en elke keer sal anders wees. Sekondes later kan anders wees. Dis 'n sensoriese ontploffing!

Wat is jou gunsteling-ruskamp? Kan 'n mens tussen jou kinders 'n gunsteling kies? As ek móet: Punda Maria vir voëls en Onder-Sabie vir diere. Maar elke kamp het sy eie bekoring.

En gunsteling-roete? Wel, die S30, want dit het vir 'n voorbladfoto gesorg! Ek hou ook van die S25 langs die Krokodilrivier, Satara se S100-leeupad, die S92 tussen Olifants en Balule, Shingwedzi se Mphongolo-roete (S56) en die S63 na Crooks' Corner. Elk van die roetes verteenwoordig unieke habitate met voël-, dier-, plant- en boomspesies eie aan die omgewing.



INVADER

Off-Road Campers



Almal se gunsteling kampwa.

www.invader.co.za

NOU TE KOOP



*Soms as die lewe
te veel word, is
'n koppie koffie
en 'n lekker
blokraai al wat
jy nodig het.
Geniet uitgawe 15!*

Jy kan jou eksemplare aanlyn bestel –
gaan na media24shop.com.

EFO- én kredietkaartbetalings-opsies is beskikbaar.
Vir navrae stuur 'n e-pos na verkope@media24.com
of bel 021 406 2205.

Weg! Kruger

REDAKTEUR: WEG PIERRE STEYN
REDAKTEUR: WEG KRUGER 2025 ESMA MARNEWICK
KUNSHOOF LYNNE FRASER
TEKSREDAKTEUR VANIA JOOSTE
KAARTE FRANÇOIS HAASBROEK
MEDEWERKER MIA LOUW

MEDIA24 KORPORATIEF
HOOF: MEDIA24 RAJ LALBAHADUR
WAARNEMENDE FINANSIËLE HOOF: MEDIA24 NELMARIE BEYERS

UITGEWERSPAN MEDIA24 MEDIA
UITVOERENDE HOOF MINETTE FERREIRA
INKOMSTEHOOF NERISA COETZEE
FINANSIËLE HOOF LANA GOLIATH
BEDRYFHOOF EDWINA LYNERS
RISIKO-EN-PRODUKSIEBESTUURDER JACQUES DU PLOOY

REPRODUKSIE
ASSISTENT-BESTUURDER DEWALD SPIES
RETOESJEEERDER RENE NORTJÉ

MEDIA24 MEDIA-ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING
VERKOPEDIREKTEUR BEA VAN DER VYVER bea.vandervyver@media24.com
VERKOOPSBESTUURDER LANI RHEEDER lani.rheeder@media24.com 082 859 0542
VERKOOPSBESTUURDER DANIE NELL danie.nell@media24.com

SLEUTELKLIËNTBESTUURDERS
SUSAN PIENAAR, CHARLENE MEYER, DANIELA DI GIOVANNI, LEONE JACOBS,
NICOLETTE KANNENBERG, RIETTE PEENS, DEBBIE VAN DER MERWE,
SANETHA MEINTJIES, SHARLENE SMITH

KANTOORBESTUURDER ANN DU BOIS
 ann.dubois@media24.com 011 713 9529

MEDIA24: DIVERSE INKOMSTE
HOOF: SAKEONTWIKKELING EN STRATEGIE-ONDERSTEUNING
LISE VAN BREDÁ lise.coetsee@media24.com
GELEENTHEIDSDIREKTEUR FRANÇOIS MALAN
VERTALER EN ADMINISTRIEERDER SANETHA MEINTJIES
ONTWERPER ELAINE SCHOEMAN

CREATE STUDIO
HOOF LAILA MAJIET
KREATIEWE HOOF SANDLASETHU-SIPHE YILANI
REDAKTEUR: SPESIALE PROJEKTE GERDA ENGELBRECHT
PRODUKSIEBESTUURDER CHRISTINE SMITH
SENIOR BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com
BEMARKINGSBESTUURDER SETJHABA MAPHIKE
PROJEKBESTUURDER NAFIESA HOOSAIN

SIRKULASIE
KATEGORIEBESTUURDER IAN GOVENDER ian.govender@media24.com
BEHOEFTEBEPLANNINGSBESTUURDER JANINE SNYMAN
 janine.snyman@onthedot.co.za
AANLYNWINKEL YUMNA TOFEY yumna.tofey@media24.com 021 406 4552

KONTAK ONS
YUMNA TOFEY yumna.tofey@media24.com
KAAPSTAD Weg, Posbus 740, Kaapstad, 8000
JOHANNESBURG Weg, Posbus 785266, Sandton, 2146



MEDIA24

Weg Kruger word uitgegee deur Media24 (Edms.) Bpk.
Heerengracht 40, Kaapstad 8001

Weg! Weskus

2025

RICHTERSVELD

Kom kuier in die klipkoninkryk

KAAP VAN GOEIE HOOP

7 geheime van dié ongewone wildernis

SEDERBERG


Raak hier één met rivierpoel en fynbos

Só kan jy 'n pikkewyn
help – bl. 55



Snoek en jy sal vind!

RSA R145 (BTW ingesluit)
N5145 (Namibie)



*Lekker blyplekke op Velddrif, Hondeklipbaai,
Lambertsbaai, Vanrhynsdorp, Kleinsee,
Port Nolloth, Springbok...*

WEN 4 PUIK RESEPTEBOEKE!

+ top-sjefs deel hulle seekosstories


NOU TE KOOP

Jy kan jou eksemplare aanlyn bestel – gaan na  media24shop.com.

EFO- én kredietkaartbetalingsopsies is beskikbaar. Vir navrae stuur

'n e-pos na  verkope@media24.com of bel  021 406 2205.

Digitaal beskikbaar by  zinio.com of  magzter.com



SÓ WERK DINGE IN DIE KRUGER

SATARA

WAAR BLY EK?

Die Kruger is besig om die blyplekke stelselmatig op te knap. Dit wissel van 'n nuwe kombuisblad en 'n laag verf tot splinternuwe, moderne rondawels en kothuise.

Die nuwe eenhede is gewoonlik grys met grasdakteëls (moenie bekommer nie, dit het steeds riete aan die binnekant). Daar is verskeie redes vir dié besluit: vlermuise, bobbejane en die brandgevaar wat die grasdakke inhou. Die park besluit nog oor die grys kleurskema; gee dus gerus jou terugvoer daaroor.

Sanparke se pryse styg 1 November 2025. Tot dan betaal jy dikwels dieselfde vir 'n opgeknapte eenheid as vir 'n "ou" een.

Waar moontlik, dui dié gids die nommers van die

opgeknapte eenhede aan; vra dus vir spesifieke eenhede.

Soms is van die opgeknapte eenhede nog nie aanlyn beskikbaar nie, maar jy kan hulle wel by Sanparke se sentrale besprekingsnommer of direk by die ruskamp bespreek. (Hierdie was teen druktyd korrek – hou in gedagte dat dinge kan verander namate Sanparke sy stelsel bywerk.)

RUSKAMPE

Die groot ruskampe het 'n restaurant, dag-besoekersterrein, winkels, wassery (bring R5-munte), vulstasie en swembad (behalwe Krokodilbrug).

Die kampterreine in die ruskampe het krag, gemeenskaplike ablusies

met storte en baddens en gemeenskaplike kombuise met tweeplaatstofies, opwasbakke, 'n urn en soms 'n mikrogolfoond.

Behalwe vir Onder-Sabie, Krokodilbrug en Shingwedzi is die staanplekke nie uitgemerk nie. Jy kan nie vooraf 'n spesifieke staanplek bespreek nie, behalwe by Tsendze. Al die blyplekke is selfsorg.

Behalwe vir Punda Maria het elke huisie 'n braaiplek. Die blyplek is netjies en word elke dag skoongemaak, maar dis duur vir wat 'n mens kry. Maar onthou, jy betaal vir boomeekhorings, uile, nagapies en bosbokke en nie vir Egiptiese linne nie.

Ons dui by elke ruskamp die gewildste huise aan. Jy kan nadat jy bespreek het,

die ruskamp bel en 'n spesifieke huis aanvra – daar is kaarte van elke ruskamp op Sanparke se webruimte.


SATELLIETKAMPE

Die vyf satellietkampe **Balule** (Olifants), **Tsendze** (Mopani), **Malelane** (Malelane-hek) en **Tamboti** en **Maroela** (Orpen) is kleiner en stiller maar sonder van die geriewe (swembad, winkel, restaurant, ensovoorts). Tsendze en Balule het ook nie krag nie.


BOSVELDKAMPE

Die ses bosveldkampe, **Bateleur**, **Biyamiti**, **Shimuwini**, **Sirheni**, **Talamati** en **Pafuri-grenskamp** is stil, afgeleë en eksklusief; geen dagbesoekers word toegelaat nie.

Die kampe het dikwels paaie



KRUGER BEPLANNING



IKONE VIR DIE RUSKAMPE

- Brandstof
- Winkel
- Wassery
- Restaurant en wegneemetes
- Swembad
- Wildritte
- Voëlkykritte
- Fietsritte
- Begeleide staptogte
- Bosbraai
- Vakansieprogram vir kinders
- Opelugfliks
- Staproete in die kamp
- Moslem-bidplekke

Kontant beskikbaar
(Sanparke skakel oor na 'n kontantlose stelsel. Van die ruskampe is reeds kontantloos. Jy kan wel kontant kry by winkels, maar net wat beskikbaar is in die kas-register. Net Skukuza het 'n OTM.

en watergate waar ander gaste nie kan uitkom nie. Die verblyf is duurder, maar van die huisies kos dieselfde as van die duurder huise in die ruskampe. Hier is nie meer as 15 kothuise nie en die meeste het 'n skuiling.

Nie almal het Eskom-krag nie, maar dan sorg sonkrag, gas of opwekkers vir ligte, tweekaatsies, mikrogolfoonde, yskaste en warm water – laai liefes jou kamera en slimfoon voordat jy kom. Onthou as jy in die somer kom: Net Pafuri en Shimuwini het 'n swembad en net die Bateleur-kamp se huise het lugversorging, en die res dakwaaiers.

Let wel, hier is nie winkels of restaurante nie – jy kan wel ys en hout koop by ontvangs.

PRIVATE TENTKAMPE

Hier is drie nuwe private tentkampe in die park.

Die **Nkuhlu Tented Camp** is 'n permanente tentkamp reg langs die gelyknamige piekniekplek langs die Sabierivier. Hier is sewe luukse selfsorgsafari-tente (Geen kinders jonger as 12 nie.).

Dit kos vanaf R5220 p.n. vir 2 mense (SAOG-lede).

060 822 5743

nkuhlu.co.za

Untamed Kruger bedryf die **Tshokwane River Camp**, 'n paar kilometer noord van die gelyknamige piekniekplek en die **Satara Plains Camp**. Die tentkampe is net oop van 1 Mei tot 30 September. Elke kamp het 15 luukse en suite-safari-tente. Dit kos R11 900 p.n. vir 2 mense (SAOG-lede).

Dit sluit blyplek, alle etes en drankies en twee aktiwiteite in.

013 591 6004

krugeruntamed.com


VOËLSKUILINGS

Jy gaan nie sommer nader aan die natuur kom as 'n nag in die Shipandani- (Mopani) of Sable-voëlskuiling (Phalaborwa-hek) nie.

Jy mag 'n halfuur voor die hek sluit, intrek en moet soggens binne 'n halfuur nadat die hek (met ander woorde 5 vm. in die hoogsomer) oopmaak, weer verkas.

Jy kan dit net vir een nag bespreek en moet selfvoorsienend wees. Hier's beddens en 'n puttoilet. R1 072 vir 2 en R413 p.p. wat bykom en R206 per kind (slaapplek vir 6 of 9).

KRUGER BEPLANNING



LAAI 'N APP AF

Hierdie apps maak jou ervaring van die Kruger nóg beter – dis propvol ekstra inligting oor die diere, voëls, bome en nog wat. Dis ook 'n goeie manier om die kinders en die ander grootmense in die kar besig te hou.

Kruger Birding by Firefinch (foto bo)

📱 firefinchapp.com

Latest Sightings

📱 latestsightings.com

KrugerExplorer

📱 krugerexplorer.com

KrugerGuide 📱 kruger.guide

Sluit ook aan by "Kruger National Park – The Best Of Kruger"-groep op Facebook waar Kruger-entoesiaste gereeld foto's laai.

PRYSE

Alle pryse is per eenheid/staanplek, en slegs vir die basiese tarief – dis gewoonlik vir 2 mense.

Kinders jonger as 12 bly teen halfprys. Dit beteken dat die aantal mense vir wie jy bespreek, die tarief verhoog. Die pryse in hierdie gids is geldig tot 31 Oktober 2025. Jy kan die nuwe tariewe vir 2025-'26 van 📱 sanparks.org aflaai.



WEET VOOR JY WAAI

TOEGANGSGELD Dagbesoekers én oornagbesoekers moet die daaglikse bewaringsstarief betaal. Koste: R128 p.p. en R61 per kind jonger as 12. Gratis vir Wild Card-houers. 'n Wild Card vir 'n gesin van 4 kos R1 775 en gee jou 'n jaar toegang tot ál Suid-Afrika se nasionale parke.

As jy dus beplan om langer as vier dae in die Kruger te verwy, is dit goedkoper om eerder 'n Wild Card te koop. Dis beskikbaar by al die ontvangskantore.

DAGBESOEKERS Slegs 'n beperkte aantal dagbesoekers word per dag in die park toegelaat. Jy kan jou kaartjie vroeg bespreek sodat jy nie dikbek by die hek omdraai nie. Spesiale besprekings kos R56 ekstra per volwassene en R28 per kind (plus die gewone toegangsgeld).

WAAR BESPREEK EK? Sanparke se webwerf is die beste plek vir besprekings, want hier word alle blyplekopsies in detail uiteengesit.

Jy kan ook sien watter eenhede by

watter kampe beskikbaar is en jy kry 5% afslag as jy aanlyn bespreek.

Jy kan ook per telefoon, gewone pos of in persoon bespreek: ☎ 012 428 9111

📱 sanparks.org (klik op 'Book your trip');

📧 reservations@sanparks.org

WAT VAN PENSIOENTREKKERS?

Mense ouer as 60 kry afslag op verblyf en wildritte in die park. Dit wissel tussen 20% tot 40% afhangende van die seisoen en ruskamp. Van 14 Oktober tot 28 November kry pensioentrekkers byvoorbeeld 40% afslag by die Mopani-ruskamp en Sirheni-bosveldkamp!

Let wel die afslag geld nie vir naweke en langnaweke nie. Jy moet telefonies bespreek.

MALARIASAKE. Die park is in 'n lae-risikogebied, maar dis steeds raadzaam om medikasie te gebruik (asook muskietafweermiddels). Indien jy simptome toon soos hoofpyn of koors, moet jy dadelik 'n dokter gaan sien.

WAT BETEKEN DIE KODES?

Die blyplekke word op die webruimte aangedui met 'n spul kodes wat verwarrend kan wees. Hieronder verduidelik ons 'n paar basiese riglyne om jou blypleksoektog te vergemaklik.

V dui aan die blyplek het 'n uitsig of is op die rand van die ruskamp, Z dui aan dis rolstoelvriendelik en die getal dui die aantal slaapplekke aan. As julle 'n gesin van vier is en daar is net BD3-huthuise beskikbaar, bespreek dit – by die meeste ruskampe kan jy by ontvangs betaal vir 'n ekstra kind. By van die ruskampe sal die personeel 'n ekstra matras en beddegoed bring. Eerste hier word eerste gehelp: bring dus jou 'n slaapsak en matrassie vir ingeval. Dit geld nie by al die ruskampe nie, maak dus vooraf seker. Olifants het byvoorbeeld geen ekstra matrassie nie.

EH- en ES-hut

Eenvertrekronawels of net 'n ry kamers langs mekaar met gemeenskaplike geriewe. Die hutte het meestal 'n yskas en 'n dakwaaier, maar maak doodseker wanneer jy bespreek.

Hier is nie breek- of messegoed nie (by Onder-Sabie het van die eenhede dit wel). Jy kan dit by ontvangs teen R50 per boks huur. Die gemeenskaplike kombuise het tweeplaatstofies, wasbakke en 'n urn (onthou 'n warmwaterfles). Soms is hier mikrogolfoonde, maar moenie daarop staat maak nie. Bring 'n wasbak- en badprop saam.

Koste Vanaf R600 vir 2 mense per nag.

BG- en BE-huthuise

Eenvertrekronawels met 'n yskas, 'n badkamer en 'n gemeenskaplike kombuis.

Koste Vanaf R1 440 vir 2 mense per nag.

BD-, BA-, BN-huthuis

Ten volle toegeruste een- of tweevertrekronawels met 'n badkamer en kombuis. Die kombuis is op die stoep (soms toegebou).

Koste Vanaf R1 700 vir 2 mense per nag.



CTT- en LST-safariente

Wissel tussen 'n tent met 'n yskas en braai-plek tot 'n luukse ten volle toegeruste tent met badkamer, kombuis en 'n houtdek.

Koste Vanaf R895 vir 2 mense per nag.

Gesins- of gastekothuise

Ten volle toegeruste kothuise met aparte slaapkamers, kombuis, badkamer en leefvertrek word aangedui met 'n verskeidenheid kombinasies wat begin met F of G. Hulle is groter, verder uitmekaar en meer privaat. En heelwat duurder. Gastekothuise het meer as een badkamer.

Koste Vanaf R2 800 vir 4 mense per nag.

Gastehuise

Die gastehuise is peperduur. Die meeste van die huise se dekor dateer uit die tagtigs. Jy betaal dus vir 'n eersteklas ligging en privaatheid.

Let wel Wild Fig (Skukuza), Nshawu (Olifants) en is opgeknop en lyk soos fênsie lodges.

Koste Vanaf R7 600 vir 6 mense per nag.

i Vlieg Pleks van Ry

As tyd en verlofdae knap is, oorweeg dit om te vlieg. Daar is 'n lughawe op Skukuza (bl. 77) of jy kan na die Eastgate-lughawe op Hoedspruit of die Kruger-Mpumalanga- internasionale lughawe vlieg. Laasgenoemde lê oos van die R538 tussen Mbombela en Witrivier. Pryse wissel na gelang van seisoen en hoe lank vooruit jy bespreek, maar in die algemeen is dit goedkoper om na die Kruger-Mpumalanga-lughawe toe te vlieg. 'n Retoerkaartjie van Kaapstad kos gemiddeld vanaf R5 500 Hoedspruit toe en R2 700 na Kruger-Mpumalanga toe.



HOE BEPLAN EK?

Om 'n vakansie in die Kruger-wildtuin te beplan kan oorweldigend wees. Wat is vir jou die belangrikste – wil jy die Groot Vyf afmerk, wil jy die bos ervaar of soek jy iets wat die hele gesin gelukkig hou. Hier is die beste kampe vir...

S41, NA DIE S100-AFDRAAI

ROOFDIERE

Dié kampe is in soetweiding-streke en naby riviere, wat blaar-en grasvreters lok, wat roofdiere by dosyne lok, wat aasdiere en -voëls lok...

Satara, Onder-Sabie, Krokodilbrug, Skukuza en Orpen

VOËLS

Die noorde is die beste voël-kykgebied in die park – die omgewing is die suidelike grens vir baie afro-tropiese voëls wat algemeen voorkom noord van die Limpopo, maar skaars is in Suid-Afrika. In die somer is die trekvoëls al hier.

Punda Maria, Mopani, Shingwedzi en Letaba

'N KNAP BEGROTING

Dis verreweg die goedkoopste om te kamp, maar nie almal is kampeers nie. Hier is verskeie kampe wat goedkoper hutte of safaritente het. Jy sal wel eet- en kookgerei moet saambring en 'n badkamer en kombuis deel.

Krokodilbrug, Pretoriuskop, Skukuza, Tamboti, Balule, Letaba, Shingwedzi en Onder-Sabie

KAMP

Dié kampterreine word goed onderhou, en het baie staanplekke langs die draad. Behalwe vir Tsendze, Maroela en Balule het dié kampterreine geriewe soos 'n swembad, restaurant, wassery...

Shingwedzi, Letaba, Satara, Berg-en-Dal, Maroela, Tsendze en Punda Maria

STILTE

Die groter ruskampe is bedrywig en toe die blyplekke destyds gebou is, was afsondering en privaatheid nie hoog op die lys nie. Toe wou besoekers net saamkuier!

As jy na 'n rustige boservaring hunker, oorweeg die boskampe of doen 'n wildernisstaproeite (net agt stappers op 'n slag). Die ruskampe in die noorde is wel stiller.


Punda Maria, Shingwedzi, Mopani, Tsendze, Orpen, Tamboti, Maroela en Balule

KINDERS

Geen van die groot ruskampe is kinderónvriendelik nie, maar dié ruskampe het groot swembaddens met 'n plonspoel vir die kleinspan met hulle vlerkies, grasperke, opelugfliëks en aktiwiteite tydens skoolvakansies.

Letaba, Satara, Shingwedzi en Berg-en-Dal





MPHONGOLO-STAPROETE

WILLEM VAN DER BERG

VIR STAPPERS

Daar is verskeie maniere om die park te voet te verken, maar let wel, jy kan nêrens in die Kruger op jou eie aanstryk nie – jy word altyd deur gidse vergesel. Hier beteken “stap” om die veld te verken en meer oor die natuur te leer. Van die ruskampe het ’n kort roete teen die draad langs. Dit word aangedui deur 

Al die ruskampe bied elke dag oggendstappies aan.

Koste Oggendstappie vanaf R726 p.p. Olifants het ’n rivierstap teen R424 p.p. en Letaba en Skukuza ’n middagstappie teen R580 p.p.

As jy in die veld wil oornag, oorweeg een van die drie **rugsakroetes** (**Lonely Bull**-, **Mphongolo**- en **Olifants**) waar jy alles self moet saamdra of, as jy van jou geriefies hou, bespreek een van die sewe **wildernisroetes** (**Boesmans**, **Wolhuter**, **Mathikithi**, **Sweni**, **Napi**, **Olifants** en **Njalaland**) waar jy elke dag van ’n netjiese tentkampie af die veld verken.

Albei die uitstappies is vier dae en drie nagte lank.

Koste Rugsakroetes vanaf R4 018 p.p. Wildernisroetes vanaf R12 502 vir 2 mense.

Kontak Jy kan die roetes op Sanparke se aanlynportaal ( sanparks.org.za – klik op ‘Book your trip’) of by  012 428 9111 bespreek.

Die kersie op die koek is die **Kruger Trail** wat deur die Sanparke-ereveldwagters bestuur word. Die roete strek oor 650 km van Crooks’ Corner teen die Limpoporivier tot by die Krokodilrivier, en ’n mens stap dit oor drie jaar in ses skofte van sowat 100 km elk. Stappers bie elke jaar op ’n veilig vir ’n plek op die roete – vanjaar se aanlynveiling is op 23 Oktober.

Kontak  082 929 0244 (Louis Lemmer);  the.krugertrail.com

WAT MAAK DIE EREVELDWAGTERS?

Die Kruger se ereveldwagters bied verskeie uitstappies in die park aan, onder meer ’n vier dae lange uitstappie na die Nyarhi-boskamp. Die kamp, naby die S142 noordwes van Mopani-ruskamp, is basies en twee gidse vergesel julle elke dag op velduitstappies. Jy moet heeltemal selfvoorsienend wees. Dit kos R35 100 vir 8 mense (geen kinders jonger as 12). Bergfietsryers kan die vier dae lange Mafunyane-bergfietsroete oorweeg. Dit kos R96 000 vir 6 mense, R16 000 p.p. (die prys sluit blyplek, etes en gidse in). Die wins word gebruik vir bewaringsprojekte in die park.

Gaan loer gerus op  sanparksvolunteers.org na wat die organisasie alles doen – dalk besluit jy sommer om aan te sluit!

Rhinoman CANOPIES



*Hoofbeeld toon die
Rhinoman Xpedition-kap.

- ✓ Goedgekeur deur alle groot OEM voertuig handelsmerke
- ✓ Vervaardig teen motorbedryfsstandaarde
- ✓ Legendariese duursaamheid
- ✓ 2 Jaar-vervaardigerswaarborg



XTREME KAPPIE



XPEDITION KAPPIE



LX KAPPIE

+ (27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | www.rhinoman.co.za

BESKIKBAAR
BY:

Rhinoman

BEEKMAN
EXPERIENCE LIFE WITH STYLE



BushCoOverland
South Africa

**CANOPY
CENTRE**
CANOPY - LIPPER - BEKLENNING

EKOSONES

Dis goed om die verskillende ekosones in die park te ken. Dit gee jou 'n beter idee waar jy sekere diere (of meer diere) kan verwag. Hier is die belangrikstes:

1 Sandveld Hierdie sanderige grond is bekend vir sy plantdiversiteit. Dit word ook gekenmerk aan dramatiese sandsteenrante en riwwe in die noorde van die park.

2 Boswêreldsavanne op leiklip Vaderlandswilgoude en doringruigtes. Wees op die uitkyk vir Sharpe se grysbok, njalas en luiperds.

3 Bossavanne Afhangend van die grondsoort kom mopanie voor in boom- of verdwergde bosvorm. Olifante en buffels hou van hierdie veldsoorte.

4 Oop struiksavanne Hierdie veld bestaan meestal uit mopaniestruikveld. Wild is skaars, maar jy sal hulle by watergate sien.

5 Mopanieboswêreld op graniet Hierdie is suurveld en die wild hou nie veel van dié grasse nie. Jy gaan min wild sien.

6 Bosveld en soetweiding Kolle knoppiesdoring- en maroelabome en die gepaardgaande weiding lok 'n verskeidenheid vlaktewild.

7 Lebomboberg Hierdie habitat sluit heuwels, boswêreld en kolle rivierwoud in.

8 Olifantsroggeveld Gemengde grasveld, bosveld en doringveld wat gras- én blaarvreter lok.

9 Savannegrasveld op basalt Hierdie soetweiding is gewild onder die groot roofdiere omdat hier groot troppe wildsbokke hou.

10 Gemengde boswêreld op granietkoppe Golwende heuwels met doringbome, afgewissel deur soetweiding.

11 Boswêreld en doringruigtes Digte bossavanne met baie wild, ook omdat dit naby die Sabie en Krokodilrivier lê.

12 Pretoriuskop-suurveld Granietkoppe met silwertrosblaar, sekelbos, boswilg en suurveldgrasse. Soek koedoes en selfs rooibokke.

13 Malelaneberg Granietheuwels met knoppiesdoringsoetveld. 'n Goeie gebied vir wildehonde en renosters.

14 Oewerplantegroei Hier groei groot bome langs al die standhoudende riviere wat dit 'n geskikte habitat maak vir luiperds, en 'n verskeidenheid voëls.

TOPVYF: PAAIE VIR ROOFDIERE SOEK

- ① S100 oos van Satara
- ② H7 tussen Orpen en Satara
- ③ S1 tussen Skukuza en Phabeni-hek
- ④ Sabierivierpad, tussen Skukuza en Onder-Sabie
- ⑤ S28- en H4-2-pad tussen Krokodilbrug en Onder-Sabie

TOP-VYF: PLEKKE OM VOËLS TE KYK

- ① Pafuri-piekniekterrein
- ② Luvuvhurivierbrug
- ③ Kies tussen die restaurantdek of Sunsetdam
- ④ Lake Panic-voëlskuiling
- ⑤ Pretoriuskop-ruskamp




VERKEN EINDELOSE MOONTLIKHEDE

IN DIE MEDIA24 WINKEL!

Jou eenstopwinkel
vir boeke, raaisels,
tydskrifte en meer!

Van boeiende leesstof en
prettige raaisels tot reisgidse
en resepteboeke, ons het iets
vir almal. Of jy jou volgende
avontuur wil beplan,
watertand-disse voorberei, of
met jou gunstelingtydskrifte
ontspan, jy sal dit alles op
een plek kry.



SHOP \ MEDIA24
#BARGAIN24

HOEKOM BY ONS KOOP?

- 1 'n Wye verskeidenheid van die **top-tydskrifte in SA**
- 2 Eksklusiewe aantyn **afslag**
- 3 **GRATIS aflewering** met die kode **#Bargain24**

BESOEK
MEDIA24SHOP.COM



Vinger op die knoppie

Of jy nou 'n groentjie met 'n mik-en-druk of 'n beroepsfotograaf is, niemand kan 'n lui vakansie in die Kruger hê nie. Hier is iets om elke rivierkronkel en koppie om af te neem.

➤ EINA!

Annemarie du Plessis

Vroegoggend by die Tshokwane-piekniekplek vertel toeriste van 'n ystervarkkarkas in 'n kierieklapperboom sowat 4 km suid.

Ons het dadelik in die kar gespring en soontoe gery. Waggies, daar lê 'n luiperd in die mik van 'n tak met die ystervark, of wat daarvan oor was. Skielik het hy uit die boom gespring en in die pad af gestap.

Dis eers toe dat ek die twee ystervark-penne in sy wang gewaar, 'n klein opoffering vir 'n heerlike versnapering.

TOERUSTING Canon EOS 6D-kamera;

Canon RF 70-200 mm-lens

VERSTELLINGS Sluiterspoed 1/1600ste van 'n sekonde; lensopening f4.5; ISO 1 000

 annemarie_du_plessis







▲ NOENONTBYT

Annemarie du Plessis

Ons het vroegoggend van Satara af op die S126 op 'n trop buffels afgekom. Hierdie buffel het rustig gevreet en al hoe nader aan die pad beweeg. Hy het gemik in die rigting van 'n effense hoogte, wat my die ideale invalshoek sou bied. 'n Halfuur later was die buffel op presies die regte plek, en ek gereed met my lens. Ek het oorbelig en vir die perfekte oomblik gewag.

TOERUSTING Canon EOS 5D-kamera;

Canon EF 17-40 mm-lens

VERSTELLINGS Sluiterspoed 1/200ste van 'n sekonde; lensopening f5.6; ISO 100

► EK SLAAN MY OË OP NA DIE BERGE

Annemarie du Plessis

'n Leeutrop het naby die Girivana-waterrat wes van Satara langs die pad in die gras gelê en 'n blouwilbeeskarkas 'n ent verder in die veld. Ek het die wyfie naaste aan die pad dopgehou toe 'n reusereier bo-oor hulle vlieg. Toe sy opkyk, was ek gereed vir die skoot! Sy was natuurlik waaksaam vir aasvoëls. Ek moes 'n baie hoë ISO-stelling gebruik omdat die son nog nie op was nie.

TOERUSTING Canon EOS 5D MK. IV-kamera;

Canon EF 500 mm-lens

VERSTELLINGS Sluiterspoed 1/400ste van 'n sekonde; lensopening f4.0; ISO 3 200







◀ SKUD JOU VERE!

David Cox

Ek het vroegoggend langs die Shitlavedam gesit en die omgewing bespied toe ek hierdie bontvisvanger op 'n dooie tak gewaar het.

Terwyl ek na die voël gemik het, het hy opgevlieg en 'n entjie weg in die lug gehang en op die water gefokus. Ek het later weer na die tak gekyk, want bontvisvangers sal dikwels terugkeer na die tak waarvandaan hulle gevlieg het – my gevoel was reg!

TOERUSTING Canon 5D MK. 4-kamera; Canon 100-400 mm IS-zoemlens
VERSTELLINGS Sluiterspoed 1/2 000ste van 'n sekonde; lensopening f5.6; ISO 800

▲ KRULKOP

Stu Bowie

Ek is 'n ywerige fotograaf en het gehoor dat die Punda Maria-omgewing die enigste plek in die park is waar kuifkoptarentale voorkom. Ons het in 'n Desemberavansie in die ruskamp gebly.

Een middag gewaar ek twee van die voëls wat in die ruskamp se kampterrein skrop. Dit was al reeds aan't donker word en ek het gesukkel met die sluiterspoed en velddiepte. Hierdie was die enigste mooi profiel uit vele probeerslae.

TOERUSTING Canon 1D Mk. IV-kamera;
 Canon 300 mm-f2.8-lens

VERSTELLINGS 1/100ste van 'n sekonde;
 lensopening f4.5; ISO 640

stubowie1



MA SE KIND

Rian Boshoff

Ek het geweet dat een van die dominante luiperdwyfies in die Shingwedzi-omgewing in 2019 geboorte geskenk het. Sy was een van my gunsteling en ek het meer as 'n jaar na haar welpie gesoek. Een middag laat in Desember 2020 het sy midde die lang gras op die S56 verskyn. Sy het my stip in die oë gekyk en teen die rivieroewer opgespring waar sy toe gaan lê het. Ek kon haar vir 'n halfuur lank dophou terwyl die son sak. Elke nou en dan sou sy omkyk amper asof sy vra: "Is jy nou tevrede?"

TOERUSTING Canon 70D-kamera; Canon 300 mm-f2.8-lens

VERSTELLINGS 1/400ste van 'n sekonde; lensopening f2.8; ISO 400

 rianboshoff



▲ HOU VAS!

Thinus van Staden

Ons het vroegoggend van Berg-en-Dal af oos op die S25 al langs die Krokodilrivier af gery. Dit was 'n stillerige oggend in 'n droë Kruger. Ons verbasing was groot toe 'n seekoeibul uit die noorde uit na die rivier toe aangestap kom. Hy het stadig begin hardloop, maar halfpad besluit dat hy nou nie eintlik beïndruk is met ons daar nie. Hy verslap toe tot 'n draffie, maar het in 'n stadium van rigting verander en direk op ons afgepeil. Die kinders se gille en die stilstaande voertuig moes hom oortuig het dat ons geen bedreiging inhou nie, en hy het weer van rigting verander en voor ons voertuig verbygehardloop. Die rooibekrenostervoël het met elegante maneuvres dit reggekry om op die seekoei se rug te bly!

TOERUSTING Canon R6-kamera; Canon 500 mm-lens

VERSTELLINGS 1/20 00ste van 'n sekonde; lensopening f6.3; ISO 800

 [thinusvanstadenfotografie](#)





▲ MA, EK'S VERVEELD

Thinus van Staden

Een van ons gunsteling-paaie in die Kruger is die S30. Ons sien gereeld luiperds en jagluiperds op hierdie pad op die oostelike oewer van die Sabierivier. Op 'n bewolkte middag het ons 'n trop bobbejane opgemerk wat in 'n droë boom sit. Hulle het maar bra verveeld gelyk. Sommige het geslaap en ander het vlooië gekrap. Ek hou van die kontras tussen die lustelose figure teen die donker, onrustige wolke in die agtergrond.

TOERUSTING Canon 6D-kamera; Canon EF 100-400 mm-lens

VERSTELLINGS 1/2 000ste van 'n sekonde; lensopening f5.6; ISO 1 600

Die eerste vrou in die veld

In 2001 is **Karien Desmet** permanent in die Krugerwildtuin aangestel. Sy was net 21 jaar oud, die jongste en eerste vrou wat nog ooit as 'n veldwagter in die park aangestel is.

TEKS **ESMA MARNEWICK** FOTO'S **MIA LOUW**

“**D**it was 'n onmoontlike droom wat waar geword het. Vandat ek kan onthou, wou ek 'n veldwagter word.

“My pa, Gert Loubser, was 'n natuurbewaarder by die Transvaalse provinsiale administrasie (deesdae Limpopo se departement ekonomiese ontwikkeling, omgewing en toerisme). Hy het 'n klomp ou plase in reservate omskep, waaronder die Witvinger- en die Manombe-natuurreservaat.

“Ons het onder meer op Giyani en Potgietersrus (Mokopane) grootgeword. My pa het altyd iewers op 'n reservaat gebly en dan het ons vakansies daar gaan kamp. Bedags het ons saam met hom in die veld gery en wild gevang. Ek het my eerste rooibok op een van die reservate geskiet toe ek in st. 5 (gr. 7) was.”

Karien het natuurbewaring aan die Technikon Pretoria gestudeer. Na twee jaar van voltyds klasloop het sy haar derde praktiese jaar op Skukuza voltooi.

“Jy kry 'n klein salaris en ry meestal nagwildritte. Ek was gelukkig om na die jaar aan te bly, maar as 'n veldgids. Dis nie eintlik wat ek wou doen nie. Jy's heeldag doenig met mense en ek is maar menssku.

“Toe gebeur Operation Prevail, Sanparke se grootskaalse herstrukturingsplan, en ek doen

aansoek vir 'n afdelingsveldwagterpos. Daar was tien poste en honderde aansoeke. Almal het gesê ek vat 'n kans. Dis net vir mans. Daar was nog nooit 'n vroueveldwagter in die Kruger nie. Die onderhoud was moeilik. Dit het gevoel asof ek nie 'n woord kon uitkry nie.

“Die bestuur het bloot 'n e-pos gestuur met die name van die mense wat die poste gekry het. Die dag toe ek daardie e-pos oopmaak en my naam sien, was die beste dag van my lewe.

“Afdelingsveldwagter is dié werk in die Kruger. My afdeling was Vlakteplaas – dis afgeleë, net noord van Shingwedzi, maar ek het nie omgee nie. Ek sou na enige plek in die park gaan.”

Veld en kantoor

“Op Vlakteplaas het die streeksveldwagter my ingeroep en gesê: ‘Jy's nou onder die vergrootglas. Almal hou jou dop om te kyk of jy dit gaan maak.’”

“Ek het my eie huis gehad en daar was woonkwartiere vir die ander personeel. Daar was geen krag nie, net 'n opwekker. Ek was op die ou einde vier en 'n half jaar op Vlakteplaas. Dit was nog beter as wat ek gedink het dit sou wees.

“Natuurlik was daar kritiek. Mense was skepties. Hulle het nie

gedink 'n vrou kan dit maak nie.

Die beeld van 'n veldwagter is dié van 'n groot, sterk man. Nie 'n jong, maer meisietjie nie. Maar ek het ingespring en saam met my personeel gewerk. Dag in en dag uit het ek saam met hulle veld toe gegaan en gedoen wat hulle gedoen het.

“Ek het 'n goeie korporaalgahad, Isaac Hlungwane, hy is nou 'n sersant. Al het hy aan my rapporteer, was hy my mentor. Hy het die veld goed geken en die eerste paar jaar het hy my soveel geleer: hoe om windpompe reg te maak, spoor te sny, brande te bestry...

“Elke afdeling is anders, maar die posbeskrywing bly dieselfde. Jy bestuur basies 'n plaas met natuurbewaring as mandaat. Watergate en windpompe moet onderhou word. Daar word elke dag patrollie gedoen. Jy moet presies weet waar die renosters is. Daar is sekere *hotspots* waar stropers aktief is.

“'n Patrollie kan enigiets op-lewer. Dalk loop die veldwagters niks verdags raak nie, of hulle kry spore, 'n karkas, 'n dier in 'n strik. Wetstoepassing is ook deel van ons werk – ons moet boetes en dies meer uitskryf en gaste hanteer wat laat by die hek aankom.

“Jy bring ook baie tyd in 'n kantoor deur. Jy moet jou mense bestuur, administrasie doen, vergaderings hou. Daar is maar politiek.”



Karien en haar oprechte Arabiese perd, Nebuccu.

“Stropery is verreweg die grootste uitdaging. In die beginjare het ons die meeste van ons aandag aan natuurbewaring gegee met af en toe ’n stropery-insident. Maar van 2008 af het dit al hoe erger begin raak. In 2010 moes ons soos ’n weermag begin optree. Dag in en dag uit moes ons stropers jaag. Jou *kit* het altyd reggestaan.

“’n Teenstropery-operasie is harde werk – jy volg heeldag die stropers se spoor, ook op snikheet dae of in die reën. Helikopters en honde word ingespan. ’n “Full House” is ’n groot sukses, dis wanneer jy die stropers vastrek met ’n vuurwapen en die byl waarmee hulle die horing afgekap het.

“Maar al trek jy net ’n stropers vas, is dit steeds bevredigend. Jy weet jy het ’n verskil gemaak – daar is een minder wapen in die sisteem; jy het vir ’n renoster tyd verseker.

“Mense het ’n wanindruk oor wat dit verg om ’n veldwagter te wees – hulle dink dis ’n romantiese werk waar jy heeldag in die natuur stap en met diere werk.

“Veldwagters aanskou vreeslike tonele. Veral langs die westelike grens word baie strikke gestel. Dis anders om ’n foto van ’n gestroopte renosterkoei te sien as om langs een te staan, met ’n wees renosterkalfie by haar wat met ’n panga gekap is. Dis verskriklik. ’n Mens dink jy moet fisiek sterk wees, maar jou geestes-toestand moet net so sterk wees.

“Die park sukkel om vroue-veldwagters te kry. Die eensameheid en die grusame tonele eis hulle tol. En dis moeilik om ’n gesinslewe te hê.”

Die lewe van ’n veldwagter

Karien het ná vier jaar op Vlakteplaas na die Mahlangeni-afdeling geskuif – dis amper nóg meer

afgeleë. Dis waar die Letaba- en die Klein-Letaba-rivier saamvloei. Sy is getroud met ’n staatsveearts en hulle eerste kind, Jasper, is gebore terwyl sy op Mahlangeni gestasioneer was.

“Ek het ’n huishulp gehad, maar hy moes maar saamry veld toe. Met die tweede een was dit makliker en die derde een het haarself grootgemaak.

“Ek het van Mahlangeni- na die Phalaborwa-afdeling geskuif juis vir die skole. Die veldwagterspos is by die gelyknamige hek. My kinders kon dus uit die huis skoolgaan. Baie ander wildtuinkinders moet na ’n koshuis op Phalaborwa gaan.

“’n Vrou kan al die passie en wilsrag hê, maar waar gaan jou man werk of jou kinders skoolgaan? Dis woens om ’n ma en veldwagter te wees. Dis sport, rondry en eksamens. Ek weet nie hoe ek dit doen nie, ek doen dit net. Jy moet maar mense kry om te help met die op- en aflaai. Soms is jy laat vir goed.”

Karien is intussen geskei en het in 2023 getrou met Andrew Desmet, wat nou Mahlangeni se afdelingsveldwagter is. Hulle het vier skoolgaande kinders en twee huise. Isabel, die jongste, is 11, Sebastian en Rachel is in gr. 8 en gr. 11 in Merensky Landbou Akademie op Tzaneen. Jasper is ook in gr. 11 in Hoërskool Frans du Toit op Phalaborwa.

“My gesin kan dikwels nie goed saam doen nie. As ek en Andrew saam op verlof is, is daar twee minder afdelingsveldwagters in die streek.

“As ons wel op vakansie gaan, is dit gewoonlik na ander parke toe: Golden Gate, Addo, Agulhas en veral Kaap Vidal. Ons wittebroodsreis was in Kaapstad, en ons het na Spoegwolf en Jeremy Loops op Stanford gaan luister. Ek gaan nou en dan na ’n *mall* toe en

hou van mooi goed, en van skoene. Ek het baie skoene. Nou nie hakke nie, maar vellies en stewels.

“Te midde van die uitdagings is daar geen ander plek waar ek wil wees nie. Dis wonderlik om in die wildtuin te bly en te werk. Die meeste van die tyd voel dit nie soos ’n werk nie.

“Ek is lief vir die natuur, die bome, die diere, al die klein goedjies. Jy weet al: Hierdie tyd van die jaar word die babaroobokkies gebore, dan die vlakvarkies. En dan kom die mopaniewurms. En die eerste reën wat kom. Voëls wat terugkeer.

“Daar is eenvoudig nie ’n ander plek op aarde soos die wildtuin nie.

“Die beleid en die bestuur kan verander, maar die wildtuin sal nooit verander nie.”



Cowboys in die wildtuin

Terwyl jy na die Groot Vyf soek, wees ook op die uitkyk vir 'n veldwagter op 'n perd! Karien was van kindsbeen af mal oor perde en het in 2017 'n perde-patrollie-eenheid op die been gebring.

“Perde is ongelooflik. Jy kan meer kilometers dek, verder sien, nader aan diere kom en 'n perd sit nie vas in die modder nie. Hy het 'n ingeboude GPS. Hy kry die huis as hy moet. En stropers verwag dit nie – dit vang hulle onkant.”

Karien het 'n ou groentetuin in perdestalle omskep en vyf van haar personeellede opgelei. Die perde-eenheid is al agt jaar oud en tot dusver was daar nog geen gevalle waar 'n perd of 'n ruiter aangeval of beseer is nie.



TREVOR KLEYN

So lyk die wildtuin se “provinsies”

Die wildtuin is in vier streke verdeel – Nxanatseni-Noord, Nxanatseni-Suid, Marula-Noord en Marula-Suid. Die streke word elk deur 'n streekveldwagter bestuur. Die streke is verdeel in 22 afdelings wat deur 'n afdelingsveldwagter bestuur word: Pafuri, Punda Maria, Vlakteplaas, Shangoni, Woodlands, Shingwedzi, Mahlangeni, Mooiplaas, Letaba, Olifants, Phalaborwa, Satara, Kingfisherspruit, Skukuza, Pretoriuskop, Houtboschrand, Tshokwane, N'wanetsi, Onder-Sabie, Krokodilbrug, Stolsnek en Malelane. Elke afdelingsveldwagter bestuur 'n span wat bestaan uit 'n sersant, korporaal, lanskorporaal, veldwagters en arbeiders.

Die veldwagters se gesigte is vir hulle veiligheid verdof.

'n Redder van renosters

Cathy Dreyer beklee een van die uitdagendste poste in natuurbewaring: hoofveldwagter van die Krugerwildtuin. Haar moeilikste taak is om die park se renosters én veldwagterskorps te beskerm.

TEKS **ESMA MARNEWICK** FOTO'S **MIA LOUW**

Op Kersdag laasjaar het Cathy Dreyer nie aan-gesit vir skaapboud en klappergrappies nie; sy en haar span het wees renosterkalfies gered. Nuwejaarsdag het hulle nóg een na 'n veilige plek verskuif. In Desember 2024 is 21 renosters in die Kruger gestroop en in Januarie is nog 17 doodgemaak.

“Dis moeilik om die spanne gemotiveerd te hou,” erken sy. “Ons word van alle kante af gekritiseer. Mense wil weet waarom die stropery nog nie gestuit is nie; waarom ons nie méér doen nie. Die veldwagters is vodde.”

Ná jare se afname in stropings-gevalle het die syfer in Desember skielik geklim. En Cathy – wat in 2021 as die park se eerste vroue-hoofveldwagter aangestel is – bevind haarself in die middel van dié krisis.

“Mense dink dit is wonderlik om die Kruger se hoofveldwagter te wees,” sê sy, “jy vlieg lekker in helikopters rond en vang wild...”

Maar dis meer kantoorwerk; 'n strategiese rol. Sy moet seker maak die nodige stelsels is in plek, die veldwagterskorps ('n span van 400 mense) bestuur, asook die K9- en ander spesiale operasionele eenhede.

Die media fokus op die grusame tonele van verminkte renoster-karkasse, maar die emosionele tol wat dit van haar span eis, word dikwels misken. “Om sulke slagtings te aanskou, om in gewapende kon-frontasies betrokke te wees... in 2018 het 'n stropers 'n veldwagter om die lewe gebring. My werk is om seker te maak dat ons mense opgelei is vir sulke situasies. Die rol van 'n veldwagter het aansienklik verander, en daar's min mense wat sal kans sien om te doen wat ons veldwagters moet doen.”

Vir iemand wat nog altyd eerder met diere as mense gewerk het, het dié leiersposisie 'n noemenswaardige kopskuif geveg. “In vorige posisies was ek meer *hands-on*. Nou doen ek steeds bewaringswerk, maar op 'n ander vlak – een van waar ek verandering probeer teweegbring.”

Van die Kaap na die Kruger

Cathy het in Kaapstad grootgeword en van jongs af geweet dat sy eendag iets praktieks in die buitewêreld wou doen. Ná 'n kursus in natuurbewaring aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van

Tegnologie het sy in 1998 haar praktiese jaar in die Addo-olifant-nasionale park voltooi.

Na Addo se suksesvolle teel-program met oostelike swart-renosters ('n subspesie van Oos-Afrika), moes die diere weer in hulle lande van herkoms gevestig word. Cathy was deel van die span wat die renosters moes vang en het daarvoor boma-opleiding ondergaan. Voordat renosters verskuif word, moet hulle in beskutte kampies (bomas) akklimatiseer; dit verminder stres wanneer die diere vir tot 50 ure aaneen na plekke in Tanzanië en Malawi vervoer word.

Cathy het by die wildsveearts dr. Pete Morkel die fynere kunsies van renosterversorging geleer. “Jy sit ure lank vir die renosters en voorlees sodat hulle jou stem gewoon kan raak. Party raak só mak, hulle vreet uit jou hand. Renosters is ongelooflik intelligent. Hulle weet waar die kos en vertroosting vandaan kom, maar die oomblik wanneer jy die diere vrylaat, is daardie band iets van die verlede. En dis 'n goeie ding – hulle moenie aan mense gewoon raak nie.”

Ná haar jaar by Addo het Cathy

na Sanparke se wildveeartseenheid in Kimberley verskuif. “Ons het agt maande per jaar op die pad deurgebring, op reis van die een park na die volgende,” vertel sy.

In daardie tyd het die eenheid onder meer al die diere van die ou Vaalbos- nasionale park na die nuwe Mokala- nasionale park verskuif – sowat 2 000 stuks!

“Ná 13 jaar het ek besef ek moet nou seker grootword. Ek kon nie langer in ’n tent leef met g’n besitting op my naam nie. Toe aanvaar ek ’n pos as bewaringsbestuurder by die Groot-Visrivier-natuurreservaat.”

Daar was sy aan hoof van renostermonitering en wets-toepassing, en het die eerste keer ’n stroping beleef. “Ons het elke swartrenoster op die naam geken: Fike, Brad, Wendy...”

In 2017 het Sanparke haar gevra om ’n monitorprogram vir swartrenosters in die intensiewe beskermingsgebied in die suide van die wildtuin te vestig.


Twee jaar later, toe die befond-sing opdroog, het sy haar rol as bewaringsbestuurder hervat, dié keer by Addo. Maar skaars 18 maande later het Sanparke haar weer genader – dié keer met die aanbod van die hoogste veldwagterpos.

Bou karakter teen korrupsie

Dié pos het van meet af aan meer as slegs ’n teenstropingstrategie behels.

Cathy se grootste uitdaging was om die veldwagterskorps se integriteit en hulle geloof in hulleself te herstel. In onlangse jare was daar heelwat gevalle van wagters wat by stroping betrokke was: In 2024 is twee ’n vonnis van 20 jaar opgelê, en ’n voor-





OM TE ONTHORING OF NIE?

Die meeste van die Kruger se renosters is teen hierdie tyd reeds onthoring. Dis 'n tydwende maar effektiewe maatreël waarmee die park in 2021 begin het. Teen 2024 het die aantal jaarlikse stropingsgevalle van meer as 200 na 88 gedaal.

Om 'n renoster te onthoring, moet die dier eers verdoof word waarna die horing dan naby die basis afgesaag word. Die horing groei wel weer terug – sowat 10 cm per jaar. Dus moet die proses elke 12 tot 18 maande herhaal word, en dis duur en arbeidsintensief.

En steeds waarborg geen horing nie 'n renoster se veiligheid nie. Stropers sal steeds een doodmaak, selfs al is dit net vir die stompie wat oor is. Maar in hoëdigheidsgebiede verseker dié ingryping wel vir die park – en sy renosters – kosbare ekstra tyd.

malige streeksveldwagter word tans verhoor.

“Daar's 'n groot fokus op on-kreukbare bestuur. Dis behels meer as net 'n leuenverklikkertoets. Ons moes 'n span bymekaarkry wat nie omgekoop kan word nie en bestand is teen korrupsie,” verduidelik Cathy. “Sindikate plaas geweldige druk op ons personeel om inligting te gee. “Hier was al gevalle van gesinne wie se veiligheid bedreig word. Dis iets vreesliks wanneer dit jou eie mense is teen wie jy moet baklei...”

Cathy se groot passie vir die beskerming van renosters is duidelik, maar sy sou dit nie sonder die ander veldwagters kon doen nie, erken sy. “Wanneer ek die dag nie meer weet hóé nou nie, dan dink ek aan Karien en haar span wat 20 km per dag patroleer. As hulle kans sien, het ek nie 'n verskoning nie. Dan moet ek eenvoudig uit hierdie kantoor alles in my vermoë doen om dit wat hulle nodig het, in die hande te kry.”

Die stropers se taktiek verander gedurig. In die verlede kon jy hulle voetspore op sanderige paaie in vroeë opsporingsgebiede sien; deesdae dra die skelms vyf pare sokkies of selfs babadoeke oor hulle skoene om nie spore agter te laat nie.

Die Kruger belê in tegnologie, maar die sindikate pas gou weer aan. “Die ergste is wanneer daar 'n interne informant is,” sê Cathy. “Wanneer die stropers ons ontplooi-strategie vooraf ken, of weet waarheen renosters verskuif word.”

En die oorlog stop nie by die wildtuin se hekke nie. “Mpumalanga het van die land se hoogste misdaadsyfers. Die grootste renostersindikate kom uit dorpe soos Bosbokrant, Hazyview and Witrivier – hier op ons voorstoep.”

Daar woon meer as drie miljoen mense op die Kruger se

westelike grens, 'n gebied waar die werkloosheidsyfer sowat 42% is.

“Ons het laasjaar 35 veldwagters-poste geadverteer en meer as 10 000 aansoeke ontvang. Die meeste komende van jongmense met matriek, maar wat nog nooit 'n werk gehad het nie. Die stroperskrisis gaan hand aan hand met sosiale ongelykheid. Mense sê ‘bekamp die stroping’, maar as werkloosheid, georganiseerde misdaad en dienslewering nie óók aangespreek word nie, gaan die druk op die park nooit afneem nie. Ons het nie met slegs 'n bewaringskwessie te make nie, dis 'n maatskaplike kwessie.”

Die wildtuin kan maar sowat 2 700 mense van werk verskaf. “Ons verleen wel toegang tot natuurlike hulpbronne – mopaniewurms, maroelavrugte, vleisskenkings... maar dit is nie genoeg om drie miljoen mense te versorg nie. Hoewel ons 'n invloed kan uitoefen op wat buite die park gebeur, stop ons wetlike mandaat by die park se grensdrade.”

Ek vra Cathy wat sy hoop haar nalatenskap eendag sal wees, en die antwoord is pragmaties: “Ek wil nie hê dat mense my moet mis nie. Want dit sou beteken dat ek nie daarin geslaag het om goeie stelsels en sterk leiers te vestig nie. Ek wil die Kruger in 'n beter toestand agterlaat – waar ons nie meer renosters hoef te onthoring nie en die diere ook nie meer aan die hand van stropers sterf nie. 'n Kruger met gemotiveerde veldwagterspanne wat voel hulle werk word raakgesien en waardeer. Maar gegewe die huidige situasie is dié wens waarskynlik naïef.

“As ek die wildtuin 'n effense beter plek kan laat as toe ek hier gekom het, sal ek dankbaar wees.”

Bron 🐾 gov.za

In die voorste linie

Tinyiko Golele het op 'n dorpie langs die Krugerwildtuin grootgeword en twee baanbrekersrolle verdien: Sy is die eerste swart vrou in die park se geskiedenis wat as 'n afdelingsveldwagter en streeksveldwagter aangestel is. Hier is haar storie.

TEKS **ESMA MARNEWICK** FOTO'S **MIA LOUW**

“**M**y lewe was nog altyd met die bos verweef,” sê Tinyiko

Golele wat grootgeword het op Mtititi-Altein, 'n dorpie naby die Shingwedzi-rivier en net 'n kilometer van die Kruger se grensdraad af.

“Ons het 4 km deur die veld skool toe gestap, vuurmaakhout gaan haal en klei versamel vir my ouma, wat 'n pottebakker was. Ons het ál die vrugtebome geken. Soms het roofdiere die beste doodgemaak en dan het die hele dorpie gaan kyk wat aangaan.”

Vakansietye het sy gesien hoe die parkwerknemers per vragmotor huis toe vervoer word. “Ons het hulle gehelp om tasse te dra,” sê sy. “Toe het ek vir myself gesê: Eendag gaan ek vir daardie plek werk.”

Tinyiko het in 2002 as 'n student in die park aangemeld. Vandag, 23 jaar later, is sy die eerste swart vrou wat as 'n afdelingsveldwagter en daarna as 'n streeksveldwagter aangestel is.

Sy het 'n nasionale diploma in natuurbewaring aan die Pretoria Technikon verwerf. Haar praktiese opleiding was by Punda Maria.

“Ek het dikwels saam met die veldwagters op patrollie gegaan. Ek het vir hulle gesê ek wil 'n veldwagter word. Ek het aanhou aansoek doen en my kans afgewag.”

Na haar studies het sy as 'n veldgids by Skukuza gewerk en toeriste op wildritte geneem. Teen die einde van 2003 is sy as 'n omgewingsopvoedkundige beampte by Satara aangestel, waar sy met plaaslike gemeenskappe gewerk, opvoedingsprogramme aangebied en openbare vergaderings bygewoon het. “Wanneer daar nie skool-groepe was nie, het ek weer saam met die veldwagters op patrollie gegaan,” sê sy.

Daardie vroeë ervaringe het 'n blywende indruk gelaat. “As die veldwagters my begin vra het om te help, het ek besef ek het waarde. Ek het my hulp vrywillig aangebied, want ek wou leer.”

Wye ervaring

In 2007 is Tinyiko aangestel as afdelingsveldwagter by Woodlands, 'n veldwagterspos noord van die Bateleur-bosveldkamp. Destyds was sy verantwoordelik vir 'n gebied van 1 140 km² met 22 veldwagters. “Dit

was goeie jare,” sê sy.

As 'n jong veldwagter by Woodlands het sy saam met veterane gewerk wat dekades se ervaring gehad het. “Ek was jonk en skraal,” sê sy laggend. “Maar ek het dit geniet om by ouer veldwagters soos korporaal Carlos Ndlovu te leer. Hulle het my touwys gemaak oor dieregedrag, geskiedenis en veldkennis – dinge wat geen boek jou kan leer nie. Stropery en vergiftiging was nie so algemeen nie. Patrollies was rustig – ons het gefokus op bewaring: monitering van veld- en watertoestande, diersiektes, windpompe herstel, erosie bestuur...”

In 2013 is sy oorgeplaas na die Punda Maria-afdeling. Die skuif het nuwe uitdagings gebring. “Woodlands is diep in die park – ons was eintlik afgesonder daar. Maar by Punda Maria was daar meer mensekwessies. Toe ek daar aankom, het ek gou besef: As jy in vrede wil leef, moet jy 'n goeie verhouding met jou bure hê.”

Langs die noordelike en westelike grens van die park moes Tinyiko voortdurend werk met sake soos mens-dier-konflik, oorgrensmenseverkeer, veeverliese

en vergiftigingsgevalle. Sy het 'n aktiewe lid van plaaslike forums geword, waar gemeenskappe hulle omgewingskwessies gedeel het. Deur gereelde vergaderings, uitreikaksies en gesamentlike operasies met belanghebbendes – insluitend die Limpopo- nasionale park en die Nasionale Administrasie vir Bewaringsgebiede in Mosambiek – het sy en 'n groep medewerkers onder meer daarin geslaag om in 2019 'n olifantstropersindikaat oop te vleek, wat tot verskeie inhegtenisnames gelei het.

Haar span het ook saam met die Trust vir Bedreigde Dierelewe gewerk om veldwagters en die plaaslike inwoners op te lei in hoe om op vergiftigingsgevalle te reageer.

“As jy inligting uit 'n gemeenskap wil kry, moet jy vertroue bou,” sê sy. “Mense sal met jou praat – dalk nie in die vergadering nie, maar ná die tyd omdat hulle weet jy is daar om te luister.

“Die gemeenskap moet verstaan die park behoort aan hulle. Die veldwagters is net die bewaarders. Die park is ons erfenis. Dit behoort aan alle Suid-Afrikaners.”

Om 'n leier te wees

In 2017, toe Tinyiko die streeksveldwagter van Nxanatseni-Noord word – met toesig oor verskeie afdelings – het sy inklusiewe leierskap voorgestaan.

“Ek het vir my span gesê: Leierskap gaan nie oor een mens nie. Elke veldwagter hier speel 'n leiersrol in die streek.”

Maar leierskap bring ook emosionele druk. “Stres kan 'n span vernietig,” sê sy. “As leier moet jy sterk bly. Dis regtig seer wanneer ons diere verloor. Dit knou jou. Ek het eens 'n sagte hart gehad, maar dit het verander.”

Gedurende haar loopbaan het Tinyiko gesien hoe bewaring

ontaard in 'n intensiewe stryd teen wildmisdaad. “Toe ek begin het, het 'n mens tydens patrollies die natuur geniet. Jy sien buffels wat swem, olifante by die rivier. Maar nou gaan dit oor wetstoepassing.”

Een van die moeilikste dele, sê sy, is om te verstaan wat mense motiveer om te stroop. Deur 'n program genaamd slagoffer-oortreder-dialoog, aangebied deur die departement van korrektiewe dienste, werk Tinyiko met stropers in tronke reg oor Mpumalanga.

“Dis pynlik maar nodig,” sê sy. “Die meeste stropers sê hulle het dit uit armoede gedoen. Baie verdien minder as R3 000 per maand; die meeste word in sjebiens gewerf. Ons nooi nou oud-oortreders om met ons veldwagters te praat – om tronklewe en die ware koste van dié misdade te verduidelik.”

Hierdie sessies het vir Tinyiko 'n mate van afsluiting gebring. “Anders vreet die woede jou,” sê sy.

'n Lewe in die park

Die boslewe is nie altyd maklik nie – veral nie vir vroue nie. “By Woodlands het ek jare lank op my eie gewoon. Aanvanklik was my dogter by my, saam met 'n helper, maar later het my kinders by my skoonouers buite die park gebly. Dit was omtrent twee uur se ry van Shingwedzi af – ek het hulle net op my afdae gesien.”

Tinyiko is intussen aangestel as streeksveldwagter vir Marula-Suid, wat beteken sy woon nou op Skukuza. Haar seun, Nzidal, woon nou saam met haar; haar dogter, Rivoningo, is op hoërskool in Mbombela.

Om moederskap en die lewe van 'n veldwagter te balanseer is nie 'n maklike taak nie – “soms het jy nie tyd of energie om met jou kinders te speel nie; die werk vra alles van jou” – maar Tinyiko glo vas in die krag

wat vroue na bewaring bring.

“Vroue kan meer as een ding op 'n slag doen. Hulle fokus op detail, hulle verslae is foutloos en hulle oudituitslae is 99% korrek. In administrasie, veldwerk en leierskap blink vroue uit.”

Maar, sê sy, namate sy ouer word, raak fisieke uithouvermoë 'n uitdaging. “In jou twintigs het jy energie. Jy kan dae lank kamp, hardloop, ure lank stap. In jou dertigs is dit moeiliker. In jou veertigs nog meer.”

Tinyiko het dié raad vir jongmense wat bewaring as werk oorweeg: “Dis een van die moeilikste loopbane. Jy moet fiks wees, toegewyd en passievol. Dis nie 'n agt-tot-vyf werk nie – dis 'n roeping.”

Sy gaan voort: “Die druk is groot. Maar my hart sê vir my om aan te hou. Ek glo in God. Ek het nouriedag oorweldig gevoel, en toe kom die gedagte by my op: ‘Moenie verslaan voel nie, want Ek is met jou.’ Dit het my weer krag gegee om sterk te staan. Om te fokus en my spanne voor te berei. Die bewaring van die wildtuin is nie net een mens se werk nie.”

DIE SYFERS

16

Die aantal vroueveldwagters in die Krugerwildtuin uit 'n totaal van 400.

3

Hier is 22 afdelingsveldwagters in die park; 3 is vroue.

1

Tinyiko is die enigste vrouestreeksveldwagter.





Elke voëltjie tel

Jy was nou by al die uithoeke van die Kruger, van die verlate Hlanguleni-piekniekplek tot Crooks' Corner in die noorde. Maar ken jy Makuleke?

DEUR ESMA MARNEWICK

Hierdie jakkalsbessiewoud is een van die hoogtepunte van Makuleke. Die kersie op die koek is wanneer 'n mens ook 'n beloogbosontrokke in die blaredak gewaar!

Het jy al ooit op 'n kaart na die Pafuri-deel in die verre noorde van die Krugerwildtuin gekyk en gewonder wat daar aangaan? Vir 'n groot deel van die geskiedenis was dié hoek van Suid-Afrika 'n soort Wilde Weste waar rowwe ouens soos grootwildjagters, ivoorhandelaars, arbeidsmokkelaars en sommer allerlei kwaaddoeners saam met die tsetsevlieë uitgehang het.

Deesdae is dit 'n gewilde voëlkyk-bestemming. Dis die suidelikste uithoek van die afrotropiese biostreek en voëls soos die savannepapegaai, beloogbosbontrokkie en tropiese waterfiskaal – spesies wat verder noord in lande soos Zambië, Malawi, Zimbabwe en Botswana algemeen voorkom – is hier te sien. Pafuri is terselfdertyd die noordelikste grens vir menige Suid-Afrikaanse voëlsoort.

Afgesien van die voëls het hierdie streek daai wilde Afrika-gevoel met wye riviere, digte oewerbos, kremetarte en granietkoppe.

Bezoekers aan die wildtuin is egter beperk tot die H1-9-teerpad, Luvuvhubrug, Pafuri-piekniekplek en die uitkykpunt by Crooks' Corner langs die S63.

Maar hoe verken 'n mens die gebied noord van die H1-9; die stuk niemandsland tussen dié teerpad en die Limpoporivier?

Dís wat ek wil vasstel. Die deel van die Kruger tussen die Luvuvhu- en Limpoporivier staan bekend as die Makuleke-kontrakpark en hier is twee luukse lodges – Return Africa se Pafuri Collection en The Outpost.

Maar hier's nóg 'n blyplek – Eco-Training se Makuleke-tentkamp – wat meer bekostigbaar is. (Lees op bl. 50 die geskiedenis van die kontrakpark.) EcoTraining spesialiseer in veldgids-kursusse, maar bied elke jaar saam met BirdLife South Africa 'n paar voëlkyk-uitstappies aan wat oor vier dae en drie nagte strek.

Die wind wapper deur my hare terwyl ons op die H1-9 op die oop voertuig ry. Die groepie van agt voëlkykers is pas by die park se Pafuri-hek opgepik.

EcoTraining se Toyota Land Cruiser

draai links by 'n geentoeingangbordjie.

En wat is nou lekkerder as om op 'n onbekende grondpad in die wildernis af te draai...

DAG 1

Welkom in Makuleke!

Nadat almal afgepak en die gidse die nodige huishoudingsake bespreek het, klim ons in die Cruisers vir die eerste rit.

Van ons was senuweeagtig en het 'n soort lesingsaal en 'n dosent verwag. “Julle is hier om oor voëls te leer; dus gaan ons veld toe om te leer. Geen lesings. En geen klaskamers nie,” stel Nathan Ingram, EcoTraining se instrukteur en 'n ywerige voëlgids, ons gerus.

“Julle kan my enige tyd laat stilhou, selfs vir 'n tiptol,” sê Nathan in die ry. Na skaars vyf minute hou hy op 'n vlakke langs 'n lalapalm stil.

“Nou moet julle mooi kyk,” fluister hy, “hier iewers bly 'n driebanddrawwertjie.”

Terwyl ons stilletjies loer-loer stap, streep 'n wit-en-bruin voëltjie met sy lang beentjies blitsig verby en verdwyn onder die blare. 'n Lifer vir die meeste in die groep. Dié sku voëltjie kom net in die oorgangsgebied tussen mopanieveld en vloedvlaktes voor, en boonop is hulle nagvoëls. *(Oor die volgende vier dae sou ons talle male hier verbyry en die drawwertjie nooit weer sien nie. Wat 'n gelukskoot! – Red.)*

Ons ry dieper die bos in en 'n boom wat omgeval het, stuur ons op 'n ompad deur die bos tot by nog een wat op die grond lê. Hierdie keer kan ons nie óm nie en ons keer terug na 'n roete tussen die plantegroei.

Ek het geen idee waar ons is nie. Oral klink voëlgesang op: spookvoël, kardinaalspeg, suidelike waterfiskaal, groenvlekduifie, geelvleklikator...

Later dop die voertuie uit langs die wye rivierbedding van die Limpopo. Onder jou stewels lê groot korrels dik sand. Die heuwels aan die oorkant van die rivierbedding behoort aan Zimbabwe. In die verte klingel 'n klok om 'n bees se nek. Doer sak die son en die oewerwoud is 'n gitswart gordyn.

Oorkantste blad, kloksgewys van bo. Die son sak oor die droë bedding van die Limpoporivier op die eerste aand; Die gewone melba lyk soos 'n kleuter wat 'n lipstif in die pote gekry het; Die Pafuri-streek is 'n malariagebied – elke tent is toegerus met twee muskietnet; Withelmlaksmanne hou van mopanieveld en kom voor in 'n swerm van vyf tot agt voëls; In die wildtuin is 'n goeie verkyker onontbeerlik vir voëlkyk.

Die naguil-brigade

Ná sonsondergang stap ons teen die rivier-oewer uit en klim weer in die voertuie. Nathan haal 'n kollig uit. Hy vee stadig oor die landskap. Net anderkant die volgende groot boom verskyn 'n paar oë skielik in die donkerte. Dis 'n Afrikaanse naguil. Net 'n liniaallengte verder sit nog een, 'n kleintjie! Dis 'n ge-“oe” en “aa” uit die Cruiser. Skielik skarrel die ma weg en verskyn weer... en voer die kleintjie.

“In die 11 jaar wat ek al as gids werk, het ek dít nog nooit gesien nie,” sê Nathan opgewonde.

Behalwe vir 'n mopanieblaar wat vlugtig vir 'n verkleurmannetjie aangesien word, verloop die rit sonder ander diere. Ons het immers vandag twee grotes beleef en 'n mens moet nooit gulsig wees nie.

DAG 2

Op die voëls se spoor

Doewe doef-doewe doef... Dis nie 'n seldsame voël nie, maar die tromme wat as wekker dien. Dis 4.30vm. en ek probeer my pad uit die muskietnet stoei. Koffie en beskuit wag reeds by die aansittent.


Ek hoor tussen vyf en ses verskillende tjirpe en tjilpe, maar kan net 'n spookvoël en 'n fisant sien. Nathan het gister genoem dat hier 'n beloogbosbontrokkie-broeipaar in die kamp hou. Maar wag, ons moet opskud. Dis vroegoggend en goeie voëlkyktyd.

Vanoggend mik ons terug na die H1-9. Dié pad loop tussendeur digte mopanie-woud – en is die tuiste van die skaars bontpiek en knopsterttrouphant, asook geelvleknikators en koekoekes.

Op pad wys Nathan 'n *seed bank* uit – dis 'n omgevalle boom waar 'n nuwe klein habitat vorm. Melbas en vuurvinkies hou daarvan om hier te skrop en saadjies te soek.

Van merker 12 af moet jy haaswakker wees. (Al langs die teerpad word die kilometers met 'n sementmerker aangedui. – Red.)

Alkant van die pad staan “katedraal-mopanies” – hoë, volwasse bome. Hier is ook al 'n knopsterttrouphant-broeipaar rondom merker 8 gewaar. Trouphante is 'n ou bekende in die wildtuin, maar die knopsterttrouphant kom net noord van dié pad voor – hulle is een van die Makuleke-konsessie se *specials*.



Oorkantste blad, kloksgewys van bo. In die somer is bosveld-visvangers volop; Met 'n opsporing-skoop kan 'n mens die veertjies van 'n voël dóër in 'n doringboom duidelik sien; So lyk Crooks' Corner uit die Luvuvhurivierbedding; 'n Krokodilspoor; Die Luvuvhubrug is 'n gesogte voëlkykplek.

WAT SÊ DIE MENSE?



Nathan Ingram EcoTraining-instrukteur

Dis 'n spesiale plek. Kom Makuleke toe as jy die ware wildernis wil ervaar – dit sal jou lewe verander. Dis Kruger op sy beste. Dis 'n oeroue landskap – kyk net na die bome. Hoe lank staan hulle nie al hier nie!

Dis genoeg net om deel te kan wees van hierdie wildernis. Om hier rond te stap en 'n renosterspoor te sien en te weet jy's deel van die natuur. 'n Mens kan basies enigiets hier sien, van renoster tot jagluiperd tot 'n bosklaasneus. Van ons span-lede het onlangs 'n ieternagag op die teerpad gekry. Hulle is hier. Ek het een aand 'n erdvark by die Jachacha-pan gesien.

Ek kom dikwels voëlkyk. Shingwedzi is my gunsteling-ruskamp met al daai enorme appelblaar- en vyeboom langs die rivier en die Mphongolo-pad is puik vir voëlkyk, en luiperds soek.

“Mopaniewoude is bontpieke en knopsterttroupeante se gunsteling-habitat. Jy sal hulle nie somer elders in die park sien nie. Die voëls is bedrywig wanneer dié bome (Desember tot Januarie) blom, want dan is hier hope insekte,” verduidelik Nathan.

Ons staar stip maar tevergeefs met oog, bril én verkyker. Ons gewaar wel grootblouoorglansspreeu, klipstreepkoppie, witborsspreu en 'n spulletjie kakelaars terwyl 'n witliesbosbontrokkie “Three Blind Mice” sing.

Nathan draai die Cruiser om en ry na die Luvuvhubrug. Gewone melba. Bontnuwejaarsvoël. Witpensuikerbekkie. Bosveldtinktinkie. Rooiruglaksman.

By 'n bruggie vóór die Luvuvhubrug gewaar iemand iets op 'n oop vlakte aan die reterkant van die pad. Deur die verkyker verskyn... 'n dwerggrietreier. Genade, ek sou die kalant nooit op my eie gewaar het nie.

Bo-op die Luvuvhubrug kom 'n Sanparke-voertuig verby en die gids vertel hulle het drie dae gelede 'n visuil hier gewaar. Dié sku nagvoëls kom net hier en langs die Olifantsrivier voor.

Van die brug af draai Nathan weer af by 'n geentegangbordjie tot by 'n ander uitkykpunt oor die Luvuvhurivier. 'n Tropiese waterfiskaal wat 'n padda vreet, 'n krokodilwyfie wat op haar eiers lê, saalbekooievaar, wolnekoioevaar, njalas...

Van dié uitkykpunt af loop die pad verby 'n vliegveld en Baobab Hill House – dit was destyds 'n veldwagterpos, maar is deesdae deel van Return Africa se Pafuri Collection.

Ons hou stil vir 'n foto by die hoogste kremetart (32 m) in Makuleke voordat ons kamp toe mik vir middagete.

'n Bakleieri in die bos

Halfvier se kant vertrek ons weer in 'n rigting. Op pad hou Nathan stil. 'n Kwetter van sprees is besig om 'n slang langs die pad te verjaag! Die geraas is genoeg om enigeen te laat les opsê, en die slang kies die hasepad.

By die hoë kremetart vang 'n moskeswaeltjie nou 'n bietjie son – nog 'n lifer. Swartkatakoeroe. Lifer. Gewone swartmees. Lifer. Nathan hou weer stil en beduie ons moet regs dieper die woud in kyk –

daar's aksie. 'n Witborsspreu en 'n paar glansspreeus verjaag iets. Wat?! 'n Slang, likkewaan, luiperd...? Wat ook al dit was, dis weg!

Kaalwangvalk. Mikstertbyvanger. Rooibekkakelaar.

Ha! Hier lyk dinge bekend – dis weer die Luvuvhubrug. Dis 6 nm. en al pienk-skemer. 'n Reuserier, drie lepelaars, witreiers en knobbeleende staan op die oewer rond. Die tarentale skop 'n bohaai op en 'n visarend sit statig op 'n hoë tak.

'n Naguil wapper verby. Die ander besoekers is lankal reeds in die ruskampe en dis net ons op die brug.

Terwyl die son sak, swiep verskillende soorte swaels deur die donkerpers lugruim. Om die verskille ('n strepie hier, 'n swart bandjie daar) raak te sien is 'n haas onmoontlike taak. Ek sit met my rug teen die reling van die brug. My brein kan nie nóg inneem nie. Die natuur is te bedrywig!

Nadat die son gesak het, swiep Nathan en die ander gids Tsundzukani Hlongwane met die kolligte oor die rivier. Waar is Mev. Visuil vanaand?

“Okay guys, we tried.”

Op pad terug gewaar ons weer 'n blink ogie in die donkerte... dis 'n laeveldnaguiltjie; sy's piepklein, skaars 'n handjievool. Haar veredoss smelt weg teen die klipperige pad. Sy vlieg op en maak 'n draai in die lug voordat sy die donker nag in verdwyn. Enkele meters verder sit nog een in die pad – die mannetjie. Ons kom nóg twee teë.

Van bo af sal die twee Cruisers se ligte die enigste vir kilometers aaneen wees. 'n Kolhaas skiet oor die pad en 'n muskeljaatkat kyk een keer om en skarrel weg.

By die kamp wag hoenderkasseroel met rys, soetpampoene, broccoli en slaai. Ons skep hompe kos.

“Ek was lanklaas so moeg van sit,” som Hannes van Heerden van Hoedspruit die dag op.

DAG 3

Van een woudkerk na die volgende

Toe ons na ontbyt by die voertuie aankom, kan ons nie dadelik inklim nie. Twee olifante is besig om die werknemers se karre met hulle slurpe te verken. Ons hou





Tsundzukani Hlongwane
EcoTraining-instrukteur

Ek is dol op Makuleke – dis 'n ongetemde plek, 'n ware wildernis. Jy weet nooit wat om die volgende draai wag nie. Jy ry deur doringveld en deur 'n woud, dan deur boslandskap en jy gaan hoogstens een ander voertuig die ganse dag teëkom. Die een oomblik is 'n mens nog opsoek na Makuleke se spesiale voëls en dan gewaar iemand 'n dwergrietreier – die eerste een van die seisoen. Die trekvoëls kom uit die noorde uit en die Kruger is van die eerste plekke waar hulle land.

'n Gas het eenkeer hier rondom middagete gevra hy wil graag 'n witstermuishond – 'n nagdier – sien. En daardie aand toe ons terugry kamp toe, loop daar wraggies een oor die pad!

Ek hou van enige ruskamp solank dit noord van Letaba is. Ek wil nie in 'n verkeersknoep sit en kyk na die oor van 'n luiperd in die lang gras nie. Ek wil eerder net my eie jagluiperd sien!

'n veilige afstand en neem foto's van dié “alledaagse” verskynsel.

Vanoggend mik ons vir die vloedvlakte van die Limpoporivier. 'n Bosveldvisvanger meld aan en sy maat antwoord met 'n “krie-trrrrrr”. Ons ry deur 'n landskap wat homself al eeue lank herhaal.

Op die vlakte naby die rivier wieg hoë palms. 'n Maraboe staan eenkant op 'n tak terwyl witrugaasvoëls die res van die banke vol sit. Iewers moet 'n karkas wees... Oeg, jy ruik hom – dis 'n paar dae oue buffel.

Later hou ons stil en Tsundzukani lei ons tot in 'n koel, donker jakkalsbessie-woud. Terwyl ons oopmond staar na die kerk van tak, wortel en bas, roep Nathan en beduie na die blaredak – 'n beloogbosbontrokkie. Dis 'n gesukkel om die swart voëltjie tussen die blare met 'n verkyker te eien, maar dan sien ek daardie onmiskenbare helderrooi lel bokant die oog. *Lifer!*

Ek knip-knip my oë as ons weer op die Cruiser in die helderblou lug oor die dor landskap ry. Ons hou stil by die Nwambi-pan omring deur anabome vir koffie en sjokolademuffins.

Dis net voor 10vm. en reeds goed warm. Na enkele minute se kyk deur die verkyker het ek reeds die volgende gewaar: lepelaar, bont- en rooipootelsie, nimmersat, hamerkop, knobbeleend, reusereier, bloureier, baardspeg, kuifkopvisvanger en 'n geelbektroupant. Ag, wie gaan my glo?

“Kom ons wees 'n rukkies stil in hierdie ongelooflike plek,” sê Tsundzukani toe ons 'n halfuur later by 'n koorsboomwoud stilhou.

Hierdie woud is die rede hoekom ek al jare lank droom oor 'n besoek aan Makuleke. Hier staan ook koorsbome op die S63 langs die Luvuvhu, maar hierdie een op die noordelike oewer van dié rivier is 'n propperse woud! Hier stap 'n mens 'n geelgroen katedraal binne. Ek wil op die naat van my rug lê en vir 'n dag lank net kyk hoe die wit wolke tussendeur die liggroen takke deur die blou lug dryf.

Dis met 'n swaar hart dat ek later weer in die Cruiser klim. Ek sal hierdie plek waarskynlik nooit weer sien nie. Skaars 'n halfuur later hou ons stil by nóg 'n

hoogtepunt – Crooks' Corner. “Gewone” besoekers kan uitklim en in 'n spesifieke kol op die oewer rondstap, maar ons kan tot in die rivierbedding afstap.

Ná die somerreëns lê die waters van die Luvuvhu- en Limpoporivier die samevloeiing vol, maar vandag is hier net 'n lang poel waar 'n paar seekoeie verontwaardig nurk.

Ná middagete van tunaslaai, pasta en waatlemoen by die kamp vertrek ons vir oulaas na die Luvuvhubrug. Return Africa se gidse het laat weet dat hulle gisteraand 'n jong visuil hoor roep het. Weer ry ons verby die vloedvlakte, die koorsbome, die grootste kremetart, oor die mopanierif tot by die H1-9 na die brug.

'n Oom en tannie staan reeds by die brug. Hulle vertel hulle het ná 10 jaar uiteindelik 'n knopsterttroupant en 'n wimpelvlerknaguil afgemerkt.

Ons kyk hoe waterbokke suip met die son op hulle rug. 'n Trop bobbejane sit op 'n stomp en hou kajuitraad oor môre se kaskenades terwyl 'n bloureier sy nek intrek op 'n tak.

Nathan, Tsundzukani, Fritz Rexrodt en sy seun Philip probeer die stekelster ('n soort windswael) onderskei: Is daar dalk 'n skaars witpens- of gevlekte stekelster tussen die hordes kleinwindswaels wat heen en weer oor die brug swiep? Ag, dit maak nie meer saak nie, my lys het reeds met 50 voëls gegroei!

“Renoster!” roep Nathan skielik. Almal skarrel nader en kyk na waar hy beduie – doer op die oorkantste oewer staan ta, horingloos maar statig. Ons hou hom dop. Tsundzukani hardloop na die Cruiser toe om sy kamera te kry om 'n video te neem. “Ek gaan hierdie vir EcoTraining se nuusblad stuur,” sê hy opgewonde. “Dis die eerste keer dat ek 'n renoster in Makuleke sien – en ek werk al drie jaar hier!”

Nathan is ewe opgewonde: “Ek het net spore gesien in die jaar wat ek hier is. Wat 'n spesiale oomblik!”

Saam met die son daal 'n dankbaarheid op die groep neer; vir hierdie oomblik, vir hierdie plek, hierdie brug en hierdie rivier wat voël, dier en mens op soveel maniere voed.



MAKULEKE-TENTKAMP

HOE WERK DIT?

EcoTraining en BirdLife South Africa bied elke jaar drie voëlkyk-uitstappies aan. Dit strek oor vier dae en drie nagte. Gaste bly in die Makuleke-kamp.

Dis niks fênsie nie, maar hier's alles wat jy nodig het – ook Wi-Fi. Gaste los hulle voertuie by die Pafuri-hek en word deur EcoTraining se personeel gehaal en teruggebring.

Koste R7 000 p.p. wat deel. Dit sluit in drie nagte se verblyf in 'n en suite-safaritent (linne, spoel-toilette en warm storte), alle etes, nie-alkoholiese drankies en begeleide ritte saam met twee kundige gidse. Hier's yskaste waarin jy jou eie drankies kan koud hou.

Wanneer? 27-30 November 2025 en 4-7 Desember 2025.

Kontak ☎ 013 752 2532

✉ enquiries@ecotraining.co.za

Wat nog? EcoTraining bied verskeie kursusse aan van 'n sewe dae lange voëlkykkursus tot 'n jaar lange beroepsveldgidskursus.

Lees meer by ☎ ecotraining.co.za.



MAKULEKE MAG MAAR!

Hoewel die Makuleke-kontrak-park (240 km²) slegs sowat 1% van die Kruger se oppervlak beslaan, is dit die tuiste van 80% van die park se biodiversiteit – hier's sowat 350 voëlspesies.

Die uiteenlopende landskap bestaan uit doringveld, oewerbos, grasveldvloedvlaktes, rivierkanale en seisoenale panne. Die Makuleke-vleiland het in 2007 Ramsar-status ontvang wat beteken die gebied is van internasionale belang.

Die seisoenale panne is veral 'n belangrike waterbron vir trekvoëls en diere.

Blaai na bl. 124-bl. 125 om te sien waar die kontrakpark is.



Die storie van Makuleke

Lank voordat grootwildjagters, transportryers, handelaars en forteinsoekers deur die Pafuri-gebied gereis het, het Tsonga- en Venda-sprekende mense hier gewoon.

Op die oewer van die Luvuvhurivier gedenk 'n inligtingsbordjie die graf van Hosi (hoofman) Khamba (1777-1832), stigter van die Makuleke-gebied. Volgens die bordjie was Khamba deel van die groter Van'wanati-stam wat die gebied tussen die die Soutpansberg en Limpoporivier in die 18de eeu beheer het. Hy het in 1820 noord getrek na die gebied tussen die Limpopo en die Luvuvhu om sy eie stam te vestig. Maar eers moes hy die Vanyayi wat daar gebly het, oorwin.

Omdat hy die Vanyayi nes hiënas in die nag aangeval en oorwin het, het hy die naam Hosi Phele gekry. ("Phele" beteken hiëna in Tshivenda.)

Daar het destyds verskeie handelsroetes tussen Mosambiek en die binneland van Suider-Afrika hierdeur geloop. Handelaars het hierheen gekom vir produkte soos dierevelle en ivoor.

Die gebied is Makuleke genoem: "die plek waar mense heengekom het om bymekaar te maak". Hosi Phele het die eerste hoofman van die Makuleke-gebied geword.

Die Pafuri-gebied, waarvan Makuleke deel was, is in die laat 1800's ingelyf by die Zuid-Afrikaansche Republiek.

In 1933 is Pafuri as 'n provinsiale natuurreserveaat verklaar en is die Makuleke-gemeenskap as onwettige inwoners beskou.

Die gemeenskap van sowat 2 000 lede is in 1969 deur die apartheidsregering gedwing om die grond te verlaat en dié gebied is by die Krugerwildtuin ingelyf. Hulle is hervestig in Ntlhaveni, sowat 50 km weg op 'n heelwat kleiner gebied langs die westelike grens van die park. Ntlhaveni het later deel van die Gazankulu-tuisland geword.

In 1998, byna 30 jaar later, word die Makuleke-grondeisskikking die eerste suksesvolle grondeis teen 'n nasionale park in Suid-Afrika.

Die Makuleke-gemeenskap het egter besluit om nie terug te trek nie en ingestem dat Sanparke dit vir die daaropvolgende 20 tot 50 jaar bestuur. Die naam is na die Makuleke-kontrakpark verander.

Daar is tans drie konsessiehouers in die kontrakpark. Twee private lodges, The Outpost en ReturnAfrica, en EcoTraining, 'n organisasie wat veldgidse oplei.

Van die lede van die gemeenskap werk by hierdie instansies. Die gemeenskap ontvang 'n deel van die op-brenge van dié ekotoerismeprojekte wat gebruik word om ontwikkelingsdienste soos boorgate, gemeenskapsale, 'n crèche en biblioteek te bou.



Bronne *A cameo from the past* deur U. De V. Pienaar; academia.edu; pmg.org.za; iied.org



Hosi Phele se graf is langs die Luvuvhurivier – net gaste van die drie konsessiehouers kan die omgewing besoek.

Álmal se gunsteling-park

'n Mens sal ver moet soek om iemand op te spoor wat nie van die wildtuin hou nie. Trouens, die meeste mense hou nie net van die park nie, hulle is gek daaroor. Ons gesels met mense wat jaar na jaar terugkom.



Karin Van Staden

SOMERSET-WES

My oupa Manie Wessels het in die tagtigerjare 'n plaas gehad langs die Krugerwildtuin waar die Sabi Sand- private natuurreservaat vandag is. Hy was lief vir die veld en vir diere.

Dinge was basies. Daar was geen lodges nie; dit was voor die drade tussen die wildtuin en Sabi Sand laat sak is. Oupa het altyd daaroor gedroom om hutte en 'n groot boma te bou sodat mense soontoe kon kom om die bos te ervaar, maar mense het vir hom gesê niemand gaan geld betaal om daar te kom sit en vuur maak nie. Hy het op die ou end die grond verkoop, maar hy was sy tyd vooruit.

Ek het op Durbanville grootgeword en vandat ek kan onthou, het ons gesin elke jaar die dag voor die skole vir die Julievakansie gesluit het, opgerig Harrismithe toe waar my oupa geboer het en dan het ons van daar af almal saam Laeveld toe gery.

Later jare het hotelle en tyddeelplekke

rondom Hazyview ontwikkel. Ons het dan gewoonlik 'n week in die Kruger Park Lodge en 'n week in die wildtuin bespreek ahangende van waar ons kon plek kry.

Een jaar het my oupa 'n ou kombi gehuur. Toe ons een middag op die H4-1 tussen Onder-Sabie en Skukuza ry, kom daar 'n olifant in die pad aangestap. Ek en my suster, Marilize, het vreeslik gegil, want die olifant het begin draf, en dit was net ore en slurp wat heen en weer swaai. My oupa beduie ons moet kalm bly, want die geskrou gaan nie die situasie help nie. Op die ou einde is die olifant op die teerpad verby en die kombi deur die bosse!

'n Ander keer het ons ná 'n negte dae lange vakansie in die park net buite die Numbihek geslaap. Ons sou die volgende dag buite om die park na die Kruger Park Lodge te ry.

Ons het 92 leeus in die 9 dae gesien. My ma, Chris-Marie, het gesê dis 'n jammerte,

want sy hou so van 'n ronde getal... Die volgende oggend laat weet die lodge daar is optogte en almal moet eerder deur die wildtuin ry.

Dit was 'n triestige oggend en ons het niks gesien nie. Net toe ons al amper verby 'n luspaadjie na 'n rivier toe gery het, sê my ma ons moet afdraai. Toe lê daar agt leeus in die rivierbedding. Ons het 100 leeus in 10 dae gesien – 'n rekord wat ons nog nie weer kon klop nie.

Ons het elke jaar by Satara gebly en later vriende geraak met boere van die Vrededistrik. Die oom het vertel hoe 'n leeu aan hulle tyre gebyt en hulle kantspieëltjies gelek het. My pa het hom eers geglo toe hy die video daarvan sien. Hulle was 'n groot groep wat met tweerigtingradio's gery het. In die oggende ry elke gesin in 'n ander rigting en laat weet vir mekaar waar daar aksie is. Die oom sê toe



ons moet agter hulle ry en as hy twee keer vinnig op sy remme trap, dan moet my pa agter hom aanry.

Daardie oggend beland ons op die S100 tussen twee leeutroppe wat baklei! Die mannetjies het met hulle yslike kloue na mekaar geklap. Wanneer hulle brul, voel dit asof die hele voertuig vibreer. Wat 'n belewenis!

Ons het altyd in huisies gebly. Ek was al 'n student toe ons die eerste keer gekamp het. Ons gesin was nooit kampeerders nie. My ouers het 'n tent geleen en ons het by Satara aangekom met drie matrasse, 'n grondseil, 'n verskriklik helder lig en 'n lead. Ons besef toe ons kort een van daardie blou adapters. Ons ry toe rond en kyk wie lyk vriendelik genoeg sodat ons by hulle kon krag trek.

Die gekose man is toe ook die hoofsnorker uit die Oos-Kaap. Tweeuur daardie nag sit ek,

my ma en pa kiertsregop in die tent. Ek het later in die kar geklim en 'n ent gery dat ek net geslaap kon kry.

Ons het sowat drie keer gekamp, maar 'n paar jaar later het my ouers gesê hulle is nou te oud om alles op en af te slaan.

Ek ken heelwat mense wat goed ingerig is en dit lyk lekker, maar om behoorlik te kamp verg 'n kopskuif. Ek spaar eerder deur die jaar, want ek wil nie kamp nie.

Toe ek my man, Bernard, ontmoet, was ek so bly toe hy op die tweede afspraak sê hy hou van die wildtuin. Ook maar goed, want anders sou hy baie uit gevoel het in ons gesin.

Ons seun, Christiaan (14), was 2 jaar oud toe hy die eerste keer wildtuin toe is, en ons dogter, Karli (11), 3. Deesdae tel hulle ook die dae tot die volgende Krugervakansie af.

Wildtuinvakansies sorg vir lekker interaksie tussen generasies. Mense van enige ouderdom

Van links. Die Van Stadens, Nelle en Oliviers by die Krokodilbrug-dagbesoekersterrein, 2019; Bernard en Christiaan (2 jaar) by die Skukuza-ruskamp, 2013; Nkumbe-uitkykpunt, Junie 2019; Karin se ma, Chris-Marie, oupa Manie, Karin en ouma Ounooi Nel by die Nwanetsi-piekniekplek, Junie 1988; Oupa Manie en Karin se pa, André, by die Nkhulu-piekniekplek, Junie 1981.

Oupa Manie, Karin, haar suster, Marilize, ouma Koekie Wessels en ma Chris-Marie op hulle bosveldplaas in die Sabi Sand-omgewing in 1983.

OM PLEK IN DIE KRUGER TE KRY

Dit verg vasbyt en beplanning om vir 'n groep mense in die Julieskoolvakansie plek te kry. Karin se familie bestaan uit ses volwassenes en vier kinders. Só gaan sy te werk.

Die besprekings open 11 maande vooraf. Stel 'n ideale reisplan saam en 'n onthounota op jou selfoon vir 'n jaar vooruit en sorg dat jy daardie oggend 7.30 vm. gereed is om te bel. Karin bel van haar, haar man, én hulle saketelefoon af.

Sodra 'n agent antwoord, kyk julle saam watter blyplek op watter dae beskikbaar is of nie, en maak alternatiewe planne.

Karin stuur ook 'n reisplan vir 'n besprekingsagent van lowveld.com.

Op die ou einde kry Karin twee stelle besprekings wat sy op 'n Excel-blad uiteensit. Dit gebeur soms byvoorbeeld dat hulle al vyf hutte op Malelane-ruskampie gekry het. Die familie besluit dan saam op die beste verblyfopies en Karin kanselleer al die ekstra besprekings.

Daarna allokeer die lowveld.com-besprekingsagent elke gesin se blyplek op hulle eie besprekingsnommer sodat elkeen sy eie betaling kan doen en eie toegangspaspoort kry.

Onthou, dinge gebeur en daar is soms kansellasies; hou dus die hele jaar die webruimte dop – dalk gaan daar 'n plek oop in Satara of Biyamiti.

Karin bespreek hulle vliegtuigkaartjies sowat ses tot agt maande vooruit.



hou van die natuur. Ons is 'n hegte gesin en ek dink dis deels te danke aan die honderde ure wat ons oor die jare heen saam op die Kruger se paaie deurgebring het.

Die Malelane-ruskamp is spesiaal vir ons familie – ons bespreek elke jaar drie van die vyf rondawels. Dis 'n mooi, netjiese kampie. Jy hoor nou en dan geluide van die plase en Marloth Park anderkant die Krokodilrivier, maar as die skopsuiltjie eers begin “krupp-krupp”, vergeet 'n mens daarvan. En daar is 'n SuperSpar op Malelane wat van gerookte ham tot hoenderpote verkoop – dis net sowat 'n halfuur se ry weg.

Onder-Sabie is ook 'n gunsteling. Ons hou van die EH-hutte met gemeenskaplike geriewe. Die kinders maak gou maats en as jy weer sien, speel hulle saam met 'n trop kinders met 'n bal.

Die ruskamp is sentraal: Jy kan heeldag rondry of jy kan die oggend 'n draai ry, terugkom, 'n laatontbyt maak, 'n middagslapie

vang en weer laatmiddag 'n draai ry. Daar is vele kort luspaaië en baie wild – dis veral lekker as jou kinders nog jonk is.

Daar is aksie op die S28 en die S130 het ook 'n luiperd en trop leeus wat daar uithang. En die S25 is nie ver nie. Die Mlondozo se piekniekplek wat hoog op 'n koppie sit, is in 'n pragtige omgewing.

Mense vra dikwels: ‘Jy het mos nou al 'n bok, en 'n leeu en 'n olifant gesien; hoekom wil jy weer gaan?’ Die wildtuin gaan nie net oor dierekyk nie. Dis ook die stilte, die rustigheid en die samesyn. As 'n mens na 'n kaart van die park kyk en sien hoe groot dit is en hoe min paaie daar is, dan is dit eintlik ongelooflik dat jy op vyf renosters kan afkom of 'n trop leeus wat in die pad lê.

'n Mens is vol opwinding elke oggend: Wat gaan jy vandag sien? En in die aand is dit lekker om te gesels en 'n mens voel dankbaar oor die wonderlike goed wat jy en jou gesin saam ervaar het.

OORWEEG 'N TROK

Die Van Stadens vlieg van Kaapstad na O.R. Tambo en stuur hulle voertuig op 'n trok van VDS Onelogix (vdsgroup.co.za). Die maatskappy het 'n depot sowat 10 km van dié lughawe af. Dit kos sowat R8 500 retoer. Só spaar hulle vier dae se ry, brandstof, verblyf en etes op pad, én ry hulle eie voertuig in die wildtuin.

Nóg mense
wat nie
genoeg van
die park kan
kry nie...



KRUGER-LIEFHEBBERS

Kloksgewys. Hannes ontspan in die Balule-kampplek; Marilyn by Pretoriuskop-ruskamp se swembad; Emma en Hannes by Crooks' Corner.



Emma en Hannes Van Heerden

HAZYVIEW

Ons hou daarvan om gou by die Numbi-hek in te ry en weer uit by die Phabeni-hek – ons gaan sit dan vir 'n ruk by die Nyamwundwadam. Daar's gewoonlik buffels, olifante en 'n paar visarende.

As ons vir langer kom, verkies ons Letaba of verder noord. Ons verkies die kampe sonder krag – Tsendze is ons gunsteling. Hoe minder mense, hoe beter. Dis stil, jy hoor die voëls en snags die uile en die seekoeie. Teen 9 nm. is dit doodstil – almal sit en luister na die veld.

Die kamp is byna altyd volbespreek, behalwe in Januarie – dis te warm en mense se geld is op – dis wanneer ons gaan. Ons neem 'n draagbare Ecolux-waaier wat kan vasklamp saam; dis klein maar kragtig. En as ons te warm kry, gaan ry ons 'n draai met die lug-verkoeling aangeskakel.

Van Tsendze af ry ons graag die Red Rocks-roete – onderdeur die ou hardekoolbome langs die Shingwedzi – 'n mens sien dikwels luiperds daar. Ek (Emma) het altyd my voël-, diere- en boomboekie byderhand – daar's altyd iets om te leer. Laatmiddag gaan sit ons by die Shipandani-skuiling – daar sit gewoonlik 'n witkoluil.

Ons het by die Nyawutsi-skuiling suid van Shingwedzi langs die S50 gesit en kyk hoe 'n trop olifante baljaar. By die Grootvleidam, nog 'n entjie suid, het daar het ook 'n spul olifante geswem. Dis 'n pragtige plek tussen niks en nêrens met volop reiers en visvangers. Ons was al 'n paar keer daar en elke keer was ons die enigste mense.



Marilyn Hoole

MUIZENBERG

Ek was waarskynlik al 15 keer in die park. Die eerste keer was 45 jaar gelede toe ek 25 was. Dit bly my gunsteling-bestemming om myself weer te vind en in die natuur te wees. Ek kom vir die voëls; die diere is 'n bonus.

Ek is mal oor die roete van die Biyamiti-bosveldkamp af en al langs die S25 wat die Krokodilrivier volg. En in die noorde is die Mphongolo-roete al langs die gelyknamige rivier ook 'n gunsteling.

Die bosveldkampe is die beste. By die Biyamiti-bosveldkamp maak die getjirp van voëls jou al hier van 4 vm. af wakker – dis toweragtig. By Balule kan jy heeldag sit met die Olifantsrivier voor jou. Ons het op 'n nagrit op die laagwaterbrug net voor Balule op 'n visuil afgekom. Ons het vir byna 'n minuut 'n perfekte blik op dié skaars uil gehad voordat hy weggevlug het.

Ek is ook gaande oor Punda Maria – ek het vanjaar my 600ste voël daar naby afgemerkt – die wimpelvlernaguil!

Baie mense toer in die suide en kom net so ver as Olifants. Dis so rustig in die noorde, en daar's die Pafuri-piekniekplek waar jy met die opsigter Mandla Ngomane kan gesels oor watter voëls tans in die omgewing is.

As ek aan vakansie dink, dink ek aan die Kruger.

Toegerus vir toer!

Die Kruger is 'n voorste bestemming vir kampeerdere, maar as 'n mens ver van die wildtuin af bly, is dit moeilik om jou pakkaas daar te kry. Maar ons stel bekend: Kitted Africa se ten volle toegeruste toerbussie.



S114 NABY DIE MALELANE-HEK



PRETORIUSKOP-RUSKAMP



Die Kruger het heelwat bekostigbare blyplek met gemeenskaplike geriewe, maar dan moet jy heelwat goed van die huis af saampeikel, wat kan sukkel as julle besluit om te vlieg – 'n mens kan ook net soveel messegoed in jou klere toedraai. Kitted Africa bied 'n oplossing. Sy bussies is volledig toegerus vir twee mense; van 'n tent, kampstoele en tafels tot handdoeke en 'n sepie! En as jy jou tent staangemaak het onder 'n vaalboom by Pretoriuskop en begin uitpak, verskyn nóg oulike ekstras: 'n koffiedompelpot, sitronella-kers, kamplampie en herlaaibare waaier. Dis amper soos Mary Poppins se handsak.

Die toerusting is logies gepak in gemerkte kampkrate wat soos laaie by die agter deur uittrek. Die kampyskas trek uit by die sy deur. Trouens, dit gaan jou inspireer om oor jou eie kampsituasie te besin.

Die bussie is die Suzuki Eeco-paneelwa – jy draai die venster met 'n handvatseltjie en sluit die petrolkappie met 'n sleutel oop (wanneer laas!). Die goedjies dra alles by tot die sjarme van dié ougat bussie.

Met sy 1.2 ℓ-enjin gaan jy nie aan die Grand Prix kan deelneem nie, maar in die wildtuin mag jy in elk geval nie meer as 50 km per uur ry nie. Die bussie sit hoog op sy wiele vir ver kyk en jy kan dit maklik bestuur as jy vinnig moet omdraai vir 'n jagluiperd wat verbysuiker. En dis verspot lig op petrol.

As jy diep in jou kampstoel langs die draad in die ruskamp sit terwyl die son sak, is jy dankbaar dat alles wat jy nodig het, byderhand is.

Hoe werk dit? Die bussie het alles wat twee mense nodig het vir 'n gerieflike kampvakansie. Let wel, jy slaap nie in die bussie nie; jy gaan steeds 'n tent moet opslaan. Maar dis een van daardie OzTrail-tente wat vinnig op en af kan slaan – die tentpale vou op soos 'n spinnekop se pote. Ek en my suster kon dit binne 11 minute opslaan.

Waar? Kitted Africa is in die Nelspruit-omgewing. Hulle kry jou met die bussie by enige pendelpunt in Nelspruit of by die Kruger-Mpumalanga- internasionale lughawe.

Wat kos dit? Vanaf R1 300 per dag as jy dit vir 7 dae bespreek (daar's 'n minimum bespreking van 3 dae).

Wat nog? Kitted Africa bied toer-pakkette aan vir die Kruger se basiese hutte of safaritente waar jy steeds van jou eie toerusting nodig het.

Kontak ☎ 082 820 1330

📧 kittedafrica.com

Vaar geruisloos deur die Kruger

Op 'n vakansie in die wildtuin bring 'n mens byna die helfte van jou tyd in jou voertuig deur. In 'n **Ford Everest Sport** voel dit asof die Kruger 'n oseaan is waarop jy rustig vaar.

DEUR **ESMA MARNEWICK**



BALULE-KAMP

“**M**amma, ons het ons eie laaier en *aircon*!” was die eerste ding wat my dogter Emilie uitgeroep het toe ons in die Ford Everest Sport klim – die leenmotor tydens 'n toer na die Krugerwildtuin.

As 'n mens by dié Everest inklim, voel dit nie asof jy by 'n voertuig inklim nie. Binne is dit swart, grys en silwer... alles vaartbelyn. Die kajuit is ruim, die sitplekke sag en die lugversorging blaas byna onmiddellik yskoud ('n noodsaaklikheid in die wildtuin se 40 °C-dae).

Dit voel asof jy in 'n vyfsterkajuit van 'n plesierboot inklim. Die sleutel is bloot 'n knoppie wat jy druk en dan trek jy uit die parkeerplek uit en vaar op die teer- en grondpaaie soos 'n MSC-skip op die kalm waters van Mosambiek.

Dis die soort voertuig wat maak dat jy wil ry, selfs al reën dit en sien jy vir kilometers net rooibokke en druipnat bobbejane. En (bonus!) die brandstofverbruik is puik vir so 'n groot voertuig – rondom 7,5 ℓ per 100 km op die langpad.

Net 'n vrywaring: Hierdie skrywer bestuur 'n Nissan Livina (oud maar afbetaal) en hou vakansie in 'n 2013 Toyota Hilux (dieselfde storie). En neem dus geen aanstoot as “niks gewoond” by die leser opkom nie.

Daar is genoeg redes waarom die voertuig nuut rondom R1 029 000 kos. (Teen R924 000 is die intreevlak-Everest XLT 'n aks goedkoper.) In dié voertuig wens jy nie vir enigiets nie... Trouens, net as jy dink daar kort vashouplek by die venster, dan is daar 'n handvatself!

Op die instrumentepaneel pryk 'n groot 30 cm-raakskerm, die Imax van voertuigskerms, waarop jy die GPS kan volg en sien wat agter jou aangaan. As die kinders dus iets met kolle tussen die struik gewaar, kan jy maklik agteruitry... net om te sien dis 'n rooibok.

Die skerm help ook as jy by daardie smal parkeerplekkies tussen twee rondawels moet in- en uitmanoevreer.

Die meeste paaie in die wildtuin vereis nie veel 4x4-vernuf nie, maar enige ou kan met dié voertuig 4x4 ry. Met ses rymodusse (“Normal”, “Eco”, “Tow”, “Sand”, “Rut”, “Slippery”) druk jy bloot 'n knoppie en die voertuig weet wat om te doen.

My man, Tobie, bestuur meestal tydens wildtuinvakansies sodat ek foto's kan neem. Van al die voertuie wat ek al op



Weg-toere gery het, het die Everest die meeste beweegruimte voor – net meer as 1 m. Onder by my voete moet die volgende gewoonlik inpas: 'n Kerasak, 'n groot zoemlens, gidsboeke en 'n verkyker. Boonop het die 18-35 mm-lens mooi in die koffiekoppiehouer gepas wat die omruil van lense vergemaklik het. In die Everest is twee mossieneste – een vir jou selfoon, 'n potjie Zambuk, snesies en 'n pen of twee en 'n groter een vir 'n kaart, voëlboek en 'n pakkie droëwors.

Selfs die kinders het minder baklei, want hulle het genoeg plek vir hulle “noodsaaklikhede” soos inkleurpotlode gehad. Dié sewesitplekvoertuig het vele eienskappe om jou tyd in die wildtuin so genotvol as moontlik te maak. Die bakwerk se hoogte van 1 837 m en grondvryhoogte van 226 mm help baie as 'n mens in die somer wild tussen die lang gras soek. Nog 'n puik funksie vir die wildtuin is die spoedbeheer wat jy op 50 km/h (die Kruger se maksimum spoedgrens) of nog stadiger kan stel. Die groot kantspieëls help dat 'n mens kan sien of daar dalk 'n luiperd agter die motor oor die pad sluip. En hier's plek vir elkeen se koffiekoppie.

Teen 260 ℓ is die laairuim gaaf – met 'n elektriese luik wat vanself oopmaak. Met al die agterste sitplekke platgeslaan, is hier genoeg plek (1,818 ℓ) vir 'n week lange – of maand lange, afhangend van hoe jy pak – selfsorg- of kampvakansie.

Wat pla? Sjoue, as ek nou iets móét soek – 'n oopskuidak sou gaaf gewees het vir roofvoëlkyk (die duurder Wildtrak-model het wel een). Dit sou gehelp het as die kantspieëltjies voor- en agteroor kon buig. Dit het soms foto's neem belemmer.

Ek sou ook bekommerd wees as iets met die rekenaarstelsel verkeerdloop doer noord in die Pafuri-pieknickerrein, want dié meneer (soos die meeste moderne motors) gaan jy nie met 'n stuk bloudraad kan regdokter nie.



FORD EVEREST SPORT

Enjin	2 ℓ-bi-turbodiesel met 4 silinders (154 kW/500 Nm)
Brandstoftenk	76,5 ℓ
Grondvryhoogte	226 mm
Ratkas	tienspoed, outomaties
Aandrywing	4x2 of 4x4
Bagasieruim	Derde ry, regop: 259 ℓ; Derde ry, platgeslaan: 898 ℓ Tweede en derde rye, platgeslaan: 1,818 ℓ
Prys	R1 029 000



KAMPGIDS SUID

- 64** BERG-EN-DAL
- 70** KROKODILBRUG
- 72** BIYAMITI
- 76** SKUKUZA
- 80** ONDER-SABIE
- 84** PRETORIUSKOP

HOOGTEPUNTE

- 1** Soek die Groot Vyf rondom Krokodilbrug.
- 2** Kom op ooghoogte met 'n krokodil by die Biyamiti-keerwal.
- 3** Word saam met die voëls wakker in die Biyamiti-bosveldkamp.
- 4** Hou die son en die diere dop by die Sunsetdam.
- 5** Bly kalm en soek voëls by Lake Panic.
- 6** Kyk uit oor die Afrika-vlaktes by die Nkumbe-uitkykpunt.



HIÉNA OP 'N DRAFSTAP, H3

BERG-EN-DAL MALELANE

Berg-en-Dal na Afsaal	30 km	±1 h
Berg-en-Dal na Krokodilbrug	66 km	±2½ h
Berg-en-Dal na Skukuza	64 km	±2½ h

bl. 82

Krugerwildtuin

SLEUTEL

-  Ruskamp / lodge
-  Stap- of 4x4-kamp
-  Hek
-  Piekniekplek
-  Voëlskuiling
-  Uitkykpunt (jy mag uitklim)
-  Uitkykpunt (bly in jou kar)
-  Punt van belang
-  Watergat
-  Berg / heuwel / koppie
-  Moslem-bidplek
-  Dorp
-  Klein dorp
-  Vliegveld
-  Teerpad
-  Grondpad
-  Weg se wildkykroete
-  4x4-roete (permit nodig)
-  16 Afstand
-  Rivier (standhoudend)
-  Rivier (nie-standhoudend)
-  Parkgrens
-  1 Hoogtepunt

Wolhuter-staproetekamp 

Boesman-staproetekamp 

'n Mens sien gereeld olifante, buffels en sebras by dié watergat. Die ses Matjulu-leeus beweeg ook tussen die watergat en die ruskamp. Kyk mooi, die een mannetjie en 'n welpie loop effens mank.

Malelaneberg

 Khandzalive
840 m


Mpumalanga

Newudam

Stolsnekdam

Matjulu

Krokodil



na Skukuza
bl. 68 / bl. 83

Afsaal
Jock

Little Serengeti

'n Rooikat
word gereeld op
dié pad gewaar.

Renosterpan

Die S118 was in die
verlede bekend as jag-
luiperdwêreld, maar
Peter sien hulle deesdae
naby die James-pan.
Die Lukimbi-leeus beweeg
ook tussen James-pan en
die S25-afdraai.

Soek sowat 300 m van die H3 af in die hoë bome
vir 'n reuse-ooruil wat hier woon. Ongeveer 2,4 km
voor die aansluiting met die S114 is 'n kol wat
Matshamanghala genoem word – dit beteken
“die plek waar die leeus bly” in Tsonga. “Ons sien
gereeld twee wyfies en ses welpies hier. Die een
wyfie het 'n kort stert,” vertel Peter.

Koedoes hou van dié
bergagtige gebied en 'n
trop van 6 wildehonde
met 15 welpies het 'n
lêplek langs die pad.

Hiënas het 'n lêplek in 'n
duiksloot ongeveer 500 m
noord van die S121-afdraai.
Hier is nóg 'n lêplek verder
noord tussen die Mlampane-
brug en die “Little Serengeti”.

Naby die S114- en S25-aan-
sluiting is 'n seisoenale pan wat
Peter “Maraboe-pan” noem. Hy
het al 200 op 'n slag gesien!

na Krokodilbrug

Peter het onlangs 'n Ielspreeu, wat
meer in die noorde van die park
voorkom, by die Gardenia-skuiing
gesien. Hy sien ook gereeld die
rooirugstreepkoppie, klipstreep-
koppie, gewone ruiter, gewone
dikkop en die waterdikkop.

bl. 68

Berg-en-Dal

Timfenheni beteken “die
bobbjane se plek”, maar
dit is ook 'n goeie gebied
vir buffels – hier's 'n klomp
panne waarheen hulle graag
kom vir 'n modderbad.

'n Luiperdwyfie met
twee groot welpies hou
naby dié grondpad.

Peter Zitha, Berg-en-Dal se hoofgids, verwys
na die S110 tussen die ruskamp en die
Malelane-hek en die stuk pad tussen dié hek
tot by die brug oor die Matjulu-rivier op die
H3 as die “magic roads” omdat jou kans om
'n luiperd te sien byna 100% is. “Tussen die
Malelane-hek en die Matjulu-brug sien ons
gereeld vier luiperds saam. Die wyfie, Tatiana,
en mannetjie, Maximus, en hulle kroos Nala en
Mzimo,” vertel hy. (Mia het so wrintie vir Nala
by die Matjulu-brug gesien. – Red.)

MALELANE

na Komatipoort

na KaMatsamo

na Mbombela

BERG-EN-DAL & MALELANE

Die naam Berg-en-Dal is in die kol. Hierdie bergagtige landskap in die suidweste van die park het verskeie granietkoppies, wat die plantegroei beïnvloed. Dis oortrek met kiereklappers, vaalbome, rooiboswilge, maroelas, en groter bome soos hardekole in die rivierlope. Het jy al ooit 'n olifant sien "bergklim"? Hier kan jy – kyk mooi al langs die hellings van die koppe.

Berg-en-Dal is een van die "jonger" ruskampe en lyk heeltemal anders as die ander. Saam met skouerkuusings, uitgaansweetpakke en *legwarmers* is dit so reg uit die tagtigerjare (dis in 1984 voltooi). Alles is van klinkersteen gebou! Maar die klinkersteenhuise met stoepmuurtjies is meer privaat as die rye rondawels in van die ander kampe.

Die kinders kan heelmiddag in die groot swembad Marco Polo speel; hier is ook 'n vlakker poel vir die kleintjies. Vakansietye kan hulle saans in die amfiteater 'n fliek kyk.

En as jy die pesto by die huis vergeet het, kan julle na die Spar op Malelane ry – dis net sowat 20 km weg.





OPGEKNAPTE FA-GESINSKOTHUIS NO. 84



AKSIE IN DIE MATJULU-RIVIER



LUIPERD, H3

Wie bly in Berg-en-Dal?

Hier is 'n luiperdwyfie wat naby die kamp bly en nóg 'n wyfie met een welpie tussen Berg-en-Dal en die Matjulu-rivier. Dit lyk of daar 'n toename in luiperdgetalle in hierdie omgewing is," vertel Peter.

Die Matjulu-dam teen die suidelike grens van die ruskamp is tans baie vlak en vol sand weens die afgelope jare se vloede. Daar is planne om die dam reg te maak, maar as jy hier op 'n bankie sit, sien en hoor jy nogtans voëls soos die nonnetjie-eend, swartkopwielewaal, blouereier en visarend.

Peter sê as jy in die aand braai, moet jy jou oë oophou vir die muskeljaatkat, sivetkat, ystervark en die ratel wat soms langs die kamp se draad loop.

WAT SÊ DIE MENSE?



PETER ZITHA
HOOFGIDS: BERG-EN-DAL
19 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR BERG-EN-DAL Ek werk juis in die omgewing omdat ek van renosters hou. Ek het gesukkel in die noorde van die park – 'n mens sien hulle nie sommer daar nie.

Dis ook maklik om die Groot Vyf om Berg-en-Dal te kry. Die buffels is die moeilikste om te sien, maar hulle kruip gewoonlik langs die S121 weg. Op ons staptoere rondom die kamp sien ons gereeld die ieternagag en bergskilpad. My raad aan mense is om die kleiner goed ook te waardeer. Baiekeer as jy die klein diere soek, dan sien jy die grotes per toeval."



JOHANN MDLULI
KAMPBESTUURDER: BERG-EN-DAL
19 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR BERG-EN-DAL Hierdie is 'n gerieflike kamp, want dis naby die N4. As jy van Johannesburg af ry en jy kom laat by die park aan, is hierdie 'n goeie kamp om jou vakansie mee te begin voordat jy verder toer. In die somer kry ons heelwat trekvoëls in die kamp: die gestreepte nuwejaarsvoël, meitjie, swartkoekoek en die diederikkie.

OOR SY GUNSTELING-DIER Ek is altyd opgewonde as daar jagluiperds naby is. Hulle hou nie hier reg rondom die kamp nie, maar nader aan die ooptes tussen die Mhlambanerivier en Afsaal.



MALELANE-KAMP

Wie bly in Malelane? 'n Trop leeus beweeg rondom die kamp. "In Desember het hulle 'n waterbok téén die draad gevang!" vertel Peter.



WAAR IS WILLE? S110

WAAR BLY EK?



BERG-EN-DAL KAMP

In Berg-en-Dal voel dit asof jy jou eie stukkie bos het: die kampplek, eenhede en hoofkwartier is mooi uitgesprei al langs die Matjulu-spruit en -dam. Die kampterrein is nie gelyk nie, maar die staanplekke is groot, hier is vele opsies langs die draad en die bergagtige landskap met groot bome en bosse hou dinge privaat. Die eenhede teen die draad het 'n uitsig oor die spruit, en no. 23-26 kyk uit oor die bloop van die dam (wat op die oomblik meer vol sand as water is).

FA-gesinskothuis no. 84 is opgeknop: die klinkerstene is grys geverf, binne is modern en 'n rolstoelvriendelike ingang en stort is aangelas. Daar is planne om elke jaar een of twee eenhede te moderniseer.

Koste Kamp R481 p.n. vir 2 mense met 'n krag, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6). BA-huthuise: Vanaf R1 879 p.n. vir 2 mense; R2 037 vir een langs die draad, R335 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 3). FA-gesinskothuise: R3 526 p.n. vir 4 mense, R604 p.p. wat bykom en

R302 per kind (slaapplek vir 6). Gastehuise: Vanaf R7 634 vir 6 mense (plek vir 6 of 8 mense). ☎ 013 735 6145/06

MALELANE-SATELLIETKAMP

Johann Mdluli sê gaste oornag dikwels vir die eerste keer by Malelane omdat hulle nie elders in die park plek kry nie, maar kom dan weer terug na die satellietkamp – meestal omdat jy 'n uitsig oor die Krokodilrivier het. Malelane (die dorp) en omliggende plase is ongelukkig ook sigbaar, maar die kamp se grootte vergoed daarvoor. Dis piepklein met net 5 huthuise en 15 staanplekke. Die kampterrein is effens beknop met min koelte.

Maar die huthuise is uitgesprei onder groot bome met 'n netjiese grasperk wat oor die rivier uitkyk. Die huthuise het elk 'n braaiplek onder 'n grasdakhoma.

Koste Kamp: R480 p.n. vir 2 mense, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6 mense). BG-hutte: R1 719 p.n. vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 3 of 4).

☎ 013 735 6152



BERG-EN-DAL



BERG-EN-DAL



AFSAAL-PIEKNIKPLEK



KAMEELPERD, S114

KROKODILBRUG ONDER-SABIE BIYAMITI

Krokodilbrug na Onder-Sabie

36 km

±1½ h


Ry Onder-Sabie toe vir ontbyt

In Krugerterme is Onder-Sabie "om die draai" van Krokodilbrug – julle kan maklik vroegoggend gaan leeus soek langs die S28 en betyds wees vir 'n laatontbyt by Onder-Sabie se restaurant.

Die dam is in die droër maande 'n gewilde uitgangplek vir die diere. Kom span gerus 'n tydjie hier uit.

By die keerwal in die Biyamiti-rivier kan jy op ooghoogte kom met 'n bosruiter of krokodil. Wees op die uitkyk vir wolnekooievaars.

Bedurf jouself met 'n aand in die gewilde bosveldkamp – jy't jou eie stuk private pad en uitkykpunt.



Krugerwildtuin

Die teerpad loop verby grasvlaktes, doringruigtes en 'n stuk van die Sabierivier. Dis nóg 'n pad waar jou kanse goed is om die Groot Vyf te sien. Draai ook af na die Gezantfombidam in die Vurhami-rivier naby Krokodilbrug en kyk hoe seekoeie, bloureiers en krokodille sirkels om mekaar loop.

Dié skuiling is by 'n groot poel vol waterlelies waarop grootlangtone versigtig trap. Drink rustig jou koffie hier; jy sien dalk hoe 'n baber probeer om 'n swartriethaan te gaps.

Die H4-2, H5, S108 en die S25 is 'n mooi sirkelroete deur digbegroeide rivierlope onderdeur groot ou jakkalsbessie- en trosvybome. Dit kruis 'n paar laagwaterbruggies waar hamerkoppe en groenrugreiers kuier.

Hierdie pad loop deur ruië bos – 'n gunsteling-habitat vir luiperds

Die S28, S137, S130 en H4-2 is 'n puik wildkykroete en jou kanse op die Groot Vyf is groot. Die S28 loop deur oop vlaktes soetweiding terwyl die S130 deur doringruigtes kronkel – leeu, jagluiperd én luiperd hou langs die sirkelroete.

Jou kanse op jagluiperds is goed op dié stuk pad. Krokodilbrug se drie inwonende mannetjies, en 'n wyfie met 'n welpie se jaggebied oorvleuel hier.

Jackalberry Ridge
(in Marloth Park)

Mpumalanga

Krokodilbrug

Shishangeni

na Komatipoort

bl. 75

na Skukuza

H10

na Tshokwane

H4-1

Sunsetdam

Onder-Sabie

Sabie

Lebombo-ekoroete

Ntandanyathi

Nhlanganzwanidam

Gomondwane

Sardelli se winkel

De Kuiper

Gomondwane-luspad

Vurhami

Gezantfombi
Gezantfombi

Seekoeipoel

Krokodilbrug

Krokodil


KROKODILBRUG

Krokodilbrug is bedrywig op verskeie vlakke. Die ruskamp is na aan 'n ingangshek – hier's heelwat verkeer, ook van die lodges van buite af. Hier's dus baie voertuie, maar ook baie diere. Die ruskamp is op basaltvlaktes met vele natriumhoudende kolle in die laerliggende gebiede wat water goed hou. Wat beteken dit? Heerlike vlaktes vol kort, soet grassies en modderige rolplekke ná die reënseisoen. Dié kombinasie lok olifante, vlakvarke, wildebeeste, sebras en rooibokke. Die akasiabome en -struik lok blaarvreters soos kameelperde en koedoes.

En 'n mens hoef nie ver te ry vir aksie nie. Hoewel buffels en renosters skaars is, ding leeus, luiperds en jagluiperds mee vir 'n maaltyd langs die S28, S130, H4-2 en S25. Met die hiënas kort op hulle hakke. En as hulle mae vol is, lê hulle in 'n boom, op 'n klip of in die veld en wag vir jou om 'n foto te kom neem.



LEEUEVERKEERSKNOOP, H4-2



WITRENOSTER



ROOIBEKRENOSTERVOËLS, S28

i BRAAI TUSSEN DIE DIERE

Dis salig om laatmiddag 'n vuurtjie in die ruskamp aan te steek, maar 'n braai diep in die bos is besonders. 'n Gids tel julle 4 nm. op vir 'n rit deur die veld. Daarna ry julle na 'n boma 'n entjie weg van die Gezantfombidam. In die somer kry jy 'n yskoue waslappie en 'n drankie met aankoms. 'n Lang tafel staan gedek met kerse en sonkragligte. En lekkernye soos steak, braaihoender, boerewors, pap met shebasous, mielies, braaibroodjies én slaai is op die spyskaart. En vir nagereg is daar malvapoeding, koeksisters én malvalekkers om te braai. Die beste van als? Teen 10 nm. – lank nadat al die ander gaste reeds liggies in die ruskamp snork – ry julle op die verlate paaie en gewaar springhase, verkleurmannetjies en nog wat!

Koste Dit hang af van die grootte van die groep. Slegs kinders ouer as 12 jaar.

☎ 072 591 5100; 🌐 royalsafaris.co.za

WAT SÊ DIE MENSE?



JACOB MLANGENI
SENIOR VELDGIDS: KROKODILBRUG
19 JAAR IN WILDTUIN

OOR KROKODILBRUG SE LEEUS Hier's verskeie leeutroppe tussen Krokodilbrug en Onder-Sabie. Krokodilbrug val binne die jaggebied van die Vurhami-leeutrop. Die bekende leeuwyfie Maria (sy dra 'n halsmonitor) is 'n goeie jagter. Sy's gewoonlik in beheer van die trop, maar ongelukkig het die trop in kleiner groepe verdeel. Voorheen was hier 'n groot trop met drie groot mannetjies: Tanker, Splitnose en Blondie, maar hulle is een vir een deur leeus van 'n ander trop afgemaai. Dit wil voorkom asof die nuwe leeus van die omgewing tussen die H5 en S21 kom. Die leier is vreeslik knorrig en ons noem hom Grumpy. Mense sien hom dikwels langs die pad. Hy's nie 'n gelukkige leeu nie, maar hy en sy vriend beheer nou die Vurhami-trop.

Nog 'n interessante feit oor die Vurhami-trop – hulle is bekend daarvoor dat hulle boomklim. Ek kon my oë nie glo toe ek die eerste keer 'n leeu in 'n jakkalsbessieboom sien nie!

Die Vurhami-trop word meestal langs die S28 gesien en soms in die eerste paar kilometer van die S25. Aan die ander kant van die afdraai na die Hippo Pools-pad (S27) begin die jaggebied van die Hippo Pools-trop. Die Vurhami-leeus lê ook soms op die sanderige wal van die Gezantfombidam.

Die Gomondwane-trop hang weer uit rondom die S130. Grumpy het ook een van hulle groot mannetjies, Stompie, doodgemaak.

Die Shisangeni-trop se gebied is weer rondom die afdraaipad na die gelyknamige private lodge toe.

OOR LUIPERDS Ek is dol op luiperds. Hulle is koel en kalm en daai snorbaarde! Hulle kan in die donkerste toestande steeds jag. Hulle is berekend – hulle maak seker hulle kans om iets te vang, is uitstekend. Hulle verkies die digte ruigtes langs die S130 en die H5. As dit góéd gereën het, sien 'n mens dikwels 'n dag of wat later 'n luiperd op die teerp pad, besig om hulle gebied te merk. Die reën was alles weg en dus moet hulle van vooraf merk.

OOR JAGLUIPERDS Jagluiperds hou van die wye, oop vlaktes langs die S28, maar hulle het 'n groot loopgebied en word soms langs die H4-2 gesien en die eerste 2 km van die S25. Ons het drie mannetjies waarvan een 'n halsmonitor dra. Daar is ook 'n wyfie met 'n welpie wes van die Hippo Pools-afdraai. Die jagluiperds beweeg baie rond; hulle probeer om die leeus te vermy. As die leeus dus diékant is, dan skuif hulle na die ander kant toe – dis soos 'n mallemeule, maar hulle moet dit doen, want anders maak die leeus hulle dood.

OOR WILDEHONDE Hulle besoek soms ons omgewing vir 'n dag of twee, maar verdwyn weer. Die beste plek om hulle te soek is alkante van die S130 – ons dink hulle het 'n lêplek dieper veld-in. Hulle probeer ook die leeus te vermy.

OOR HIËNAS Daar was altyd 'n hiëna-lêplek in 'n duikslot net na die H5-afdraai, maar die Gomondwane-leeus het hulle verjaag. Hulle het dieper die veld-in geskuif, maar 'n mens sien hulle nog langs die H4-2-teerp pad veral op die sonsopkomsritte as hulle ná 'n nag se rondloop terugkeer.

WAAR BLY EK?



KROKODILBRUG-RUSKAMP

Dié ruskamp is pynlik netjies en 'n mens vergeet gou van die buitewêreld as jy op die grasperk onder 'n valsmaroela- of bruin-ivoorboom met jou voëlboek sit.

Dié klein kamp het 8 safaritente, 20 huthuise en 20 staanplekke. Hier is nie 'n swembad of 'n restaurant nie. Jy kan toebroodjies of pasteie koop by die winkel en 'n espresso of cappuccino bestel.

Die kampterrein is netjies gemerk met 'n hele paar staanplekke langs die draad – die drie links van die twee safaritente is die beste.

'n Kragdraad en die grondpad na die personeel-huise bederf die bosgevoel, maar as dit eers donker word, roep die naguiltjies hier net so hard as dieper in die park.

Twee (no. 7 en 8) van die 8 safaritente het 'n puik ligging langs die draad in die kampterrein – die ander 6 is in 'n halfmaan by die huthuise.

Die tente deel ablusies en 'n kombuis. Die BD-huthuise is byna almal teen die draad. Van hulle kyk uit op die stuwal in die Krokodilrivier waar pompe heeldag onderlangs dreun. No. 9 in die verste hoek is die gewildste.

Koste Kamp: vanaf R482 met 'n kragpunt, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6). Safaritente: vanaf R895 vir 2 mense. BD-huthuis: vanaf

R2 046 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 3).

📞 013 735 6012

BIYAMITI-BOSVELDKAMP

Biyamiti is die enigste bosveldkamp met 'n stuk private pad (S139, 18 km) waar jy die Groot Vyf kan sien én 'n uitkykpunt waar jy kan uitklim en vroegoggend warm fleskoffie kan drink. Dis uiters gewild; bespreek dus lank vooruit!

Verder is die bosveldkamp na aan die Krokodilbrug- en Malelanehek, en dus die N4-snelweg. Besoekers kan die oggend 'n wildrit doen of by die Biyamiti-keerwal gaan sit en betyds by die O.R. Tambo- of Lanseria-lughawe wees. Dit lê ook rofweg in die middel van Krokodilbrug-, Onder-Sabie-, Skukuza- en Berg-en-Dal-ruskamp; dus kan jy elke dag 'n ander rigting inslaan op soek na diere.

Die bosveldkamp is langs 'n droë rivierbedding en 9 van die 15 huisies het 'n uitsig. Hier is kothuise met oopplankombuise (slaapplek vir 2) en groter gastekothuise (slaapplek vir 5). Hier is alles wat jy nodig het, maar moenie iets fênsie te wagte wees nie.

Koste Vanaf R2 091 p.n. vir 2 mense, R604 p.p. wat bykom en R302 per kind (slaapplek vir 4 mense).

📞 013 735 6171



PRIVATE UITKYKPUNT NET VIR BIYAMITI-GASTE

Wie bly in Krokodilbrug? Hier's 'n paar bosbokkies en vlakvarke. Personeel het in die verlede die vlakvarke gevang en elders afgelaai, maar die kalante is weer aan die terugkom. Hulle maak allerhande moeilikheid, want hulle grawe oral, ook onder die tente terwyl gaste wil slaap!

PLAN B

JACKALBERRY RIDGE

Marloth Park is sowat 20 km van die Krokodilbrughek af. Let wel: Hier's plekke wat hulleself as "lodges" adverteer en dan net 'n klinkersteenhuise in iemand se tuin is. Jackalberry Ridge se netjiese safaritente is privaat en in die bos. Elke tent het 'n kombuis, braaiplek, uitkykdek en plonspoel. Hier's ook 'n gemeenskaplike swembad en speelplek vir die kinders. Die kampplekke het 'n kombuis en private badkamer. Kamp: R1 100 p.n. vir 4 mense. Safaritent: Vanaf R2 070 p.n. vir 2 mense (slaapplek vir 4, 6 of 8 mense).

📞 0861 010 347; 🌐 dreamresorts.co.za



VLAKVARK, S28

Mpumalanga

Ry die Goue Driehoek

Eet iets by die Tshokwane-piekniekplek

Koel af by die Skukuza-dagbesoekersterrein

Kyk wyd by die Mathekenyane-uitkykpunt

Skukuza-gholfbaan

*Hier's altyd iets te sien
by die skuiling – sit ten
minste vir 'n halfuur hier.*

Skukuza-kwekery

Skukuza


Skukuza-dagbesoekers


In die winter is
jou kanse goed om
groot katte op die
luspaadjies langs die
pad te gewaar.

Die paaie rondom die riviere is soms in die somer gesluit weens vloedskade, maar die H1-2 en die H4-1 is 'n gawe sirkelroete wat twee brûe insluit.

Jou kanse is goed om wilde honde tussen die S65 en die H1-1 te sien. Soms sien mense hulle langs die S65, anders by die De Laporte-waterrat.

Krugerwildtuin

Die park se eerste bewaarder, James Stevenson-Hamilton, en sy vrou, Hilda, se as is van die koppie af gestrooi.



Tshokwane

Orpendam

Koop vir jou 'n roosterkoek en 'nAmericano by Tshokwane en kom sit hier.

Muntswini 353 m

Nkumbe 407 m

Nkumbe

Hierdie uitkykpunt is die mooiste een in die suide. die hele H10-teerpad van Onder-Sabie tot hier is 'n mooi roete!

Kruger-tabletkop

Orpen-klippe

Nwatindlopfu

Die pad is genoem na die Sjangaan-hoof wat in die gebied regeer het voordat die park geproklameer is. Dis 'n mooi bosveldpad met 'n hele paar afdraaie tot teenaan die rivier.

Lees op bl.13 oor die nuwe, luukse private tentkamp.

Nkuhlu Tented Camp
Nkuhlu

Soek leeus langs dié pad.

Dele van die pad is gesluit weens vloedskaie – maar dit pla nie die leeus of luiperds nie. Hier's 'n paar hiëna-lêplekke langs die pad. Een voor die eerste ompad en een na die afdraai na die N'watihiri-laagwaterbrug.

Kom sit laatmiddag óf vroegoggend met 'n verkyker by die dam. (Ons het in Februarie die skaars waterploëer hier gesien. – Red.)

Sunsetdam
Onder-Sabie

Muntshe 433 m

Mlondozi

Die S122 en S29 wemel nou nie van die diere nie, maar dis mooi, stil paaie waar 'n mens voel jy is die eerste mens wat in hierdie geweste ry.

Jagluiperds stap hier rond.

SKUKUZA

A leopard with a distinctive spotted coat is curled up and resting on a thick, textured tree branch. The leopard's head is tucked down, and its long, spotted tail hangs down from the branch. The background is a soft-focus view of a savanna landscape with green bushes and trees under a bright sky.

Skukuza is die bedrywige hart van die wildtuin. Dis ook hier waar 'n treintoer van nege dae genaamd Rondomtalie in 1923 vir 'n nag oorgestaan het – een van die eerste “toerisme-uitstappies” in die toe Sabie-wildreservaat. Deesdae het die ruskamp twee ghrênd hotelle, etlike eetplekke, konferensiegeriewe, 'n lughawe en 'n golfbaan. Pla dit die diere? Dit lyk nie so nie. Papegaaiduiwe raas in die vyeboom en bobbejane kom drink skemerkelkies uit die swembad.

Die ruskamp is in 'n goeie wildkykgebied. In die winter sien jy dikwels leeus, luiperds, wildehonde, hiënas en toeriste met groot glimlagte op hulle bakkies op die paaie rondom die kamp.



i KRY 'N AREND

Skukuza se negeputjie-gholfbaan is nie omhein nie; dus kan 'n krokodil by 'n bof vir jou wag. Die baan en geriewe het 'n grootskaalse opknep ondergaan. Hier is nou 'n winkel met beroepstoerusting en Henry's Restaurant and Bar met tradisionele kroegkos soos steak, hoendervlerkies en beesstert. Kies of jy dit saam met tjips, slaai of pap en sous wil hê.

Die restaurant is oop van 7 vm. tot 8.30 nm. en het 'n gratis pendeldiens wat gaste vir aandete van Skukuza kom oppik en weer ná hektoemaaktyd kan terugneem – reël vooraf. **Waar?** Draai regs buite Skukuza op die H11 en draai ná 4 km weer regs op die S42. Volg die grondpad verby die Lake Panic-voëlskuiling.

Oop Elke dag van 7 vm. tot 8 nm. En Sondag tot 6 nm.

Koste Vanaf R297 vir 9 putjies en R440 indien jy nie 'n lid van 'n geaffilieerde klub is nie.

📍 skukuza-golf.co.za; ☎ 013 110 4660 (Jy moet bespreek om te speel.)

i KOOP INHEEMSE PLANTE

Wil jy 'n impalalelie of 'n kremetartboom vir jou tuin aanskaf? Mik na die Skukuza-kwekery langs die gholfbaan.

Dis 'n koel, boomryke kol en hier's 'n klimraam en die BeeWise-roete met allerlei raaisels om die kinders besig te hou.

Oop Maandag tot Vrydag: 7 vm.-4 nm.

Saterdag tot Sondag: 8 vm.-4 nm.

(Gesluit tussen 1 vm.-2 nm.)

☎ 013 735 0093

i BESPREEK 'N VLUK

Dis nie goedkoop nie, maar jy kan direk Skukuza toe vlieg. 'n Retoerkaartjie van Johannesburg af kos vanaf R4 500 p.p. en R6 500 p.p. van Kaapstad af. Jy kan 'n voertuig op Skukuza huur.

📍 skukuzaairport.com

☎ 013 5909 196



WAT SÊ DIE MENSE?



PILOT NXUMALO SENIOR VELDGLIDS: SKUKUZA 22 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR LUIPERDS *Kyk gereeld in jou tru- en kantspieëltjies wanneer jy rondry. Die katte hoor 'n voertuig aankom en kruip dan weg. Sodra jy verbyry, kom hulle uit en stap op die pad agter die voertuig aan.*

OOR LEEUS *Elke lid van 'n leeutrop het sy taak. Ek het eenkeer op vier leeus afgekom. Twee was besig om 'n buffel plat te trek terwyl die ander twee op die grond lê en wag. Toe die buffel op die grond lê, het een van die ander opgestaan en reguit vir die keel gemik en gebyt. Toe die buffel vrek is, het die vierde een opgestaan en begin om die buffel oop te skeur.*

OOR HIËNAS VS. WILDEHONDE *Na sowat 700 m se stap op 'n oggendstappie het ons 'n hiëna gewaar. Toe ons naderstap, sien ons dis twee jong hiënas wat 'n impala vreet. 'n Trop wildehonde het aangekom en die hiënas verjaag.*

'n Paar minute later het drie hiënas gekom en toe's daar 'n bakleiry. Die hiënas het die oorhand gekry en die wildehonde het op 'n afstand gestaan en kyk. Ons was 12 m van die toneel af. Nodeloos om te sê het ons nie daai oggend verder gestap nie.

WAAR BLY EK?



SKUKUZA-RUSKAMP

Die kampterrein is in terrasse uitgelê. Jy kan tussen twee dele kies as jy wil kamp – óf langs die grensdraad óf naby die swembad. Die staanplekke by die grensdraad is in die koelte, maar nie almal is gelyk nie.

Die staanplekke by die swembad is weer gelyk, maar skaduwee is skraps. Saans, in seisoentyd, is hier ook heel-wat verkeer. Hier is 'n paar staanplekke wat met struik afgesonder is; ry dus eers 'n bietjie rond – jy kan 'n private plekkie soek. Skukuza het twee swembaddens. Een by die kampterrein en een heel aan die anderkant van die ruskamp by die AM Spa.

Hier is 20 safaritente in die suidwestelike hoek van die ruskamp, langs die kampterrein. Die safaritente deel geriewe met kampeers. Van die tente is privaat en langs die grensdraad: Vra vir no. 309 tot 314 of 320.

Hier is elke soort rondawel waaraan jy kan dink. 'n Hele "buurt" van huthuise is oorgedoen (dis BN-huthuise, no. 103 tot 111 en 123 tot 140). Jy sal hulle skaars erken. Die moderne rondawels is ruim met 'n binnebraai, groot skuifdeure en instapstorte.

Jy gaan opdok vir 'n uitsig oor die Sabierivier – dié LR-huthuise het net plek vir 2 mense.

Kyk mooi op die kaart voor jy bespreek: No. 90- 96 is die gewildstes. Die ten volle toegeruste GC-gastekothuise

met slaapplek vir 4 of 6 mense is verder uitmekaar en van hulle is op die rivieroewer.

Die vier gastehuse, Moni, Wild Fig, Waterkant 1 en Nyathi, het elk 'n uitsig op die Sabierivier. Wild Fig is oorgedoen met 'n kuierdek, vuurput en 'n plonspoel. Hulle is tans besig om Nyathi ook oor te doen.

Koste Kamp: vanaf R480 vir 2 mense, met 'n kragpunt, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind. Safaritente met gemeenskaplike geriewe: vanaf R892 vir 2 mense, R221 p.p. wat bykom en R111 per kind (slaapplek vir 2 of 4). BE-, BG- en BN- (die nuwes) huthuise: vanaf R1 797 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R167 per kind (slaapplek vir 2 of 3 mense). BD-huthuis: vanaf R1 964 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R167 per kind (slaapplek vir 2 of 3 mense).

LB-huthuis met gemeenskaplike kombuis: vanaf R2 199 vir 2 mense. LB-huthuis met kombuis: vanaf R2 333 vir 2 mense, R603 p.p. wat bykom en R301 per kind (slaapplek vir 2 of 3 mense). LR-huthuise langs rivier: vanaf R2 746 vir 2 mense. GC-gastekothuis: vanaf R3 516 vir 4 mense, R603 p.p. wat bykom en R301 per kind (slaapplek vir 4 of 6 mense). Gastehuse: vanaf R9 130 vir 8 mense, R960 p.p. wat bykom en R480 per kind (slaapplek vir 8 of 12 mense).

☎ 013 735 4196

☎ 013 735 4265

☎ 082 802 1204



SWEMBAD BY DIE AM SPA

SKUKUZA SAFARI LODGE

Hierdie dubbelverdiepinglodge is 'n moderne plek met stemmige Afrika-kuns en -dekor. Hier is luukse selfsorgeenhede, dubbelkamers en gesinskamers.

Koste Vanaf R4 000 p.n. vir 2 mense, met ontbyt.

☎ 013 329 0000

🌐 skukuzalodge.com

KRUGER SHALATI TRAIN ON THE BRIDGE

Dis peperduur, maar bied 'n ongeëwenaarde ervaring. Jou kamer is 'n treinwa op die ou Selatibrug, waarvan een muur 'n glaspaneel is. Dit voel dus asof jy in die lug hang, op ooghoogte met die geelbekwoue.

Hier is ook die Shalati Bridge House onder op die oewer met vyf dubbelkamers en 'n gesinsuite vir vier. Kinders jonger as 12 word nie in die brugkamers toegelaat nie, maar wel in die Bridge House (let wel: geen kinders jonger as ses nie.) Ongelukkig geen dagbesoekers nie.

Koste SAOG-burgers: R6 500 p.p. en R 3 250 per kind in die Bridge House. R9 550 p.p. wat deel in die Train on the Bridge. Die pryse sluit alle etes, drankies en twee wildritte in.

☎ 013 591 6000; 🌐 krugershalati.com



MIA LOUW

KROKODIL, H1-2



MATHEKENYANE-UITKYKPUNT



NUWE BN-HUTHUISE



OLIFANT, H1-2

MIA LOUW

i GROM JOU MAAG?

Die Cattle Baron op die oewer van die Sabierivier het die beste uitsig. Die Kruger Station (krugerstation.com) wat lyk soos 'n platform van ouds het drie kuierplekke: Round in 9 Bar, Departing Soon Café wat wegneemkoffie, roomys en handtertjies verkoop en die 3638 Restaurant in die laaste lokomotief wat in 1972 deur die Kruger gereis het. Hier's is ook die Li'l Gricers – 'n speelplek vir die kinders.

Dis 'n koel, byderwetse plek met interessante goed op die spyskaart soos *poke bowls*, gemarineerde komkommernoedels en pizzas met vlakvarkwors en avokadopeer (en ja, hier's glutenvrye opsies).

Heel agter is die Kruger 360° Cinema wat in die vorm van 'n silinder gebou is, waar fliëks gewys word.

Oorweeg die Skukuza Safari Lodge se Amukelekani Restaurant of die Sisonke Bar as jy iets rustigers verkies.



CATTLE BARON-DEK

ONDER-SABIE

Almal hou van Onder-Sabie. Herbivore is gek oor die omliggende savanne-grasveld. Hulle lok die roofdiere, veral die groot katte, wat weer besoekers en toeriste van reg oor die wêreld lok. Die Sabierivier is 'n trekpleister vir mens en dier. Leesus kom les hulle dors, olifante bad en seekoeie snork. Mense kom sit op die dek van die restaurant en hou al dié dinge dop.


“Ek het al van die dek af gesien hoe 'n leeu 'n buffel plat trek,” vertel Bongile Louw, die kampbestuurder. “Daar het so baie mense op die dek gestaan dat ek gedink het dit gaan inmekaarsak!”

Asof dit nie genoeg is nie, lê die Sunsetdam skaars 400 m buite die hek waar jy voëlkaperjolle soos 'n buffelwewer wat 'n kleinsingvalk jaag kan dophou. Of kan kyk hoe 'n krokodil 'n waterskilpad se dop kraak.

Onder-Sabie is nie 'n *rus*kamp nie, maar 'n wakkersit-kamp.



NKUMBE-UITKYKPUNT, H10



TENTKAMP BY ONDER-SABIE

WAAR BLY EK?



ONDER-SABIE

Die kampterrein is effens ingedruk tussen die ander geboue, en hier is nie staanplekke langs die draad nie. Die 34 plekke is na aan mekaar, maar 'n bietjie plantegroei tussenin hou dinge privaat-erig. Staanplekke 12 en 26 het skaduwee en privaatheid terwyl no. 7 skaduwee het en naby die badkamers is. Die eenvertrek-EH-hutte is bekostigbaar en die oudste geboue in die kamp. Dié kamers en hutte het gemeenskaplike badkamers en kombuisgeriewe. Die kamers het wel eet- en kookgerei.

Die BD-bungalows is naby die heining en uitgesprei onder groot bome. Hierdie eenhede is gewild, veral die wat naaste aan die rivier lê. No. 31 en 32 is oorgedoen met ruim badkamers en instapstorte. No. 31 is rolstoelvriendelik. Hier is vier FU-gesinshuise naby die rivier. Onder-Sabie se tentkamp met 30 tente is weggesteek in die oewerbos links van die restaurant. "No. 6, 7, 9, 20, 22 en 23 is onlangs oorgedoen," sê die kampbestuurder Bongile Louw. "Ons het vreeslik probleme met die bobbejaan gehad. Die nuwe

tente se mure is van baksteen wat oorgetrek is met seil." (Kontak die ruskamp direk om te hoor of die nuwe gesintent met 'n rivieruitsig en slaapplek vir vier al beskikbaar is. – Red.)

Tent no. 16 heel in die hoek met 'n rivieruitsig is die gewildste. Wees gewaarsku – 'n bobbejaan het al 'n bottel wyn wat gaste op die dek gelos het, gegaps! Die Keartland-gastehuis is in die hoek van die ruskamp op die rivieroewer.

Koste Kamp: R481 p.n. vir 2 mense met krag, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6). EH-hutte en -kamers: vanaf R537 vir 1, R895 vir 2, R221 p.p. wat bykom en R111 per kind (slaapplek vir 3 of 4 mense). Safaritent: vanaf R1 890 p.n. vir 2 mense, R2 259 p.n. vir 'n uitsig.

BD-huthuis: vanaf R1 969 vir 2 mense, R336 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 2 of 3 mense). FU-gesinskothuis: vanaf R3 355 p.n. vir 4 mense. Keartland-gastehuis: vanaf R7 616 vir 6, R962 p.p. wat bykom en R481 per kind (slaapplek vir 8 mense).

013 735 6056

WAT SÊ DIE MENSE?



PETROS MDAKA
VELDGIDS: ONDER-SABIE
25 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR DIE LUBYELUBY-LEEUTROP *Ons het altyd die groot Lubyeluby-trop gehad, maar dinge het verander. Nuwe mannetjies het in die omgewing beweeg en die trop is nou meer verspreid. 'n Mens sien hulle steeds langs die H1-4 en S128, maar in kleiner groepe. (Die Lubyeluby is 'n sytak van die Sabierivier, 'n entjie noord van die ruskamp af op die H4-1.)*

OOOR LUIPERDS EN WATERBOKKE *Tydens 'n oggendstappie saam met gaste langs die rivier het ons 'n waterbok met 'n kalfie gewaar. Ná 'n tydjie het die twee in ons rigting begin hardloop. Toe sien ons die jagluiperd agter hulle! Die spulletjie het toe agter bosse in verdwyn, maar toe ons weer sien, kom die jagluiperd verbygehardloop met sy stert penorent met die waterbokwyfie agterna! Hy't gehardloop asof 'n leeu op sy spoor is!*

OOOR LEEUS *Ek hou van 'n leeu. Daar's niks so mooi soos 'n groot trop leeus met welpies nie. Leeus val nie net aan vir pret nie. Dis of vir kos of om 'n mededinger uit te skakel. Hulle patroleer en beskerm hulle jaggebied en merk dit goed – hulle maak seker dat wie ook al hulle gebied betree, weet dat hulle dit op eie risiko doen.*




BONGILE LOUW
KAMPBESTUURDER:
ONDER-SABIE
25 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR DIE WILDTUIN *In Johannesburg lyk die lug altyd so half mistig, maar hier in die park is die lugruim helder. 'n Mens besef opnuut wat 'n spesiale plek die wildtuin is. Dis 'n voorreg om hier te bly.*

OOOR NAGBESOEKERS *Een aand hoor ek en my twee seuns 'n harde geluid by die deur. My seuns skree dat ek nie die deur moet oopmaak nie. Ek hardloop toe na die venster en kon sien dis twee diere wat baklei. Ek het gedog dis twee luiperds, maar toe ek die buitelig aanskakel, sien ons dis twee sivetkatte!*

PRETORIUSKOP SKUKUZA

Skukuza na Phabeni-hek	40 km	±1½ h
Skukuza na Pretoriuskop	49 km	±2 h



Wildehonde en jagluiperds hou van die plat omgewing tussen die vierrigtingstop en die dam.

Phabeni-interpretasiesentrum
Phabeni

Nyamundwadam

Diospane-pad

Sabie

na Hazyview

Matupa
504 m

Jou kans is goed om seekoeie langs die pad te sien. Hulle hou tussen die Mtshawu- en Nyamundwadam. Hulle verlaat laatmiddag die damme om te gaan wei en beweeg weer vroegoggend terug water toe.

Dié pad loop deur goeie wildkykgebied – wees op die uitkyk vir wildehonde en jagluiperds. Tussen die Pretoriuskop-ruskamp en die Napi-koppe is jou kans ook goed om swartwitpense te sien.

Hoofman Nyongane
Mkhabela se graf

Mesteldam

Kyk na die graf van die hoofman Nyongane Shikuvati Mkhabela wat hier gebly en regeer het lank voordat die park se grense in 1926 uitgemerk is. Hy was 'n wyse man en die park se eerste bestuurder, James Stevenson-Hamilton, en veldwagters soos Harry Wolhuter het by hom aangeklop vir raad. Hy was 'n bedrewe veeboer en het lank vars melk aan die ruskampe verskaf.

na Mashushu

Willem Pretorius se Graf

Numbi

H1-1

Pretoriuskop 729 m
Manungu 686 m

Pretoriuskop

Shitlhavedam

Shitlhawe
645 m

Krugerwildtuin

Waterbokke, rooibokke en blouwildebeeste kom gereeld hier suip. Die dam is genoem na sersant Jafuta Xitlhawe, een van James Stevenson-Hamilton se getroue veldwagters in die beginjare van die wildtuin.

Napi-staproetekamp

Biyamiti

Jock se geboorteplek

Situngwane

Skip
662 m

Thomas Hart se Graf

Newu
666 m

Kuier om die koppies

Op die sirkelroetes (Fayi-luspad en die S10) rondom die granietkoppies is mooi vergesigte. In die somer kan die grondpaaie 'n modderspul raak, en dan is van die roetes gesluit. In die winter is hier steeds strome wat wild lok en is jou kans goed om leeus en buffels raak te loop. Kyk altyd mooi as jy verby 'n groot, ronde rots ry – dis vir klippringers soos 'n trampolienpark vir laerskoolkinders.

Dié geskiedenispad is die beste pad om skaars wildsbokspesies soos eland, Lichtensteinste hartbees, swartwitpens en tsessebe te sien. Rondom Skipberg moet jy veral wakker wees – die soetweiding en heelwat platter omgewing lok dié bokke en natuurlik ook jagluiperds. 'n Groot trop leeus hou ook tussen Skipberg en die Jock-konsessiegebied rondom die gelyknamige lodge.

Mpumalanga



Hou stil vir roosterkoeke by Afsaal
Die kol het onherroeplik verander sedert Percy en Jock hier verbygekom het in die laat-1900's. Deesdae kan jy enige ding onder die son hier in die middel van die bosveld bestel, van 'n toebie met gemarineerde eivrug tot pap en kaiings. Die roosterkoeke met allerlei vulsels is puik waarde vir geld (sowat R48) – kies tussen kaas en konfyt, bobotie, boerewors of geroekte beesvleis as vulsel. Koffie? Ja, natuurlik!

Dié pad, sommer "New loop" gedoop, is onlangs oopgestel. Dis 'n mooi pad wat loop deur 'n wye vlakke waar blouwildebess, sebra en kameelperd wei.

James Stevenson-Hamilton en sy vrou, Hilda, se as is in 1979 van die koppie af gestrooi.


Dié roete loop deur twee stukke geskiedenis: die soek van 'n handelsroete na Delagoabaai (nou Maputo) en die storie van Jock van die Bosveld. In 1845 het Carel Trichardt op versoek van die Transvaalse goewerment 'n veilige roete tussen die binneland en Delagoabaai gaan soek. Dit het 'n paar probeerslae geveg, maar uiteindelik is 'n roete in 1848 uitgelê met die hulp van Joao Albasini, 'n handelaar en olifantjagter. Die H2-2 volg 'n deel van dié roete. Een van die transportryers op dié handelsroete was Percy Fitzpatrick, wie in 1885 die reise met sy heldehond Jock neergepen het. "Jock Trek 1885"-gedenkstene en -merkers wys vir jou die roete en hulle avonture langs die pad uit.

Wees op die uitkyk vir jagluiperds op die ooptes rondom die pad.

By die Biyamiti-keerwal kan jy op ooghoogte kom met diere en voëls – dis 'n lekker kol vir foto's uit 'n ongewone hoek - dis nou as jou "modelle" opdaag.

Dis moeilik om te weet presies watter een, maar een van die hardekoolbome is deur die transportryers as 'n baken vir teikenskiet gebruik.

PRETORIUSKOP



JON MINSTER

'N RUSTIGE TONEEL BY DIE SHITLHAVEDAM... VIR NOU.



SEBRA-KRUISING, H11

Jy kom nie Pretoriuskop toe om die Groot Vyf in een middag af te merk nie. Grasvreters trek hulle neuse op vir die suurgas rondom die ruskamp en boonop is die plantegroei redelik dig met tamaai bome en lang gras. Maar Pretoriuskop is die wildtuin se oudste ruskamp – die eerste dagbesoekers is in 1927 hier toegelaat (drie oornaghutte is in 1928 gebou). Lank voor dit was dit al 'n gewilde oornagplek – Pretoriuskop lê effens hoër bo seevlak; dus was hier minder malariamuskiete en tsetsevlies as in die omliggende omgewing en was dit effe koeler in die somer.

Die ruskamp kry sy naam van die nabygeleë Pretoriuskop wat genoem is na Willem Pretorius, 'n lid van Carel Trichardt se ekspedisie in 1848 om 'n handelsroete van die Oos-Transvaal na Delagoabaai op te spoor. Pretorius is tydens die tog dood aan malaria en die Portugese handelaar Joao Albasini het hom onder 'n maroelaboom naby die ruskamp begrawe.

Transportryers het vir jare goedere tussen die Laeveld en Delagoabaai op dié roete vervoer. Die H2-2, ook genoem die Voortrekkerroete, volg 'n deel van dié geskiedkundige handelsroete. Dis dan ook hierlangs waar die transportryer Percy Fitzpatrick en Jock van die Bosveld van sy avonture beleef het.

In dié kamp kry die geskiedenis van die park lewe. Die oorspronklike Wolhuter-hut, genoem na die veldwagter Harry Wolhuter, is ongelukkig deur kontrakteurs beskadig, maar volgens die diensbestuurder Faith Mkonyeni maak hulle planne om dit te herstel. Jy kan wel oornag in die twee huise (no. 109 en 110) wat in 1947 spesiaal gebou is om koning George VI en koningin Elizabeth en die twee prinsesse, Elizabeth en Margaret Rose, en hulle lyfwagte, te huisves.


Gaan kyk gerus na die klein museum. Hier is ook 'n kaart van die ou transportroetes en 'n bossie stokou kamersleutels, en knopkieries en assegaie wat die swart veldwagters vir beskerming gedra het.

En het ons al die swembad genoem? Die groot swembad is teen 'n granietskoppie gebou met 'n kleiner poel bo-op die koppie. Verreweg die mooiste in die park.

En hier is wel diere, veral skaars bokke wat jy nie sommer elders in die park sal sien nie: swartwitpens, oribi, rietbok, tsessebe en Lichtensteinse hartbees. ('n Teelkamp vir skaars bokke is in 1972 in die omgewing opgerig.) Daarmee saam bied die heuvelagtige omgewing met 'n stuk of drie groot granietskoppies iets anders vir die oog.

Gaan ry gerus laatmiddag een van die kort roetes rondom een van dié koppies en kyk hoe die son ondergaan oor 'n landskap wat nie veel verander het sedert Percy Fitzpatrick hier verby is nie.

WAT SÊ DIE MENSE?




FAITH MKONYENI,
DIENSBESTUURDER:
PRETORIUSKOP
16 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR DIE KRUGER *My liefde vir toerisme het my hierheen gebring – ek het in KwaZulu-Natal grootgeword. Die park is die mooiste plek op aarde. Ek hou daarvan om mense van verskillende agtergronde te ontmoet en Mpumalanga het die beste weer! Ek het aanvanklik gedink ek sal seker sowat vier jaar hier werk, maar nou's dit al 16 jaar later!*

OOOR DIE RUSKAMP *Pretoriuskop is die oudste ruskamp en die E5-hutte (slaapplek vir 2 mense) teen R603 per nag is van die goedkoopste verblyf in die park. Hier's 'n klein museum, 'n Wimpy en 'n mooi swembad. Hier's altyd 'n bietjie reën by Pretoriuskop – dis die natste kamp in die park. Jy sien mos hoe lyk ons gras – dit hou nie op groei nie!*

BESTE TONEEL OOI *Een oggend vroeg op die H1-1 terwyl ek, my seun en dogter na die skool op Skukuza toe gery het, het 'n rooibok in die rigting van die pad gehardloop met 'n trop wildehonde agterna. Die bok het op die teer gegly – sy was dragtig! Die wildehonde het die bok gegryp en begin vreet. Terwyl hulle vreet, het die kleintjie uitgekom. Hulle vreet toe die kleintjie terwyl die ma nog lewe. Die rooibok het hartseer gelyk. My dogter het begin huil. Dit was ongelooflik, maar ook emosioneel. Die wildehonde het later die ooi ook opgevrete. My dogter was lank hartseer daaroor, maar ek het vir haar gesê die goed gebeur. Die natuur moet haar gang gaan.*



Wie bly in Pretoriuskop? Al die ruskampe het 'n ryk voël-lewe, maar Pretoriuskop vat die koek. Kry jou verkyker en voëlboek en stap gerus 'n oggend in dié voëlryke ruskamp rond. Jy behoort met min moeite die volgende af te merk: bruinkoppapegaai, bloukuifloerie, papegaaiduif, kuifkophoutkapper, en swarthelmlaksmannetjies (sommers sê hulle 'n slag!) Hier is 'n paar gevlekte ooruide, 'n skopsuil en selfs 'n grasuil, maar jy gaan mooi moet soek om hulle op te spoor, want hulle het nie 'n gunsteling-boom nie.

WAAR BLY EK?



PRETORIUSKOP-RUSKAMP

Pretoriuskop is 'n lieflike ruim ruskamp en heelwat stiller as die ander kampe in die suide. Dis 'n jammerte dat die Wolhuter-hut (een van die oudste hutte in die park) onlangs deur kontrakteurs beskadig is.

'n Ander onooglikheid is die halfvoltooide spa-gebou agter die Wimpy. Die befondsing vir die projek het glo opgeraak... Maar as jy verby dié dinge na die boomtoppe kyk, kan jy heerlik vakansie hou.

Die kampterrein het groot koeldebome, maar op sekere staanplekke skuur jy skouers met jou buurman.

Hier's is wel 'n paar gawe staanplekke teen die draad, soos die een regs van die Pierre Joubert-gastehuis. Hier is ook 'n paar staanplekke langs die draad en weg van die res van die kampterrein heel bo in die noordwestelike hoek net links van die Doherty Bryant-gastehuis.

Hier is 'n blyplek vir elke beursie: Die basiese ES-hutte het nie 'n yskas nie, maar wel 'n dakwaaier. Dié met 'n yskas (EB) is effens duurder.

Die res van die blyplekke bestaan uit BG- en BD-huthuise met slaapplek vir elke grootte groep van 2 tot 6 mense.

BD 13 en 14 is gewild – die huisies is opgeknip en het 'n ruim stoep.

BD 115 tot 134 is in die

buitewyke van die ruskamp.

Die stoepies kyk uit op 'n groot boomryke grasperk wat tot by die swembad strek. Die FU- en FF-gesinskothuise lê ver uitmekaar teenaan die noordelike heining (dís waar die koninklikes oornag het). Hier's ook 'n nuwe luukse GC-gastekothuis wat heeltemal op sy eie staan – dis amper soos 'n gastehuis. Die twee gastehuse, Doherty Bryant en Pierre Joubert, is privaat en teen die draad.

Koste Kamp: vanaf R480 vir 2 mense, met 'n kragpunt, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6). ES-hut: vanaf R603 vir 2 mense. EB-hut: vanaf R893 vir 2 mense, R221 p.p. wat bykom en R111 per kind. (slaapplek vir 2, 3, 5 of 6). BG-huthuise: vanaf R1 741 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R167 per kind (slaapplek vir 2, 4 en 6). BD-huthuise: vanaf R1 964 vir 2 mense. FU- en FF-gesinskothuis: R3 516 vir 4 mense, R603 p.p. wat bykom en R301 per kind (slaapplek vir 6). GC-gastekothuis: R3 516 vir 2 mense, R370 p.p. wat bykom (slaapplek vir 4) – dit kan slegs telefonies bespreek word.

Doherty Bryant: R7 424 vir 6 mense, R960 p.p. wat bykom en R480 per kind (plek vir 9). Pierre Joubert: R9 119 vir 8 mense, R960 p.p. wat bykom en R480 per kind (plek vir 16).

013 735 5128/32



GRONDPAD NA DIE SHITLHAVEDAM

RAAK IETS WYS OOR DIE GESKIEDENIS

Die Phabeni-interpretasiesentrum net voor die Phabeni-hek bestaan uit die Albasini-ruïnes, die grafte van Nkayinkayi Samuel Mavundla en sy ma, Mothasi, en 'n buitlugmuseum. Jy sal op die panele dinge oor die park lees wat jy nog nooit gehoor het nie. Dié kol is om verskeie redes belangrik. Dit het eers bekend gestaan as Magashulaskraal – genoem na hoofman Magashula.


In 1845 het Joao Albasini, 'n Portugese handelaar van Delagoabaai, die grond verruil vir 22 beeste en 'n handelspos gevestig. Joao het net twee jaar hier gebly – hy is daarna Orighstad toe om te gaan kers opsit by Gertina Petronella Janse van Rensburg. In sy tyd daar het hy vir Carel Trichardt gehelp om 'n veilige roete tussen die Oos-Transvaal en die Delagoabaai te soek.

Jare later, toe die park se grense vasgestel is, is verskeie plaaslike gemeenskappe uit die park verskuif. Sommige families is wel toegelaat om in die park te bly totdat die hoof van die huishouding sterf. Daarna het hulle 'n "trekpas" ontvang, wat aandui hulle moet oor 90 dae uit die park wees.

Die veldwagter Harry Wolhuter het sewe families toestemming gegee om in die Phabeni-omgewing te bly – die laaste hoof van sy huis, Nkayinkayi Mavundla, is in 2000 oorlede. Baie van dié mense het in die park gewerk – hulle het die veld geken en was uitstekende spoorners.

Helfas Nkuna het byvoorbeeld vir 48 jaar in die park gewerk – hy was een van Stevenson-Hamilton se eerste veldwagters en die regterhand van Harry en sy seun Henry Wolhuter. Hy het onder meer 'n luiperdaanval oorleef. Nkayinkayi moes ook eenkeer 'n leeutrop op 'n fiets trotseer (in daardie dae mog die swart veldwagters nie gewere gedra het nie)!

WAT SÊ DIE MENSE?



PAT MBASO
HOOFGIDS: PRETORIUSKOP
20 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR DIE KRUGER *Elke liewe mens wil in die park wees. Ek het vir 'n tydjie in 'n private wildreservaat gewerk en die verskil is duidelik. In die wildtuin is die gaste meer ontspanne. In die private plekke waarborg hulle die Groot Vyf; dus is daar baie druk. In die Kruger fokus ons daarop om mense in te lig. Ek kan vir drie ure ry en dalk sien ons nie die Groot Vyf nie, maar ek deel allerhande feite en staaltjies oor die veld en die mense geniet dit. Hulle geniet dit bloot om hier te wees.*

AFTREDE *Ek is tans besig om sowat 4,5 km van die Numbi-hek af 'n huis te bou. Die uitsig van my erf af is ongelooflik. Jy sien die drie koppies rondom Pretoriuskop van daar af. My vrou werk in die huishouding-afdeling in die ruskamp en dus kan sy aanhou werk wanneer ek aftree.*

OOOR LEEUS *Die inwonende leeutrop het al groter geword – ek dink hulle was sowat 26 sterk. Hulle het eenkeer almal by Shitlhavedam kom suip. Ek het gesien hoe hulle 'n buffel plattrek, en daar was 'n bakleiery terwyl hulle vreet. Hulle het intussen verdeel. Hulle is bedrywig. Ons het verlede jaar 11 karkasse in twee maande getel.*

OOOR SY GUNSTELING-DIER *Ek hou van bobbejane. In die dag lyk hulle lui, maar hou hulle vroegoggend en laatmiddag dop. Hulle is gedissiplineerd en gefokus. Die meeste van die trop sal op die grond wees met gewoonlik drie mannetjies in die boomtoppe wat dinge dophou vir veiligheid. Hulle gee regtig om vir mekaar. En as die jongetjies stout was, kry hulle 'n loesing van 'n ouer bobbejaan.*

OOOR OLIFANTE *As ek moes kies, sou ek 'n olifant wou wees. Dan hoef jy vir niemand bang te wees nie, behalwe mense. Die mens kan 'n probleem wees in die wildernis, maar diere respekteer of vermy mekaar bloot. As 'n olifant kom suip of in 'n poel wil rol, gee die ander diere pad. 'n Olifant geniet voorrang. As 'n renoster of 'n buffel in die skaduwee van 'n boom staan en 'n olifant kom aangestap, dan is dit dieselfde storie, en almal hou by die reëls.*

OOOR DIE LEBOMBO-EKOROETE *Ek begelei gereeld groepe op die vyf dae lange roete wat van Krokodilbrug tot Punda Maria strek. Een middag langs die Shingwedzi-rivier het ons 'n groot buffeltrop teëgekom. Die buffels het al met 'n dreineringslyn afgestap rivier toe. Min wetend dat 'n trop leeus daar gewag het. Die leeus het drie buffels platgetrek. Die buffels het verby dié karkasse gestap op pad water toe. Nadat hulle gedrink het, het van die buffels probeer om die karkasse "wakker" te maak, maar hulle het gou besef hulle moet eerder padgee. Ons kon die hele jagtog aanskou – die beplanning, die plattrek, die vretery en die bewegings van die buffels.*



KAMPGIDS SENTRAAL

92 ORPEN, MAROELA,
TAMBOTI & TALAMATI

96 SATARA

100 OLIFANTS & BALULE

103 LETABA

105 SHIMUWINI

108 MOPANI

A male lion with a thick, golden-brown mane is lying down in a lush green savanna. The lion is facing left, looking towards the horizon. In the background, a large, dense acacia tree stands prominently against a bright, slightly overcast sky. The ground is covered in low-lying green vegetation and small yellow flowers.

HOOGTEPUNTE

- 1** Ry die wildtuin se bekendste leepad: die S100.
- 2** Toer al langs die Timbavati-rivier.
- 3** Braai saam met 'n ratel in Tamboti.
- 4** Kruie langs die stil S90 tussen Satara en Olifants.
- 5** Kyk hoe die son opkom oor die Olifantsrivier.
- 6** Slaap in 'n rondawel van ouds in Balule.
- 7** Sit op die stoep in Shimuwini.
- 8** Kamp saam met die uile by Tsendze.
- 9** Oornag in die Shipandani-skulling.
- 10** Kom ervaar "Mopani se Serengeti".

Limpopo

Krugerwildtuin

'n Mens weet nooit wat wag op hierdie mooi pad wat verby groot ou jakkalsbessie-, huilboerboon- en blinkblaar-wag-'n-bietjie-bome kronkel nie. Wees op die uitkyk vir koedoes. In die somer staan hier oral crèches vol jong rooibokkies – dis net ore waar jy kyk. En daar skuil dalk 'n luiperd in die digte oewerbos.

Thompson Mathebula, Orpen se hoofgids, sê die 3 km-grondpad is 'n fantastiese wildkykpad – jou kans is goed om wildehonde, witleeus en hiënas te sien. Ry dus elke keer sta-a-adig al is julle net op pad Orpen toe vir ys en hout.

Gee jouself ten minste 'n halfuur om hier koffie te drink en te tuur oor die Timbavati-rivier met die doringveld wat tot op die gesigseinder strek.

Hier's altyd iets aan't gebeur. Na die somerreëns kan jy soek na seekoeioortjies en krokodiloë en wanneer die dam droog is, staan en vreet vlakvarke op hulle kniegies terwyl kameelperde aan die boomtoppe knabbel.

By dié ruskamp moet jy altyd wakker wees. Die gebied van die Orpen-hek tot by die afdraai na die S106-grondpad is bekend vir wildehond- en witleeu-aksie. Dalk is dit een van die blouwildebeeste, rooibokke of vlakvarke wat net buite die ruskamp wei, se laaste dag...

Die grondpaaie tussen Talamati en die Muzandzeni-piekniekplek loop deur oop stroke grasveld. Hier's min voertuie en by die Fairfield- en Modzweni-watergat kan jy die diere van ver af sien aankom. Hiënas hou ook daarvan om naby die piekniekplek rond te snuffel.

Net oos van die Welverdiend-watergat draai 'n luspad af na 'n groot rots toe – die Sweni-Oos-trop se leeus lê graag op die rots en tan.

SUID-AFRIKA

Mpumalanga



↑
bl. 98-bl.99

4

Die S90 is 'n alternatiewe roete tussen Satara en Olifants – dis 'n mooi pad deur grasveldvlaktes met die Lebomboberg in die agtergrond.

Satara Plains Camp

Gudzani-Oos

1
Sekretarisvoëls
stap graag
hier verby
op pad na 'n
koukus toe.

Nasane

Gudzanidam

Shibotwana

N'wanetsi

Sonop

Singita Leombo Lodge

Singita Sweni

Sweni

Sweni

Swenistap-roetekamp

Hier is 'n lêplek met agt hiënas sowat 10 km van die afdraai van die H1-3 (of 2 km wes van die Shishangani-waterrat) af. Rooi- en steenbokke hou van oop grasvlaktes, en dus ook jagluiperds! Hou jou oë oop vir gompoue.

Dié piekniekplek is een van die min plekke met 'n uitsig in die meestal plat omgewing. Drink koffie in die netjiese amfiteater met 'n grasdak hoog bo die Sweni-rivier – luister vir die gekrys van bruinkoppapegaaië terwyl jy in die rigting van Mosambiek kyk. By die Sweni-skooling onder by die rivier troon mooi rooi kranse uit na links.

Krugerwildtuin

Kumanadam

N'watihuga

Lindanda

Tshokwane River Camp

Mazithidam

H1-3

na Tshokwane

ORPEN MAROELA TAMBOTI TALAMATI SATARA

Merk katte af langs die S100-leeupad

Nege leeutroppe hou in die omgewing rondom Satara. Gaan soek hulle op die S100, S41, H6 en die H1-3. Op die S100 kronkel die N'wanetsi-rivier regs van jou en links lê die oop grasvlaktes. Hierdie kombinasie van digte plantegroei én vlaktes maak dit 'n goeie pad om jagluiperds (wat van oop veld hou) en luiperds (wat digte bosse verkies) af te merk.

Soek die Groot Vyf op die H7

Dié teerpad van Orpen tot by Satara is een van daai vyfsterpaaie in die Kruger. Dit loop onderdeur ou bome al langs die Timabavati-rivier en dan verby oop kolle soetgras. Dis mooi én jou kans vir die Groot Vyf sien, is goed.

Ry die Mananga-4x4-roete

Op die Mananga-4x4-roete kan besoekers op eie stoom die savannevlaktes tussen die S90, S41 en S100 verken. "Mense kom spesiaal hierna toe net vir Mananga," vertel Patience Mabaso, diensbestuurder by Satara. "Hulle wil graag verder as die hoofpaaie verken. Jy kan onder 'n boom parkeer, koffie drink of boeklees en niemand gaan jou pla of aanjaag nie." Die roete is gesluit in die reënseisoen. Dit kos R982 per voertuig (plus R500 deposito).

Lebomboberg

MOSAMBIEK

Orpen na Satara	48 km	± 2 h
Satara na Olifants	54 km	± 2¼ h
Satara na Tshokwane	51 km	± 2 h

ORPEN

Orpen is ideaal vir mense wat die Groot Vyf wil afmerk, maar nie kans sien vir die samedromming in die suide nie. Jy gaan vroeër moet opstaan of dalk 'n bietjie langer moet rondry, maar as jy iets interessants gewaar, gaan daar hoogstens net een of twee ander voertuie wees.

Orpen is geseënd met 'n uiteenlopende landskap. Die H7-teerpad loop verby oewerbos, soetweiding, gemengde boswêreld en granietkoppe. Die soetweiding lok natuurlik verskillende vlaktewild. Op die koppe kan 'n mens soek na klipspringers terwyl koedoes en kameelperde smul aan die blare van die rooiboswilg wat wydverspreid voorkom. In die valleie van die boswêreldlandskap kom daar ook soeter grasse voor. En waar prooi volop is... wag die roofdiere hulle kans af!

En as die geluk teen jou is, kan jy altyd Satara toe skiet – dis net sowat 48 km weg.

Wat Orpen wel waarborg, is 'n rustige bosveld-atmosfeer. Die ruskamp het net 15 huise, die Maroela-kampterrein net 24 staanplekke en die Tamboti-tentkamp se tente is só weg-gesteek in die ruigtes langs die Timbavati-rivier dat dit byna voel asof jy alleen bly.



i LOER IN BY DIE RABELAIS-HUT

Jy gaan nie wenwildfoto's langs die S106 neem nie, maar dis 'n lekker roete om gou laatmiddag te ry as jy vroeg terug wil wees om op jou stoep te sit wanneer die son sak.

En jy kan inloer by die klein museum in die Rabelais-hut. Die hut was van 1926 tot 1954 die hoofingangshek tot die sentrale wildtuin. Binne vertel inligtingsborde die storie van Eileen en James Orpen en die veldwagters van die omliggende Kingfisherspruit-gebied.

Eileen het sewe plase, waaronder Kingfisherspruit, gekoop en aan die wildtuin geskenk om die westelike grens van die park te vergroot. Tot vandag toe is sy die grootste enkele grondskenker aan die Kruger.

Haar man, James, was 'n landmeter en het 14 jaar op die Parkeraad gedien. Hy het Shingwedzi-ruskamp se uitleg beplan, asook verskeie paaie in die park. In 1935 het hy sonder enige vergoeding 'n opname van die westelike grens van die park gemaak.

Besoekers kan ook lees van die avonture van die veldwagter Fausto Jomasse Ngomana wat in die Kingfisherspruit-deel gebore is en byna 40 jaar in die park gewerk het.

Die hut is sowat 8 km van Orpen-ruskamp af.


i ORPEN SE WITLEEUS

Almal ken vir Casper, Satara se bekende witleeu, maar in 2019 is drie witwelpies in die Birmingham-trop gebore. Dié trop word gereeld ook rondom Orpen gewaar. (Die bekende trop het tot hulle eie Facebook-groep [facebook.com/Birminghamprideoflions](https://www.facebook.com/Birminghamprideoflions). – Red.)

"Net twee van dié welpies, 'n mannetjie en 'n wyfie, het oorleef," vertel Thompson. "Die wyfie het vroeg in 2023 geboorte geskenk aan 'n witwelpie. Die mannetjie het intussen wegbeweeg om sy eie trop te vestig. Later die jaar is nog 'n witwelpie gebore. Ongelukkig het net een van die kleintjies oorleef."

'n Witwelpie kan net gebore word as die ma én pa albei die resessiewe geen oordra.

WAT SÊ DIE MENSE?



THOMAS MATHEBULA

HOOFGIDS: ORPEN

19 JAAR IN DIE WILDTUIN


OOOR RATELS *Ratels sorg vir lekker vermaak veral in die Tamboti-tentkamp. Hulle skarrel dikwels verby terwyl besoekers braai. 'n Mens moet hulle maar hulle gang laat gaan – hulle is gevaarlike diere, want hulle is bang vir niks nie, selfs nie eens leeus nie. Hulle word dikwels deur leeus doodgemaak juis omdat hulle so selfvoldaan is. Ratels is immuun teen die meeste gifstowwe – hulle kan skerpioene en slange vreet. As hulle met 'n slang baklei, kan die slang hulle maar pik. Eers nadat die ratel die slang doodgebyt het, begin die gif in sy lyf te werk. 'n Ratel kan maklik vir drie ure ná so 'n geveg bewusteloos wees en dan is hulle baie weerloos.*

OOOR WITLEEUS *Vroegoggend is die beste tyd om die witleeus te sien. Die begeleide vroegoggendwildrit is die beste. Wanneer ons van die rit terugkeer, vra die ouens van die lodges buite die park waar die leeus is, maar teen daardie tyd het hulle baiekeer reeds wegbeweeg. Dis ook vroegoggend wanneer die wildhonde nog in die pad rondhang en die rooibokke treiter.*

OOOR DIE SOMER *Somer is 'n goeie tyd om Orpen te besoek. Wildebeeste en rooibokke kom maak hulle kleintjies in die omgewing groot en die sebras sluit by hulle aan. Die diere glo daarin om bymekaar te bly vir veiligheid. Ons sien die witleeus meer gereeld in die somer.*

OOOR DIE BEGELEIDE OGGENDSTAPPE *Ons sien dikwels wildehonde te voet en anders as luiperds, hardloop hulle nie weg nie. Hulle hou hulle afstand, maar bly sigbaar – wat gaste die geleentheid gee om hulle dop te hou en foto's te neem.*

OOOR AASVOËLS *Voëlkykers moet wakker wees. Orpen is naby die platorand van die heel Noordelike Drakensberg oftewel die Moholoholoberg en hier's allerlei aasvoëls in die omgewing: monnik-, witrug-, swart- en witkopaasvoël, asook die kransaaasvoëls. Dié skaars aasvoëls broei in die berge, maar kom soek kos hier rond.*



Wie bly in Tamboti?

Soek na witruugaasvoëls in die boomtoppe – die omgewing is 'n broeiplek vir dié voëls. Sodra die son sak, kan jy op die uitkyk wees vir 'n alleenloper hiëna wat al langs die draad verbydraf. Muskeltaatkatte meld ook dan aan vir diens. Staan maar terug as 'n ratel aan jou asdrom kom karring en geniet die vertoning.

LUS VIR 'N MASSERING?

Die AM Spa-groep het 'n klein spa langs die draad in die Talamati-bosveldkamp ooggemaak. Jy hoef nie daar te bly om die spa te besoek nie – dis oop van 9 vm. tot 5 nm. Kontak hulle op 063 694 1175 of stuur 'n e-pos na bookings@amspa.co.za as jy lus voel vir 'n kopmassering (R400 vir 'n halfuur).

WAAR BLY EK?



ORPEN-RUSKAMP

Hier is net 15 huise (12 hut-huise en 3 gastekothuise) wat in 'n halfmaan gebou is sodat die meeste 'n uitsig het oor die watrgat. Jy kan selfs uit die swembad kyk hoe wildebeeste kom water drink. No. 7, 8 en 15 is die gewildste, want hulle het die beste uitsig oor die suipplek en no. 1 tot 9 se kombuise is onlangs opgeknap.

Koste BD-huthuise: vanaf R1 968 vir 2 mense. Gastekothuise: R3 523 vir 4 mense, R604 p.p. wat bykom en R302 per kind (plek vir 6 mense). 013 735 6355

MAROELA-KAMPTERRAIN

Hier's baie staanplek langs die draad in die klein kampterrain – net 24 staanplekke – langs die droë loop van die Timbavati-rivier.

Hier in die skaduwee van hardekool- en vaderlandswilg-bome sal jy baie gou vergeet van eksamens en eistedfodds.

Hier's gemeenskaplike badkamers en vrieskaste.

Koste Vanaf R424 (sonder krag) en R480 met krag vir 2 mense, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6).

TAMBOTI-TENTKAMP

Die tentkamp se 40 safaritente is tussen digte plantegroei

al langs die rivier. Die tente deel twee kombuise en ablusieblokke, wat beteken as jy in die nag wakker word met 'n nood, gaan jy 'n entjie deur die bos moet stap – onthou dus om die koplampe te laai!

Hier is 30 basiese tente met slaapplek vir 2 tot 4 mense met 'n yskas en houtdek. No. 20 en 21 het die mooiste uitsigte terwyl 8 en 9 en 25 en 26 naby die badkamers is. Van dié tente het al beter dae gesien, maar Sanparke is besig om stelselmatig al die tente op te knap. No. 1 en 3 (slaapplek vir 4) en 15 en 16 (slaapplek vir 2) is reeds voltooi en lyk alte mooi met nuwe seile en dekke met 'n verhewe baksteenbraaiplek. Die tente kos tans dieselfde – vra dus vooraf vir spesifieke tente.

Die 10 luukse ten volle toegeruste en suite-safaritente staan in die stil suidoostelike hoek van die tentkamp – no. 40 heel in die hoek is die gewildste. **Koste** Basiese safaritent: vanaf R895 vir 2 mense, R221 p.p. wat bykom en R111 per kind (slaapplek vir 2 of 4). Luukse safaritent: vanaf R2 069 vir 2 mense, R355 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 4).

TALAMATI-BOSVELDKAMP

Die Talamati-bosveldkamp is in 'n stil deel van die park en in 'n

goeie wildkykomgewing.

Die omliggende golwende boslandskap het plek-plek soetveld. En die gewilde Sweni-pad (S126) én die S100 – albei bekend vir groot katte – is om die draai.

'n Stappaadjie loop al langs die draad af reg rondom die kamp. Hier's twee skuilings wat uitkyk oor 'n stuk oop grasveld suid van die kamp – die een naaste aan ontvangs het 'n kollyg in die aand.

Dié watrgat het heeljaar water, en in die winter lyk dit soos 'n dieretuin met vlakvarke, sebras en wildebeeste.


Hier is al opknappwerk gedoen aan die kothuise – nuwe teëlwerk en werkopper-vlakke in die kombuis en moderne stoepmeubels.

Dié netjiese kamp wen gereeld die toekenning Bush Camp of the Year.

Die diensbestuurder Patson Makhubele werk al hier sedert die bosveld-kamp ooggemaak het – 'n volle 34 jaar – en kan vir jou 'n paar stories vertel van dinge wat al langs dié draad gebeur het.

Koste Vanaf R2 080 p.n. vir 2 mense, R604 p.p. wat bykom en R302 per kind (slaapplek vir 4 mense).

013 735 6343




MAROELA-KAMPTERREIN



ORPEN-RUSKAMP



TAMBOTI-TENTKAMP



LUIPERD LANGS DIE S39

SATARA



S100



LEEU, H1-3

WENK As daar nou een ruskamp is waar jy 'n begeleide wildrit moet oorweeg, is dit Satara. Die gidse ken hulle storie en weet waar die leeus hou. Dis interessant om oor die verskillende troppe se doen en late te leer. Die sonsopkoms- en ondergangritte is R424 p.p. en R212 per kind.

Daar is nie 'n stil seisoen in Satara nie – dis heeljaar besig te danke aan die hoë konsentrasie groot katte in die omgewing. Hoewel dinge bedrywig kan voel by die ontvangs en restaurant, heers hier 'n rustigheid in dié ruim ruskamp, die naasgrootste in die park.

Hoekom is hier so baie leeus? Dis eenvoudig. Satara lê in die savannegrassveld op 'n basalt-ekosone. Dié soetweiding lok verskillende vlaktewild. Trouens, net buite die hek staan blouwildebeeste, rooibokke, sebras en vlakvarke en wei, min wetend dat mens én roofdier hulle dophou. Net oos van die ruskamp lê die olifantsroggeveld-ekosone wat ook blaarvreters soos koedoes en kameelperde lok. Al hierdie kalante lok die roof- en aasdiere – hier's dus aksie op die grond én in die lug.

Dis ook 'n relatief plat omgewing wat beteken mev. Leeu en me. Luiperd kan lekker ver sien waar vandag se aandete staan. Dit maak dinge natuurlik ook makliker vir mense om diere uit 'n voertuig of sommer net 'n kampstoel langs die draad te sien aankom.

Onthou net, álmal is hier vir die groot katte. Wees dus eerste by die hek en gee vir almal 'n beurt.

Wie bly in Satara?

Die kamp se inwonende skopsuil is terug in die bome by die parkeerterrein voor ontvangs. Die inwonende ratel en vaalboskat word gereeld gewaar. Wees op die uitkyk vir likkewane in die struik.

Casper, die bekende witleeu, en sy drie broers (hulle is deel van die Satara-leeutrop) hou nog in die omgewing, maar die vier ou manne het al beter dae gesien.

Eulandah Masuku, die hoofgids, sê hulle is al 12 jaar oud, met talle beserings. (Mia het een van die broers op die H1-3 by die S100-afdraai gesien. Ta het wel gesukkel om op te staan en te loop. – Red.).

Jy sien gereeld olifante van die kamp se heining af, veral by die Stanley-gastehuis se watergat. Die Mavumbye-leeutrop het ook dié watergat vir hulleself gedeps.



WAAR BLY EK?



Die meestal plat kamp-terrein is langs die westelike draad van die ruskamp met 88 kragstaanplekke en 15 daarsonder. Hier is baie staanplek langs die draad en drie ablusieblokke.

Van die staanplekke is baie na aan mekaar, maar hier en daar bied struik en bome privaatheid. Die beste opsies vir 'n mooi uitsig, koelte en privaatheid is teen die draad in die noordwestelike hoek van die kampterrein. Satara het ook vier kampplekke wat naby die draad en

ablusieblok is vir ouer of gestremde besoekers.

Die BG- en BD-huthuise is gerangskik in ses groot sirkels, met no. 161 tot 179 al langs die draad in die ooste van die kamp (no.167, 168, 169, 178 en 179 is die gewildste).

Die drie gastehuse, Stanley, Wells en Rudy Frankel, is langs die draad met 'n uitsig. Die helfte van die eenhede in sirkel A en B plus eenheid D76 en die Rudy Frankel-gastehuis is in 2024 opgeknip.

Die Cattle Baron-restaurant het 'n netjiese houtdek bygekry.

Koste Kamp: R425 sonder krag en R481 met krag vir 2 mense, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6). BG-huthuis: R1 845 vir 2 mense. BD-huthuis: R2 046 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 2 of 3). Een langs die draad kos R2 214. GC-gastekothuis: R3 523 vir 4 mense, R604 p.p. wat bykom en R302 per kind (slaapplek vir 5 of 6). Gastehuse: vanaf R7 627 vir 6 mense, R962 p.p. wat bykom en R481 per kind (plek vir 6, 9 en 10 mense). ☎ 013 735 6306/7

WAT SÊ DIE MENSE?



EULANDAH MASUKU
HOOFGIDS: SATARA
12 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR HAAR WERK *Jare gelede het personeel van die park na ons hoërskool gekom en oor omgewingsbewaring gepraat – ek het dadelik geweet dit is wat ek wil doen! Dis lekker om elke dag met besoekers te gesels.*

OOR HAAR GUNSTELING-DIER *Die kameelperd is my gunsteling, want hulle lyk altyd kalm. Ons sien hulle gereeld langs die H6.*



PATIENCE MABASO,
DIENSBESTUURDER: SATARA
25 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR SATARA *Dis die naasgrootste kamp, maar die uitleg is goed beplan – dit voel nie beknop nie. Al ons eenhede is in sirkels gespasieer. Ons noem Satara die halfway house, want dis amper in die middel van die park."*

OOR HAAR GUNSTELING-DIER *Mense sien nie so gereeld luiperds soos leeus en jagluiperds nie. Hulle is my gunsteling oor hulle mooi maar skaars is.*

OLIFANTS & BALULE LETABA SHIMUWINI

Limpopo

Dié pad is nie bekend vir aksie nie, maar wildehonde en hiënas word gereeld hierlangs gewaar. Indien julle 'n paar weke in die wildtuin deurbring of die park van suid na noord deurkruis, is Phalaborwa, net buite die Phalaborwa-hek, 'n goeie plek om inkopies te doen.

Die afgelope paar jaar maak 'n witkwasjakkals haar kleintjies elke Desember groot in 'n duikslot sowat 500 m wes van die vierrigtingstop. (Die gidse noem hulle die Christmas jackals.)

Hier is 'n trop wildehonde wat hulle kleintjies ver van die toeristepaaie af grootmaak. Sodra die kleintjies groot genoeg is om saam met die trop rond te reis, beweeg hulle nader aan Letaba. Hulle hou nie van digte bos nie en verkies die teerpad. Van Oktober tot April word hulle gereeld vroegoggend langs dié pad gesien.

Krugerwildtuin

Loer in by die museum oor die Ba-Phalaborwa-mense wat in die 1800's hier gebly en yster gemyn en gesmelt het en stap saam met 'n gids na 'n herboorde nedersetting 'n entjie teen die heuwel.

MAFUNYANE-ROETE

Hierdie eko-roete (270 km) vertrek elke Donderdag (tussen 1 Maart en 30 November) van die Phalaborwa-hek af, en eindig vier dae later by Punda Maria. 'n Gids ry saam. Jy moet heeltemal selfvoorsienend wees.

Koste R8 595 per voertuig (4 mense)
☎ 012 428 9111

MALOPENI-ROETE

Dié eko-roete vertrek van die Phalaborwa-hek af en eindig weer daar die volgende dag. 'n Gids ry saam, maar jy moet heeltemal selfvoorsienend wees.

Koste R1 786 per voertuig (4 mense)
☎ 012 428 9111

Olifants na Satara	56 km	±2¼ h
Olifants na Letaba	33 km	±1½ h
Letaba na Phalaborwa-hek	51 km	±2 h
Letaba na Mopani	50 km	±2 h

Mpumalanga



Letaba se restaurant het 'n uitsig oor die rivier. Die dagbesoekersterrein is nie naby die rivier nie, maar dis gawe koel kol onder groot skadubome as jy eerder self wil kosmaak. Hier's ook 'n swembad. Toegang: R35 p.p.; R20 per kind.

Die pad na dié uitkykpunt toe is nie vreeslik opwindend nie, maar hier is 'n skuiling en jy behoort 'n paar gewoontediere soos seekoeie en waterbokke te sien. Daar word dikwels by dié dam trekvoëls gewaar wat nie eintlik in die Kruger voorkom nie, soos 'n bandstertgriet en kleinwulp en eende soos bruin- en teeleende. John Adamson, Letaba se hoofgids, vertel dat 'n besoeker twee jaar gelede 'n Europese tortelduif suid van die dam gewaar het.

Die eenrigtingpad suid van Balule (van die S90 tot by H1-4) loop deur 'n oopte en kruis 'n hele paar strome. Hier kan jy op die uitkyk wees vir buffels, leeu's, luiperds en neushoringvoëls. Draai op die H1-4 links en ry tot by Ngotsa-Suid voor julle met die hoofpad terugry ruskamp toe.

Langs dié pad het Dennis twee van die mees skuldige – 'n erdvark en miervreter – in die wildtuin gewaar. Laasgenoemde somer twee keer al!

"Op dié stuk pad is spesiale diere, soos Sharpe se grysbok en witkwasjakkals," sê die gids Dennis Mokoena. Buffels stap gereeld en 'n klein trop wildehonde hou ook in die omgewing. En 'n luiperd hang rond by die kruising van die H8 en die S92.

Soms is die geluk aan jou kant en stap 'n trop olifante in die pienk aandlig oor die rivier wat na hulle genoem is.

'n Trop wildehonde beweeg tussen die brug en die S91. Voegoggend is jou kanse goed om te kyk hoe dié honde se gedrag met Boela s'n ooreenstem.

Dramatiese rooi kranse troon uit bo die oewer van die Letabarivier.

Sowat 7 km van Olifants af is hier 'n driffie. Ná goeie reën lê 'n poel aan jou linkerkant. Die waterskilpaaie is nuuskierig en klim uit die water om jou motor te inspekteer. En daai geel oog wat vir jou loer, is die inwonende krokodil!

Die laagwaterbrug is 'n lekker plek om 'n rukkie stil te hou. Voëlkykers kan lepelaars, bontvisvangers, bosruiters en saalbekoovievaars van naby bekyk.

OLIFANTS & BALULE



UITKYKPUNT, OLIFANTSRUKAMP

Daar is net enkele uitkykpunte in die park waar 'n mens die grootsheid van die 20 000 km² régtig kan begryp: Nkumbe noord van Onder-Sabie, die Mathekenyane-koppie suid van Skukuza en die Tshanga-uitkykpunt in die noorde. Dis mos maar meestal 'n plat bosveldlandskap met enkele koppies...

Behalwe vir die Olifantsruskamp – dié ruskamp sit soos 'n vestingstad hoog op 'n koppie langs 'n wye draai in die Olifantsrivier. En hier's 'n oorvloed uitsigte in en om die ruskamp. Ry uit na die brug oor die Olifantsrivier of die N'wamanzi-uitkykpunt of sit heeldag op jou stoep met 'n verkyker en bekyk die lewe doer onder in die rivierloop.





WILDEHONDE, H1-4

i WAT SKUD MET DIE VISUILE?

'n Mens kan vra om hulle op 'n begeleide stappie te sien, maar dis nie altyd moontlik nie en daar is geen waarborg dat jy hulle gaan sien nie. Die gidse wil die aantal besoeke beperk tot een groep per week en neem byvoorbeeld nie besoekers na die uile se omgewing toe in die broeiseisoen nie. Jy kan ook jou geluk op 'n nagrit toets – die uile word soms op die laagwaterbrug buite Balule gesien.

i TRAP DEUR DIE VELD

Bergfietsry is iets wat jy net by Olifants of van die Phalaborwa-hek af kan doen. Jy trap meestal op 'n ou tweespoorpaadjie en uitgetrapte seekoeipaadjies wat langs die rivier deur mopanieveld en oor 'n paar waterstroompies kronkel. Op dié rit sal jy van tyd tot tyd langs die Olifantsrivier stilhou en selfs tot op die sand loop om seekoeie, krokodille en voëls dop te hou. Die gidse verskaf die fietse (jy kan ook jou eie een bring).

Koste Vanaf R971 p.p. met jou eie fiets, R1 339 met 'n Sanparke-fiets (Dit sluit water, versnaperinge en valhelms in). Geen kinders jonger as 16.

i STAP RIVIERLANGS

Buiten die oggendstappies bied Olifants ook 'n rivierstap aan. Dis heelwat korter as die gewone begeleide staptogte. Jy hoef nie douchvoordag aan te meld nie – in die somer begin mens eers om 9 vm. stap. Jou kans is goed om seekoeie en krokodille langs die oewer te sien.

Koste R424 p.p. (Geen kinders jonger as 12 nie.)

WAT SÊ DIE MENSE?



DENNIS MOKOENA, HOOFGIDS: MOPANI*
15 JAAR IN DIE KRUGER

OOR SY KINDERS *My kinders is gaande oor die Kruger – dis die enigste plek waar hulle al was sedert hulle gebore is. As ek saam met hulle in die park rondry, dink hulle ons kan enige plek ry en hulle wil sommer polisieman speel en natuurlik vir enige en elke ding stilhou!*

OOR DIE OLIFANTSRIVIER *Geen van die ander kampe het 'n uitsig soos Olifants nie. Jy bly hoog bo die rivier. Die water wat bruis, is soos musiek wat heeldag in jou ore speel; musiek wat die natuur geskrywe het. Ons wat hier bly, weet al hoe vol of leeg die rivier is deur net na dié musiek te luister*

OOR DIE WILDTUIN *Aanvanklik sou ek net vir ses maande in die Kruger kom werk het. Ek het in private reserwate gewerk, maar nie lank nie. Van die plekke waarborg die Groot Vyf binne twee dae, dan moet die gids van die pad af ry, en mekaar gedurig kontak en die diere word gevolg. Ek wil graag diere op my eie opspoor. Die Kruger is vir almal. Enigeen kan die bewaringsstarief betaal en op hulle eie kom rondry, sonder 'n afspraak. En daardie tarief is om die geriewe en die park in stand te hou. Ek weet as ek mooi na die park kyk, sal dit nog hier wees vir my kinders en kleinkinders om te geniet.*

OOR SLAPENDE OLIFANTE *Ek het onlangs 'n trop van 12 olifante gesien slaap; plat op die grond. Ná sowat vyf minute het een wakker geword. Dis ongelooflik hoe hulle kommunikeer, met so 'n sagte "grrr". Na 'n minuut het almal begin beweeg – dis asof hulle in stemming met mekaar is en vir mekaar laat weet ons moet nou begin aanstalties maak. Dit het my verras, want ek het al gesien hoe een of twee in 'n trop slaap, maar nie 'n ganse trop nie.*

OOR GIDSWEESE *Ons het onlangs op 'n wildrit gesien hoe 'n steenbok geboorte skenk. Kort daarna het wildehonde opgedaag en die ma gevang en later die bakkie ook. Diep binne my het ek hartseer gevoel oor die steenbokie, maar 'n mens kan nie vir kliënte wys nie, want dan kies jy kant. En dis nie jou rol as gids nie; jy's daar om vir besoekers die natuur te wys.*

*** Net na ons besoek is Dennis na 14 jaar as hoofgids by Olifants na die Mopani-ruskamp verplaas.**

WAAR BLY EK?



OLIFANTSRUSKAMP

Hierdie ruskamp het nie die groot grasperke en reuse-bome soos by die meeste ander nie.

Die huthuise is in terrasse geleë van die middel tot op die randjie van die heuwel. Hier's baie huisies met 'n uitsig, maar as jy laat bespreek het, kan jy die uitsig ook van die restaurant se dek of die ruskamp se uitkykpunt geniet. Laatmiddag drom besoekers hier saam om te kyk hoe seekoeie uit die rivier na hulle nagweiding toe stap. Voegoggende is dit stiller, wanneer net die gedissiplineerde gaste kom kyk hoe die son die honderde poele in die riviervlak laat blink.

Hier's nie 'n kampterrein nie – kampeerdere kan tent opslaan by die Balule-satellietkamp ongeveer 11 km van die ruskamp af.

Die goedkoper BG-huthuise is in die middel van die ruskamp en redelik na aan mekaar. Die goedkoopste huisies met 'n bietjie van 'n uitsig, is die NG- en ND-huthuise (no. 86-99). Dit kos net R157 p.n. duurder as dié sonder 'n uitsig (No. 88 tot 92 is opgeknep en het nou 'n kombuis. No. 96, 97 en 98 het afgebrand weens 'n braaivuur en 'n woeste wind. Herstelwerk is in die beplanningsfase. – Red).

Koop minder steak vanjaar of verkoop die koekoekhorlosie op Facebook Marketplace, maar kyk of jy 'n geldjie kan afknyp



vir 'n nag of twee in 'n BD- of BBD-huthuise (no. 3-24) met 'n uitsig. (Besoekers gaan vuisslaan oor no. 9 (nou FQ4BBV) wat onlangs opgeknep is in die nuwe moderne styl met slaapplek vir vier.) As jy op die stoep van die huise sit, voel jy soos 'n berghaan met 'n afmiddag. Jy moet ten minste 'n jaar vooruit bespreek.

No. 106-111 aan die oostekant van die ruskamp is ook gewild. Net regs van die hek is twee ruim gastekothuise met slaapplek vir 4 elk. Die Lebombo-gastehuis se ontwerp dateer uit die sewentigs, maar die Nshawu-gastehuis is pas opgeknep en lyk nou nes daai luukse lodges wat jy in vlugtydskrifte sien, met 'n dek en 'n plonspoel.

Koste BG-huthuis: vanaf R1 652 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R167 per kind (slaapplek vir 2 of 3 mense). NG-huthuis: vanaf R1 819 p.n. vir 2 (op die rand). ND-huthuis: R2 300 p.n. vir 2 mense. BD-huthuis: vanaf R2 199 (op die rand) tot R2 322 (vol uitsig) vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R167 per kind. (slaapplek vir

2 of 3 mense). Huis vir 4 mense: vanaf R3092 p.n. Gastehuis: vanaf R9 119 vir 8 mense.

013 735 6606/7

BALULE-SATELLIETKAMP

Balule is een van daai plekke waar die geskiedenis lewe kry. Die kampie was oorspronklik "Olifantskamp" genoem en was jare lank die enigste kamp vir bruin en swart gaste.

Toe die huidige Olifantsruskamp in 1961 voltooi is, het dié kamp se naam verander na Balule, die Tsonga-woord vir die Olifantsrivier.

Deesdae is dit een van die gewildste kampe in die park. Bring 'n aand hier deur as jy iets van die Kruger se atmosfeer in die beginjare wil ervaar. Dié klein kamp het net 15 staanplekke en 6 hutte – die hutte is die oorspronklikes wat in 1930 gebou is. Dis net 'n rondawel met drie beddens – dit het nie vensters nie, net lugopeninge wat bedek is met ogiesdraad. Hier's nie krag nie (gas sorg vir warm water) en elke aand steek Mabel Khoza of Vivian Hlabangwane, die

kampopsigters, vir elke hut twee olielampe aan. (*Vra vir Mabel om jou te wys waar die inwonende nonnetjiesuil uithang.* – Red.)

Die hutte het gemeenskaplike ablusies en kombuisgeriewe, wat vrieskaste insluit. Dis basies soos kamp; onthou dus eetgerei en breekgoed. No. 6 teen die draad is tops. Die kampterrein is langsaan met gemeenskaplike ablusies (onlangs opgeknep) en kombuisgeriewe, ook met vrieskaste. Bykans elke staanplek is langs die draad.

Hier is 'n hiëna-lêplek naby Balule en die aasdiere word gereeld rondom die kamp gewaar. "Hulle neuse is skerp," sê Dennis. "Hulle ruik vars en verrotte goed en natuurlik ook braaivleis. Hulle kom stel ook ondersoek in wanneer hulle onbekende klanke hoor."

Koste Kamp (sonder krag): vanaf R459 vir 2 mense; R116 p.p. wat bykom en R58 per kind. Hut: vanaf R716 vir 2 mense, R221 p.p. wat bykom en R111 per kind (slaapplek vir 3 mense).

LETABA

Enorme haak-en-steëkbome se krone span soos yslieke sambrele oor die ruskamp, en hier's 'n lang stuk oewer met 'n paadjie en bankies van waar jy die aksie op die rivier kan dophou. Hier's 'n ryk voël- en dierelewe in die ruskamp. Bedags knabbel bosbokkies skugtig aan graspolletjies terwyl bosveldvisvangers onverpoosd en al tjirrend hulle maat soek. Snags meld die uile en nagapies weer aan vir diens. En as dit nie genoeg vermaak vir die kinders verskaf nie; in vakansies is hier allerhande aktiwiteite van kunsvlyt en nagritte tot buitelugflieke, wat beteken Ma en Pa kan rustig met 'n G&T langs die draad sit.

LETABA-BRUG



STAP DEUR DIE OLIFANTSAAI

Die Olifantsaal is 'n netjiese en moderne plek: Kinders kan hulle verwonder aan die reuse-olifantande en staar na 'n olifanthart (dit kan tot 6 kg weeg!) in formalien terwyl ouers lees oor die wisselwerking tussen die beskikbare waterbronne en olifantgetalle.

Ses van die Manjifeke Sewe se tande is hier (net João se tande is nie hier nie – dié het iewers afgebreek en is nooit opgespoor nie). Teen 317 cm is Shawu se linkertand die langste in die vertrek. Hier's ook 'n vertrek met verskeie skedels (vlakvark, kameelperd, krokodil...) Toegang is gratis. ☎ 013 735 6664



Wie bly in die ruskamp?

Hier's 'n paar skopsuittjies en 'n gebande uiltjie in die kampterrein – hy klink soos 'n klein hondjie wat huil. Teen sonsondergang kan julle soek na bosnagapies langs die telefoondrade en in die groot vrugtebome, soos die vye- en mangobome.

WAT SÊ DIE MENSE?

JOHN ADAMSON
HOOFGIDS: LETABA
21 JAAR IN DIE WILDTUIN



OOOR WILDVERSOEKE *Een aand was daar net vier oorsese studente op die wildrit en hoewel hulle al 'n paar dae in die park was, wou hulle graag 'n krokodil sien. Nie iets waarvoor mense gewoonlik vra nie. Ek het self gesukkel om een op te spoor – dit was in die middel van die reënseisoen en daar was min oop sandbanke.*

Ons het by die Letaba-brug stilgehou en die beste wat ek kon opspoor, was 'n paar gloeiende oë in die rivier, want teen dié tyd was dit al donker. Op pad terug op die S95 sowat 3 km van die ruskamp af gewaar ons eger 'n dik krokodil met 'n waterbokkalf in sy bek. En net agter hom sit 'n jong luiperd. Ons was onseker wie se prooi die bokkie was. Die luiperdwyfie het net nie die moed gehad om dié taak te voltooi nie. Die krokodil was seker tien keer groter as sy. Maar sy het aangehou om die krokodil te treiter en die bokkie te probeer vat. Ons het die toneel vir 'n driekwartier dopgehou, maar moes toe terugry ruskamp toe. Dit het in Februarie 2024 gebeur en ek het sommer toe geweet dit gaan die hoogtepunt van daai jaar wees!

OOOR LETABA *Die ruskamp het verskillende eenhede en dis op gesinne gerig. Hier's ook allerhande diere in die ruskamp soos bosbokke, muskeljaatkatte, uile en ratels. Ek het nouriedag selfs 'n grootrietrot gesien. (Tydens ons besoek het 'n bosnagapie en 'n jong slangetjie mekaar voor ons safaritent uitgedaag. – Red.) Hier kry jy die beste van die noorde en die suide – jy gaan nie skaars bokke soos tsessebe, eland of bastergemsbok by Skukuza en Onder-Sapie sien nie. En in die wintermaande is dit bedrywig rondom die rivier. Tans is hier ook 'n paar leeutroppe in die omgewing – een rondom die Hlanganinidam langs die H9 en by die Malopenyana-waterrat en naby die ruskamp. Daar was ook anderdag twee kameel-perdkarkasse op die pad na die Matambeni-skuiing toe.*

OOOR DIE LETABA-BRUG *Luiperds word meestal op die brug gesien. En dis nie altyd dieselfde een nie, hier's verskeie luiperds. Ons sien hulle gereeld op pad terug kamp toe ná 'n sonsondergangrit. Hulle is nuuskierig oor al die aktiwiteite wat gedurende die dag op die brug plaasgevind het.*

Hier is 'n hele paar gereelde besoekers by die brug. Die reuse-ooruile kom net na sonsondergang om losstertvlermuise te vang. Twee bruinarende en soms 'n swerfvalk sluit dikwels by hulle aan. In die somer jag 'n spoegkobra ook dié vlermuis. Daar is smal openinge tussen die brug se betonpanele. Die kobra plat sy ribbes af, druk deur die openinge en trek die vlermuis een vir een uit – tot sewe op 'n slag! Hy is vreeslik sku – jy sal hom net op 'n sonsondergang- of nagrit sien.



WAAR BLY EK?



LETABA-RUSKAMP

Letaba het 'n ruim nuwe winkel nadat die vorige een afgebrand het; dis nou naby die restaurant. Die restaurant is ook opgeknep en hier's gratis Wi-Fi. Die kampterrein is 'n goeie keuse in die somer, want hier's baie koeltebome waaronder jy 'n woonwa kan staanmaak.

Hier's ook heelwat staanplek langs die draad. As jy stilte soek, mik vir die staanplekke in die suidoostelike hoek langs die Fish Eagle-gastehuis (maar dan is jy baie ver van die swembad af) of in die suidwestelike hoek langs die safaritente.

Hier is 20 safaritente: No. 1-10 is in 'n sirkel langs die swembad (met waaiers en 'n gemeenskaplike kombuis en ablusies). No. 4, 5, 7 en 8 is langs die draad. Die ander tien is dieper in die ruskamp in 'n mopaniewoud. Hier is elke soort

rondawel; van 'n basiese EA-hut met gemeenskaplike geriewe tot BD-huthuise met 'n kombuis, badkamer en 'n uitsig.

Kyk op die kaart voordat jy bespreek – van dié rondawels het van die mooiste uitsigte in die Kruger – no. 37 (slaapplek vir 2) en 64 (slaapplek vir 3) is die gewildste. Die ten volle toegeruste gesinskothuise met slaapplek vir 6 en die twee private gastehuise, Fish Eagle en Melville, het 'n puik ligging op die oewer van die Letaba-rivier. Vier van die gesinskothuise (no. 102, 103, 107 en 108) is onlangs opgeknep.

Koste Kamp: vanaf R458 vir 2 mense, met 'n kragpunt, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind (slaapplek vir 6). Safaritent: vanaf R893 vir 2, R221 p.p. wat bykom en R111 per kind (slaapplek vir 2 of 4). EA-hut: vanaf R1 083 vir 2 mense,



SHIMUWINI

R221 p.p. wat bykom en R111 per kind (slaapplek vir 3). BG-huthuis: vanaf R1 652 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 2 of 3). BD-huthuis: vanaf R1 819 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R168 per kind (slaapplek vir 2 of 3). Gastekothuis: R3 516 vir 4 mense, R603 p.p. wat bykom en R301 per kind (slaapplek vir 6). Gastehuse: R9 119 vir 4 mense, R960 p.p. wat bykom en R480 per kind (slaapplek vir 8 en 9). ☎ 013 735 6636 / 7

SHIMUWINI

Shimuwini op die oewer van die Letaba is voorwaar een van die topvyf-blyplekke in die Kruger.

Hier kabbel heeljaar water verby die kamp én die skuiling wat reg op die oewer gebou is. Jy kan snags in jou bed lê en hoor hoe die seekoeie snork, of laatmiddag op 'n bankie onder

'n jakkalsbessie parkeer en watervoëls soek.

Shimuwini is een van net twee bosveldkampe met 'n swembad waar jy in die bloedige somers kan afkoel. Boonop is die swembad se plaveisel en boma aan die begin van die jaar opgeknep. Die private S141 van ongeveer 15 km na die kamp (met 'n luspads langs die rivier) is ook puik as jy wildehonde en lui-perds wil sien. Die 15 kothuise lê op 'n grasperk langs die oewer. No. 1-3 is verder van die water af, maar no. 1 is privaat en bied 'n mooi uitsig oor die bos. No. 15 is naby die rivier én privaat. No. 1, 3, 5, 6 en 12 is opgeknep.

Koste Vanaf R1 976 p.n. vir 2 mense en R603 p.p. wat bykom en R301 per kind (slaapplek vir 4, 5 of 6 mense).

☎ 013 735 6683




BOSBOK, LETABA

Wie bly in Shimuwini?

Jy kan bruinkoppapegaai in die kamp sien en hoor – hulle maak 'n hengse lawaai!

WAT SÊ DIE MENSE?



CECILIA PHOPHI
KAMPBESTUURDER:
SHIMUWINI
19 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR HAAR GUNSTELING-DIER *Dis 'n luiperd, en ons sien hulle gereeld rondom die kamp. Ek vind aanklank by hulle kalmte, maar in dieselfde asem kan 'n mens nie hulle volgende beweging voorspel nie!*

OOOR DIE KRUGER *Terwyl ek toerisme studeer het, het ek vinnig besef ek verkies ekotoerisme en wil eendag in die wildtuin werk. Ek is mal oor die natuur en die bosveld. Ek voel skoon ongemaklik as ek die park verlaat – die lawaai van die buitewêreld is net te veel. Ek is te gewoon aan my lewe in die natuur.*

Limpopo SUID-AFRIKA



In die somer is hier baie panne en poele langs die S142-pad (Shongololo-omrit). Wees op die uitkyk vir voëls soos die seldsame dwergrietreier. En by die Ntomeni- en Uitspanpan kry jy dalk die pylstertrooi-bekkie met sy mooi, lang stert te sien.

Sorg dat jy vroegoggend dié pad ry. Hier kan jy sien hoe die son voor jou oor die Lebomboberg opkom.

Hou vroegoggend jou oë oop vir hiënas naby dié watergat – hier is 'n lêplek in 'n duikslot aan dieselfde kant van die pad as die watergat, sê Sindile Busisiwe Mlambo, Mopani se senior veldgids.

Haal uit jou verkyker – bromvoëls broei graag in Mopani se bekende kremetartboom op Bowerskop.

Kom luister na die naggeluide in die skuiling met 'n uitsig oor 'n poel in die Tsendzerivier. Jy kan die skuiling eksklusief (net vir een nag) bespreek – kyk op bl. 13 vir besonderhede.

Voëls en krokodille kom by die laagwaterbrug oor die Tsendzerivier bymekaar asof hier Nando's opgedis word! Jy kan tegelykertyd 'n grootwitreier, blourerier, én gewone nagreier sien. 'n Seekoei of twee lê in die water nader aan die skuiling en 'n krokodil of drie sorg dikwels vir 'n verkeersknoop!

'n Trop wildehonde beweeg tussen die Shimuwini-bosveldkamp en Mopani en word gereeld op dié teerpad gewaar.

MOPANI TSENDZE


Lebomboberg

Mopani na Letaba	50 km	±2 h
Mopani na Phalaborwa-hek	75 km	±3 h
Mopani na Shingwedzi	63 km	±2½ h

MOSAMBIEK

Span uit by die Mooiplaas-piekniekplek

Hier is twee bomas met grasdakke: die een aan jou regterkant soos jy inry se grasdak is onlangs opgeknip en reg langs die Tsendzerivier – kom vroeg en merk jou gebied (pak jou koffiefles en bekers en so aan uit, meen ons...)



Die groot, oop vlakte rondom die watergat staan bekend as "Mopani se Serengeti". Hou jou oë oop vir blouwildebeeste, sebras, elande, rooijakkalse en rooikatte. Dis ook die beste plek in die park om skaars wildsbokke soos die bastergemsbokke (hier was destyds 'n teelkamp), tsessebes en selfs Lichtenstein se hartbeeste en swartwitpense te sien.

Die watergat is in 'n oop kol. Vroeg-oggend kan jy mooi foto's van sebratrope hier neem. En as jy gelukkig is, kom loer tant Gompou ook in.

Die S50-grondpad volg die Nshawurivier met verskeie watergate waarna jy kan afdraai. Dié stuk van die S50 en die S143 is voorwaar die beste wildkykgebied rondom Mopani. Groot buffeltrope en olifante is volop en boonop hou 'n trop van 16 leeus tussen Nshawu no. 3 en die Tihongonyeni-watergat. Voëlkykers kan luister vir 'n geluid wat klink soos 'n kurk wat uit 'n bottel skiet – die "kw-eik" is 'n langbeenkorhaanmannetjie se roep.

Hier kry 'n mens soms olifante en elande. Jagluiperds beweeg ook tussen Mopani se T-aansluiting met die H1-6 en die Middelvlei-watergat, en 'n trop leeus hou weer tussen Middelvlei- en die Klein-Nshawu-watergat.

bl. 99

MOPANI & TSENDZE



Hierdie kremetartboom staan skuins oorkant die dagbesoekersterrein in die Mopani-ruskamp.



Die mopaniebosse in die omgewing kan dalk jou uitsig effens belemmer, maar hier's verskeie kolle waar grasvlaktes hulle weg oopbaan en jy troppe buffels en elande kan sien. Die Mopani-ruskamp is een van die "nuwer" ruskampe in die park – dis in 1991 voltooi. Dit het 'n lodgegevoel – introverte sal die huisies wat deur sy eie stukkie bos omring word, waardeer.

Die ruskamp is op 'n koppie gebou, met van die rondawels wat oor die Pionierdam uitkyk. Van die restaurant se dek af kan jy die visarende en byna elke soort witreier sowel as seekoeie se kom en gaan dophou.



Wie bly in Mopani?

Hier woon 'n nonnetjiesuil onder die dak by die ontvangs se ingang en 'n Europese naguil naby die restaurant. As jy in die aand deur die kamp loop, kan jy dalk die bosnagapie – die grootste nagaapspesie – sien. "Op Facebook het mense al genoem dat hulle 'n rooikat in die kamp gesien het, en in die somer kuier Europese wielewale ook in die ruskamp," vertel Pieter.

WAT SÊ DIE MENSE?



SINDILE BUSISIWE MLAMBO
SENIOR VELDGEDS: MOPANI
11 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR MOPANI Toe ek in 2018 na Mopani verplaas is, moes ek weer na my boeke terugkeer en studeer. Ek het voorheen in besiger kampe soos Skukuza en Satara gewerk. As jy daar by die hek uitry, sien jy sommer binne die eerste kilometer 'n leeu of luiperd. Hier vertel ek vir gaste oor die bome en die voëls en die geskiedenis van die park. Hier is minder paaie om die kamp om te ry, maar ons het skaars wildsbokke soos die bastergembok, tsessebe, Lichtenstein se hartbeeste en swartwitpense.



PIETER DU PLESSIS
DIENSBESTUURDER: MOPANI
56 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR MOPANI Daar is heelwat minder mense in die noorde – dis lekker stil hier. As jy in die suide 'n luiperd sien, is daar 50 motors rondom die dier. Hier sit jy alleen vir 20 minute voordat 'n tweede motor opdaag. Die laaste twee jaar het ek op voëls begin fokus. Voëlkykers kom noorde toe omdat hier spesies voorkom wat jy nie in die res van die park kry nie. Die dubbelbandsandpatrys is een van my gunsteling, en hulle geluid is spesiaal: "grrr-grr-grr-grr". Dis 'n voorreg om elke dag 'n witkoluil in my tuin te sien.



WAAR BLY EK?



MOPANI-RUSKAMP

Mopani voel soos 'n fênsie lodge: Hier is nie goedkoper hutte met gemeenskaplike geriewe of 'n kampterrein nie, en die bestuur hou die plantegroei tussen die geboue so natuurlik as moontlik.

Mopani het in 2024 by die "Kruger National Park Achievement Awards" die beste ruskamp in die park gewen. En 'n mens verstaan gou hoekom: Byna elke huisie is in sy eie stukkie bosveld met 'n swetterjoel voëltjies wat jou geselskap hou (bosveld-stompsterte, blousysies, sneeuballe (die geveerde soort))... No. 9-12, 43, 45, 48, 49, 51, 101 en 102 het uitsigte oor die Pionierdam.

Hier's 'n wandelroete langs die rand van die dam en verby die swembad waar 'n waterlikkewaan jou dalk sal verras.

En naas Pretoriuskop het die ruskamp die mooiste swembad

in die park – dis basies 'n swembad in 'n bos!

Koste BD-huthuis: R1 779 vir 2 mense, R334 p.p. en R167 per kind wat bykom (slaapplek vir 4); R2 035 vir een met 'n uitsig. FB-kothuis: R2 035 vir 2 mense, R334 p.p. en R167 per kind wat bykom (slaapplek vir 4). FF-gesinskothuis: R 3 236 vir 4 mense, R600 p.p. en R300 per kind wat bykom (slaapplek vir 6); R3 503 vir een met 'n uitsig. Xanatseni-gastehuis: vanaf R9 085 vir 8 mense. 013 735 6535/6

TSENDZE-KAMPTERREIN

Die Mopani-ruskamp mag dalk nie plek vir kampeerders hê nie, maar 7 km suid vergoed Tsendze hiervoor met 'n kampterrein wat jou laat voel asof jy in die veld tent opgeslaan het. Saam met al die boskasie, mopanie-, hardekool-, en appelblaarbome kom daar ook gediertes...

"As dit stormagtig is en die

wind aan die bome ruk, kom die skerpioene uit," waarsku Rodgers Hobyane, kampopsigter. (*Wraggies, twee skerpioene en 'n oorkruiper het onder Mia-hulle se afdak geskuil. – Red.*). "In die somer moet jy weer versigtig wees vir die swartmamba."

Saam met dié avontuur kom die legendariese kamposigters, Rodgers en Elina Mona.

Elke dag teen skemer stap hulle deur die kamp om seker te maak elke groep is gelukkig en gemaklik. Elina deel dierestories en Rodgers wys graag watter boom die inwonende skopsuil vandag as sy huis gekies het.

Die 34 groot, gelyke staanplekke is in 'n 8-formasie uitgelê rondom twee ablusie-blokke, met die bome en bosse wat privaatheid tussen die tente en woonwaens skep.

As julle 'n groot groep is, vra vir staanplekke wat na aan mekaar lê: 27 en 28 of 14 en 15. Nommer 3, 4, 17 en 26 bied

die meeste privaatheid (met 3 en 26 nader aan die heining).

Rodgers sê staanplek 3 is soms maande vooruit bespreek. Anders as die res van die kamp-plekke in die park, word 'n staanplek hier aan jou toegeken.

In Tsendze kan jy behoorlik wegkruip vir die wêreld: Hier's geen elektrisiteit, krag-opwekkers, selfoonopvangs, winkels, restaurant of dag-besoekers nie.


Sonpanele en gas voorsien geriewe soos warm water, lig, yskaste en kookgeriewe by die opwasplek en badkamers. Jy kan warm stort onder die sterre én afkoel in die buitestorte – hier is ongelukkig nie 'n swembad nie, maar gaste kan by Mopani swem.

As dit moet, is daar selfoon-opvangs tussen Elina se huis en staanplek 21 en 22.

Koste Vanaf R458 vir 2; R116 p.p. en R58 per kind wat bykom (slaapplek vir 6).




Waterbokke vat 'n verposing langs die S50; 'n Saalbekoievaar pose by die Olifantsbad-pan; Kom ervaar die bos op sy beste in Tsendze; En kom sê hallo vir 'n skopsuil as jy hier is.



Wie bly in Tsendze?

Rodgers hou tred van die skopsuil se bewegings. Dié meneertjie verras kampeerders elke dag in 'n ander boom – die uiltjie het dit onlangs tot binne in kampeerders se tent gewaag! Besoekers het ook al 'n bosloerie hier gewaar, maar Pieter sê hy was bietjie sku die laaste twee jaar.

WAT SÊ DIE MENSE?



ELINA MONA
KAMPOPSIGTER: TSENDZE
29 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR TSENDZE *Ons woon en werk hier sedert die kamp in 2006 gebou is. In die begin het die olifante gereeld deur die draad gebreek omdat die kamp op hulle roete na die water by die Mooiplaas-piekniekplek lê. Dit gebeur gelukkig nie meer nie – nou weet die olifante dat hulle moet omloop.*

RODGERS HOBYANE
KAMPOPSIGTER: TSENDZE
27 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR TSENDZE-KAMPEERDERS
Daar is mense wat al drie maande aaneen hier gekamp het – hulle hou van die rustigheid. Gereelde besoekers stop ook hier as hulle verbyry, sommer net om vir my en Elina te groet en te hoor hoe dit by Tsendze gaan.



KAMPGIDS NOORD

115 SHINGWEDZI

117 BATELEUR

118 SIRHENI

128 PUNDA MARIA

128 PAFURI

HOOGTEPUNTE

- 1** Skiet vroegoggend die openingstoneel vir jou vakansievideo by die Tshanga-uitkykpunt.
- 2** Kruie stadig onderdeur eeue oue bome al langs die Shingwedzi-rivier op die Red Rocks-roete.
- 3** Kyk hoe bad olifante in die Mphongolo-rivier.
- 4** Raak weg in die oewerbos langs die Luvuvhurivier.
- 5** Staan by Crooks' Corner een van Suid-Afrika se verste uithoeke.
- 6** Soek in die somer 'n knopstertrouphant en bontpiek in die mopaniewoud.



MOSAMBIEK

SHINGWEDZI BATELEUR SIRHENI

Shingomeni
426 m

Parque Nacional do Limpopo

Shingwedzi na Mopani	63 km	±2½ h
Shingwedzi na Punda Maria	74 km	±3 h
Shingwedzi na Pafuri-hek	111 km	±4½ h

Lebomboberg

Saal af by die Babalala-piekniekterrein vir koffie en beskuit voordat jy roofdiere of voëls op die S56 soek. Die piekniekplek is groot met heelwat bome en 'n grasdak-boma om 'n enorme trosy. Die grasvlaktes rondom Babalala bied mooi uitsigte, en bastergembok en eland hou suid van die piekniekplek.

Mik noord van die ruskamp as jy skaars bokke soos eland, bastergembok en swartwitpens wil sien. Anderkant die Nkulumbeni-brug op die H1-7 vou die plantegroei oop en jy kan ver oor die vlaktes tuur vir volstruise, sebras, blouwilbeeste en buffels.

'n Groot jagluiperdmannetjie met 'n halsmonitor loop graag tussen die ruskamp en die Boyela-waterrat verder noord. In die algemeen is jagluiperds ook lief vir die vlaktes rondom die Gora-waterrat.

'n Trop van agt leeus jag tussen die ruskamp en die Shingwedzi-brug. Bishop Shilowa, die hoofgids, sien ook soms jagluiperds en luiperds hier. 'n Groot luiperdmannetjie hou naby die brug.

Wildevonde het 'n wye loopgebied. Wees op die uitkyk vir hulle op die Red Rocks-sirkelroete (S52 en H1-6). Volgens Bishop gewaar besoekers soms die honde sommer van die bankies af by die restaurant wat oor die rivier uitkyk.

Bromvoëls stap gereeld langs die S134-grondpad wat om die ruskamp loop. Kampeerders sien hulle selfs soms van die grensheining af.

Soek na hiënas tussen die KaGole- en Nkokodzi-rivier. Hier is 'n lêplek in 'n duiksloot.

Ry al langs die Shingwedzi-rivier tot by die Dipeni-waterrat. Hier kry jy ook watervoëls soos die goudsnip, rooipootelsie, swartriethaan en saalbekooievaar. Wees op die uitkyk vir bosbakkies in die ruigtes. In die winter is jou kans goed om leeus te sien – hulle jag en beweeg tussen die waterpoele langs die rivier.


Bekyk Bateleur se damme

Hier is twee damme op Bateleur se private paaie wat gaste aan die bosveldkamp kan besoek. Die digte bos om Silwerisdam belemmer jou uitsig, maar die kurkbos met pers bloeisel in lente en somer is volop langs die pad na dié klein dam. By die Rooibosranddam kan jy moontlik skaars bokke soos eland of swartwitpens sien.

Die S56 (ook genoem die Mphongolo-roete) langs die oewers van die Shisha- en Mphongolo-rivier is ruig, maar tog 'n goeie opsie vir leeus, jagluiperds en wildehonde. Die rivieroewer is gewild vir voëlkyk omdat hier ander groot bome as net maroelas groei: njalabome, jakkalsbessies en trosy. Bishop het al 'n langkuifarend en 'n dickinsongrysvalk langs die pad gesien.

Krugerwildtuin

Limpopo RSA



SHINGWEDZI

Shingwedzi is 'n ideale kamp as jy wil wegkruip van skares, in rus en vrede voëls wil soek en in die winter katte wil sien. Aangesien jy teen die Shingwedzi-rivier bly, kan 'n mens massas diere rondom die kamp verwag, al is die rivier nie standhoudend nie. Selfs op die kort 2,5 km-teerpad tussen die kamp en die Shingwedzi-brug kan jy van bobbegane, sebras, bromvoëls, maraboes tot groot katte raakloop.

Die bome langs die rivieroewer is indrukwekkend: mopanies, jakkalsbessies, trosveye, harde kole en njalas. Jy hoef nie eens die kamp te verlaat nie – die restaurant en dagbesoekersterrein het wye uitsigte oor die rivier.

IN SAALBEKOOIEVAAR SOEK STILTE,
BOYELA-WATERGAT

MIA LOUW

WAT SÊ DIE MENSE?



BISHOP SHILOWA
HOOFGIDS: SHINGWEDZI
19 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR LEEUS *Jy sal in die winter, wanneer water skaars is, hope diere by die watergate kry – dan sien ons byna elke dag 'n roofdier wat 'n bok vang! In 2024 se winter het ons vier leeutroppe gehad wat van watergat na watergat beweeg het, veral op die S50 en naby die ou Kanniedooddam. Ek het vir die eerste keer gesien hoe leeus krokodille vang en vreet! Die leeus doen dit veral wanneer die krokodille hulle prooi wil steel.*

OOR KLEINDOBBERTJIES *Ek het onlangs kleindobbertyes by die Grootvlei-watergat gesien. Hulle vreet graag vis, en sluk van hulle eie vere om met die vertering van visgrate te help.*

OOR SY GUNSTELING-DIER *Ek is mal oor ratels. Daar is nie 'n bang haar op daai dier se kop nie! Ek het al vroegoggend 'n ratel op die S56 gesien wat gate grou vir kos. 'n Luiperd het met hom kom skoorsoek, maar die ratel het sy man gestaan en die luiperd in 'n boom op gejaag!*



SILINDILE KHOZA
KAMPBESTUURDER: SHINGWEDZI
21 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOR DIE NOORDE *Die noorde is rustiger as die suide. Hier is minder mense en verkeer. Jy kan heerlik ontspan, kilometers ver ry sonder om 'n ander motor te sien en die diere op jou eie geniet.*

OOR HAAR GUNSTELING-DIER *Ek is mal oor 'n luiperd – ons sien hulle gereeld. Soms kan jy hulle in die aand hoor as jy langs die draad af stap of in die kampterein bly.*




SHINGWEDZI



HIËNA, H1-6

Wie bly in Shingwedzi?

Besoekers sien soms 'n witkoluil en skopsuil. Die uile beweeg rond, maar hou daarvan om in die kamp se doringbome te sit. Die ruskamp is ook 'n goeie plek om te soek na die bennettspeg. Maar moenie die bome bekyk nie, kyk af, want dié spog hou daarvan om grondlangs miere te soek.



BABALALA-PIEKNIKPLEK



MARABOESAANTREK, GROOTVLEI-WATERGAT, S50



BATELEUR

WAAR BLY EK?



SHINGWEDZI

Al is hier groot bome in en om die kamp, is dit sanderig. Hier is byna geen gras tussen die geboue nie, maar die kampterrein is gelyk, ruim en uitgesprei al langs die grens-draad in die suidwestelike hoek – dis waar die swembad wag.

Hier is 26 staanplekke langs die heining wat duurder kos. Jy kan hulle bespreek, daar word nie 'n spesifieke staanplek of nommer aan jou toegeken nie. Die beste opsies is no. 1 en 2 onder 'n groot haak-en-steek en naby die hoofblusieblok, of no. 17 langs die swembad: die swembadheining en grens-draad vorm 'n hoekie met niemand voor of langs jou nie.

Die eenhede is almal in twee groot sirkels gerangskik, behalwe die Rentmeester-gastehuis wat 'n uitsig oor die rivier het.

As jy nie wil kamp nie, maar nogtans jou bankbalans moet dophou, bied die B-sirkel se EH-hutte goeie waarde – jy deel 'n kombuis en badkamer, maar het 'n onderdakstoep. Die ruskamp se ontvangs en restaurant lyk spiekeries met nuwe teëls en dakke en 'n uitkykpunt oor die rivier.

Koste Kamp: R458 vir 2 mense met 'n kragpunt; R525 vir 'n staanplek langs die draad, R116 p.p. wat bykom, R58 per kind (slaapplek vir 6). EH-huthuis: R848 vir 2 mense, R221 p.p. wat bykom, R111 per kind (slaapplek vir 3). BG-huthuis: R1 440 vir 2 mense. BD-huthuis: R1 708 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom, R167

per kind (slaapplek vir 2 of 3). FF-gesinskothuis: R2 813 vir 4 mense. Rentmeester-gastehuis: R7 601 vir 6 mense, R960 p.p. wat bykom, R480 per kind (slaapplek vir 8).
☎ 013 735 6806

BATELEUR-BOSVELDKAMP

Bateleur voel soos 'n eksklusiewe kamp aangesien hier maksimum 34 gaste kan oorbly. Met net 7 eenhede is dit die kleinste bosveldkamp in Kruger – die ander het 15.

Die kothuise staan langs die droë Mashokwe-spruit en is weggesteek tussen digte bos en bome. Dit beteken jy het nie juis 'n uitsig oor die rivierbedding nie, maar gelukkig sien 'n mens ook nie maklik jou buurman nie. Die gastekothuise is netjies, met die grasdakke in 'n goeie toestand en die mure wat onlangs geverf is. No. 1, 2, 3, 5 en 6 is in 2023 en 2024 opgeknap. Eenhede 3, 4 en 5 staan effens opmekaar, maar die bosse en bome bied privaatheid. No. 1 is meer privaat en effens verder van die draad af, maar het sy eie paadjie na die skuiling. No. 6 en 7 is naaste aan die draad en piekniekbankie wat oor die rivierbedding uitkyk. Bateleur is die enigste bosveldkamp met lugversorging (die ander het dakwaaiers), maar die gedreun van die lugverkoeling kan steurend raak.

Koste R3 280 p.n. vir 4 mense, R600 p.p. wat bykom en R300 per kind (slaapplek vir 4 tot 6).
☎ 013 735 6843

WAT SÊ DIE MENSE?



DUMISANI SYDWELL SHIRINDA
KAMPBESTUURDER: BATELEUR
15 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR VLOEDE IN DIE SOMER *Ek het die grootste deel van die oggend op die S52-ingangspad rondgery om te sien of enige van ons gaste hulp nodig het. Hierdie grondpad loop deur vier driffies wat in vloed is nadat ons massas reën vroeg in Januarie gekry het. Ek wou seker maak almal se motors het deurgekom en sit nêrens vas nie!*



NKHENSANI MAKHUBELA
DIENSBESTUURDER: SIRHENI
20 JAAR IN DIE WILDTUIN

OOOR DIE OMGEWING *Die plantegroei is spesiaal, veral langs die Mphongolo-rivier. Hier groei ander groot bome soos die njala, wat mens nie in die suide kry nie. Dit is ook tjoepstil met min verkeer op die paaie hier om die bosveldkamp.*

Wie bly in Sirheni?

Gaste hoor soms die reuse-ooruil uit die skuiling naaste aan no. 1 – dié uil sit gereeld in die jakkalsbessies oorkant die rivier. Gaste hoor en sien ook af en toe 'n luiperd wat in die rivierbedding loop.


SIRHENI-BOSVELDKAMP

Die kamp se 15 eenhede staan al langs 'n droë rivierloop. Party huise het wye uitsigte oor die bedding terwyl jy by ander die riviersand deur 'n smal gang van welige plantegroei kan sien. 'n Mens kan in privaatheid sit en voëls soek, want hier is twee skuilings in Sirheni.

Die bosveldkamp is net 35 km se ry na Shingwedzi as jy 'n winkel of restaurant

soek. No. 1, 2 en 3 het wye uitsigte oor die rivier, maar bied minder privaatheid omdat daar nie bosse tussen die huise is nie. No. 8 is privaat en omring deur plantegroei. No. 8 en 15 is in 2024 opgeknep. Die huise het nie lugverkoeling nie, maar wel dakwaaiers.

Koste R1 953 p.n. vir 2 mense (slaapplek vir 4), R3 293 p.n. vir 4 mense (plek vir 6), R603 p.p. wat bykom, R301 per kind.
☎ 013 735 6860






JONG BREËKOPAREND, RED ROCKS-ROETE (S52)

Soek só na Shingwedzi se luiperds

Rian Boshoff was al meer as 100 keer in die Krugerwildtuin. Sy gunsteling-ruskamp is Shingwedzi, want dis hier waar hy alleentyd met sy gunsteling-dier kan deurbring: Luiperds.



“**T**oe die park se hekke vir die eerste keer ná die grendeltyd oopmaak, was ek die eerste mens by die Phalaborwa-hek.

En toe die ruskampe oopmaak, het ek dadelik my tent in Tsenzde gaan opslaan!” sê Rian laggend.

“Ek was nog altyd lief vir die bos, en het selfs ’n veldgidskursus voltooi, maar werk nou as finansiële raadgewer op Middelburg.

“Desembervakansies kamp ons gesin vir drie weke by Shingwedzi. Dis die enigste kamp waar dit nie saakmaak of jy diere sien, of nie. Die enorme njala-, wildevy- en hardekoolbome op die rivierewers maak dit besonders en die hoeveelheid diere verstom my elke keer.

“Van Shingwedzi af kan jy jou wildkyk-roetes noukeurig beplan om te verseker jy

het altyd die son agter jou rug – ’n moet vir fotografe. Ek ry in die oggende van oos na wes en in die middag wes na oos. Dit help om vinniger die kleure van ’n dier soos ’n leeu of ’n luiperd te sien pleks van om te kyk waar ek ry of met die sonskerm bo my kop te sukkel om die son te keer.”

Rian is ook ’n ywerige fotograaf; hy het al ’n fotodatabasis van die Shingwedzi-omgewing se luiperds saamgestel. Daar is foto’s van meer as 50 individue.

“Ek kan stambome uitleë en weet waar elke luiperd vandaan kom en wie die ma en pa is. Mense stuur gereeld vir my foto’s op sosiale media en vra of ek die luiperds kan uitken.”

“Elke luiperd het ’n kerngebied. As ek ’n luiperd afneem, gaan kyk ek altyd na die ander foto’s wat ek ook in die gebied geneem het,” verduidelik hy. “Van die luiperds het ek al so baie gesien dat ek onmiddellik

Op die deel van die Red Rocks-roete (S52) naaste aan die ruskamp is ’n smal grondpaadjie om nader aan die rivier te kom; baie mense ry dit mis. Op dié oggend het Rian by die paadjie afgery en vars luiperdspore gesien. Verder was daar ’n sleepmerk op die pad en hy het geweet dis ’n luiperd. Sy was in ’n boom langs die pad. Rian het drie dae daar gesit met net twee voertuie wat verbygekom het.





RIAN SE LUIPERDSEKWEKKE

1 Gebruik al jou sintuie wanneer jy luiperds soek. Ry met jou ruite af en luister na enige noodroep van diere soos blouape, bobbjane, rooibokke, boomeekhorings en fisante, of die blaf van 'n koedoe. Die alarmmakers sal ook altyd in die rigting van die gevaar kyk.

2 As jy in 'n luiperdgebied ry, skakel vroegoggend jou kar vir 'n paar minute af en luister of jy 'n luiperdmannetjie kan hoor wat in die verte rasper om sy teenwoordigheid aan te kondig.

3 Wees op die uitkyk vir spore op die kante van grondpaaie, uitgetrapte wildpaadjies en enige roetes na water toe. Dominante luiperds (en leeus) merk dikwels hulle gebied langs hierdie paaie.

4 Gesels met ander Kruger-liefhebbers. Jou buurman in die kampplek langs jou het dalk iets gesien wat jy misgeloop het.



weet watter een dit is. Ander kere moet ek na die kolpatrone op die gesig kyk – nes 'n vingerafdruk is dit uniek tot elke luiperd. Ek begin met die kolletjies langs die snoet en die patrone om die oë en vergelyk die patrone op die foto's."

Rian het ook al luiperds wat uit die Shingwedzi-streek verdwyn, 'n jaar of wat later elders in die park opgespoor.

"In 2018 het ek 'n luiperd gesien sowat 7 km van Shingwedzi af met 'n rooibokvangs onder 'n boom. Die volgende dag was daar drie luiperds. 'n Ma en twee klein-tjies ('n wyfie en 'n mannetjie). Vir die volgende vier dae het ek elke dag daar gesit en hulle afgeneem. Die wyfie het later in dieselfde omgewing haar gebied gevestig en word tot vandag toe nog daar gesien.

"Die mannetjie het egter verdwyn. In 2022 het 'n foto op Sanparke se Face-book-groep van 'n luiperdmannetjie naby Tsendze onmiddellik my aandag getrek. Dit was hy! Ek kon hom aan my vorige foto's uitken. Hy het 'n gebied naby Tsendze gevestig, en word steeds daar gesien.

"In 2019 het ek gereeld 'n jong mannetjie op die H14-Ngobeni-luspad tussen die Mopani-ruskamp en Phalaborwa-hek gesien, maar in die jare daarna het ek hom nooit weer daar gesien nie. Sodra luiperdmannetjies volwassenheid bereik, word hulle deur die dominante mannetjie uitgestoot.

"Ek kon my oë nie glo nie toe ek in Mei 2023 op Facebook 'n foto van 'n mannetjie suid van Shingwedzi sien.

"Dit was sowaar as wagtig hy!

"Ek was gelukkig om hom wéér raak te loop. In Maart vanjaar was hy een oggend by Shingwedzi se hoofhek. Hy het in die rivierbedding voor die kamp verbygeloop. Jy sou hom van die restaurant af kon sien soos hy in die rigting van die Kanniedooddam geloop het. Ek het by die hoofhek omgedraai, deur die kamp gery en weer by die agterste hek uitgery en hom by die laagwaterbrug voor die Rentmeester-gastehuis gekry.

"Die laaste plek waar ek hom gesien het, was 115 km van waar ek hom die eerste keer gesien het!"

Een van Rian se luiperdfoto's verskyn op bl. 28. Volg hom op Instagram by @rianboshoff.

Rian het hierdie luiperdmannetjie in 2019 gereeld op die Ngobeni-luspad op die H14 tussen die Phalaborwa-hek en die afdraai na die Shimuwini-bosveldkamp gesien. Hy het hom eers vier jaar later weer gesien, net buite Shingwedzi se hek – die twee gebiede is sowat 115 km van mekaar af.



SOEK HIÉR NA LUIPERDS

- Ry stadig op die S50 tot by die Kanniedood-skuiling en terug kamp toe; hou jou oë op die rivier.
- Ry die stuk van die afdraai na die S56 (Mphongolo-roete) tot by Sirheni stadig en soek na spore. Ek het al baiekeer in die hitte van die dag 'n luiperd hier gekry wat rustig in die koelte lê en slaap.
- Die deel van die Red Rocks-roete op die noordelike oewer van die Shingwedzi-rivier na aan die kamp het baie groot bome teenaan die oewer met niksvermoedende rooibokke wat onder dit wei.



PUNDA MARIA PAFURI-GRENSKAMP

Punda Maria na Pafuri-grenskamp	60 km	±1½ h
Punda Maria na Pafuri-hek	77 km	±3¼ h
Punda Maria na Shingwedzi	74 km	±3 h

Somermaande kan julle by die 8 km-merker op die uitkyk wees vir knopsterttroupante, dié voëls kom net in die verre noorde van die park voor. En by die 12 km-merker is van die beste plekke in die park om te soek vir die skaars bontpiek.

← na Tshipise

Masisi

Nthakeni Bush
& River Camp

Mutale

Pafuri-piekniekplek: Eet middagete saam met die voëls

Hierdie piekniekplek is gewild onder voëlkykers – soek na die skaars beloogbosbontrokkie, bosloerie, konkoit en dikbekkoekoek. Vra die opsigter Mandla Ngomane om te help.

Kruie deur Klopperfontein

Dié luspaadjie bied van die beste wildkykeenthede tussen die ruskamp en Pafuri. Die omgewing vou oop en dus kan 'n mens van ver af sien of 'n groot buffeltrop naderstap. Die Klopperfontein dam is 'n gawe plek om jou oggendkoffie te geniet, want jy kom lekker na aan die water. Hier's altyd aksie – 'n rooibeksyste wat tussen die riete flits, 'n seekoei wat loer of 'n paar dikkoppe wat raas. Dié kol is al vir lang jare 'n uitspanplek. Jagters en smokkelaars, en onder andere die berugte Dirk Klopper na wie die dam vernoem is, sou hier uitkamp en met hulle ossewaens ry na die jagvelde van die noorde. Net ná die dam is 'n luspaadjie wat verby 'n drif loop – dié is gebou deur Cecil "Bvekenya" Barnard, 'n grootwildjagter en ivoorsmokkelaar wat amok gemaak het in die omgewing vroeg in die 19de eeu.

Bekyk bome op die Mahonie-pad

Jy gaan nie die Groot Vyf langs dié roete afmerk nie, maar hier is bome, plante en voëls wat jy nie elders in die park sal teëkom nie. Die roete kronkel al om die Dimbo-heuwel noord van die ruskamp en onderdeur manjifieke bome – van peulmahonies en maroelas tot kremetart- en raasblaarbome – pak dus jou boomboek in. En jou voëlboek, want jy kan hier skaars voëls soos savannapapegaie en dickinsongrysvale op jou lysie afmerk.

Nwatshipange
533 m

Luvuvhu

S99

Witsand

Mahonie-pad

Matukwale

Martitube

Punda Maria

H1-3

H13-1

4

5

Tshamavhudzi
582 m

Thulamila
604 m

Sleep Over Punda
Maria Gate
Sien bl. 129

na Thohoyandou

SUID-AFRIKA
Limpopo

ZIMBABWE



Makuleke-kontrakpark

Makuleke Camp

Bekyk die bome mooi – daar is 'n kans dat 'n visuiel vir jou tussendeur die blare sit en loer. Die uile hou in die groot, digte bome (veral rooiesenhout) al langs dié rivier. Njallas stap ook gereeld hier oor die H1-9 vir 'n mooi foto.

Kyk uit oor die vloedvlakte waar die Luvuvhu- en die Limpoporivier ineenvloei. In dié verre hoek van die ou Transvaal het grootwild-jagters, ivoorsmokkelaars en allerlei kwaaddoeners heen en weer tussen Suid-Afrika, Mosambiek en Zimbabwe beweeg.

MOSAMBIEK

Parque Nacional do Limpopo

Krugerwildtuin

na Mapai →

Lebombo-ekoroete

Lebombo-ekoroete
Dié ekoroete (slegs vir 4x4-voertuie) vertrek van die Krokodilhek af en eindig vyf dae later by Punda Maria. 'n Gids ry saam, maar jy moet heeltemal selfvoorsienend wees. Die kampplekke het toilette en storte. **Koste** R12 725 per voertuig (4 mense). ☎ 012 428 9111

Mabyeni
386 m

Limpopo

Pafuri

The Outpost

Nyalaland-staproetekamp

Die H1-8 is 'n reguit stuk pad verby mopanievlaktes tot by die Kremetartkoppie neffens die pad. Dié koppie was die eerste uitspanplek vir die werkers wat van Mosambiek af ingebring is op pad na die myne aan die Rand.

Malivala
555 m

Baobab Hill House

Luvuvhubrug

Thulamela

Draai gerus af op die paadjie wat onderdeur digte plantegroei verby hoë kranse loop.

Kremetartkoppie

Nkovakulu

23

Mazanje

Mashikiri

Kremetart

Klopperfontein
Klopperfontein

Mandadzidzi

Elandskuil

Shisha

Magamba

Dzundzwini
600 m

na Shingwedzi

bl. 114

PUNDA MARIA

Die noordelike paaie en watergate is heelwat stiller as die suide s'n, en as jy op 'n samedromming van voertuie afkom, is dit waarskynlik vir 'n skaars voël eerder as 'n leeu of 'n luiperd.

Voëlkykers kan verskeie *lifers* hier afmerk onder meer die bontpiek, beloogbosbontrokkie, knopsterttroupant, visuil, witpensstekelstert, driebanddrawwertjie... Die noordelike grens vir menige Suid-Afrikaanse voël sowel as die suidelike hoek vir voëls wat algemeen voorkom in Botswana, Zimbabwe en Zambië oorvleuel hier in Pafuri wat dit een van die beste voëlkykkolle in Afrika maak!

As jy iewers langs 'n stil grondpaadjie ry, voel 'n mens rustig, want jy weet hierdie riviere vloei al vir jare see toe; hierdie bome het al alles gesien. Ja-nee, die voëls en hierdie gevoel is Punda Maria se grootste trekpleister.






WAT SÊ DIE MENSE?

VOËLKYKERS, LIG DAAI VERKYKERS

By Punda Maria kan jy wimpel-
vlerknaguile – 'n trekvoëlspesie
– tussen Oktober en Desember
in aksie sien. Bespreek plek
op 'n sonsondergangrit en
sê vooraf dat julle wimpel-
vlerknaguile wil sien – die
gids neem julle dan na hulle
broeiplek toe – hulle kom
wapper eers hulle stertvere
nadat die hekke gesluit het.



Wie bly in Punda Maria?

Hier's ou staatmakers
soos bosbökkies en nag-
apies, asook ook 'n bende
kuifkoptarentale wat
gereeld deur die ruskamp
streep. Hier word soms
'n reuserot gewaar. Teen
90 cm is dit een van die
langste knaagdiere in
die wêreld!



GARTH HOLT
KAMPBESTUURDER: PUNDA MARIA
36 JAAR IN DIE KRUGER WILDTUIN

OOR OPKNAPWERK *Ons is besig met opknappwerk. Van die eenhede se grasdakke en badkamers is reeds oorgedoen, met nuwe storte en wit subway-teëls. Ons wil die geskiedenis behou, maar terselfdertyd die eenhede so gerieflik moontlik maak vir besoekers. Een van die ablusieblokke in die kampterrein is reeds opgeknop en die tentkamp is volgende aan die beurt. Een tent (foto links) is voltooi en ons het goeie terugvoering gekry. Teen Desember 2026 behoort die res van die tente ook gereed te wees. Ons beplan ook om die Pafuri-grenskamp op te knop. Dis ons "nuutste" kamp, maar is ook al reeds tien jaar oud!*

Die groot uitdaging vir die wildtuin is dat dit hoofsaaklik 'n natuurbewaringsorganisasie is. Toerisme is 'n bron van inkomste, maar nie al die fondse word teruggeploeg in toerisme soos by 'n B&O buite die park nie. Mense vergeet soms dat natuurbewaring, veral teenstropery, miljoene rande kos.

OOR DIE BEGINDAE *Die wildtuin was primitief en ongerep. In 1926 het net ses voertuie die wildtuin besoek. Oorspronklik kon jy kamp waar jy wil. Die eerste besoekers is aanbeveel om hulle eie gewere te bring om hulleself te beskerm. Die oorspronklike kampe is by bestaande veldwagtersposte geskep en kon uitgeken word aan daai wit tent in 'n militêre styl.*

OOR DIE OU DAE *Kommunikasie was destyds 'n langtradige proses. Die bestuurder in Skukuza sou 'n brief tik, in 'n koever sit en met die vervoer Punda toe stuur, elke week op 'n Dinsdag of 'n Vrydag. Jy ontvang die brief, skryf 'n antwoord en stuur dit terug Skukuza toe. Ek was destyds in Punda werksaam voor daar telefone was. Daar was net telefone in Skukuza en Pretoriushok en by die Paul Kruger- en Phalaborwa-hek. Ons het per radio gekommunikeer en al die besprekings op 'n plotting sheet aangeteken.*

Ek het in my jong dae by Pafuri-hek gewerk. My ma sou Phalaborwa-hek toe bel en vra dat hulle vir my 'n boodskap moet deurgee: "Ag, sê vir Garth ons is so lief vir hom. Ons mis hom". Die hele Kruger hoor dan die boodskap en jy kan dink hoe hulle my gespot het!

In 'n stadium het ek 'n meisie in Kaapstad gehad. Die naaste tiekieboks was by Tshipise, 105 km en 30 m van die Pafuri-hek af. Dan ry ek die hele pad soontoe, kom daar aan en bel, maar sy is nie by die huis nie!

OOR VASCO UBISI *By Pafuri-hek het ek saam met 'n ou veldwagter genaamd Vasco Ubisi gewerk. Tussen Engels, Afrikaans, Sjangaan en gebare het ons mekaar op 'n manier verstaan. In sy jongdae is Vasco en 'n medeveldwagter deur 'n buffel stormgeloop. Ten spyte van sy eie beserings, het hy op sy fiets geklim en die 14 km na die veldwagterpos afgelê om hulp vir sy beseerde makker te ontbied. In die stormloop met die buffel het hy sy rug beseer en weens heelwat ander beserings wat hy deur die jare opgedoen het, is hy later op light duty by die Pafuri-hek geplaas. Weens sy vernuftige spoorsnyvermoë het die teenstroperspan hom egter nog gereeld kom haal om hulle te help spoorsny. Met Vasco teenwoordig, is die stropers telkens vasgetrek. Hoewel Vasco nie kon nie lees of skryf nie, was hy beskou as 'n professor in kennis van die veld en diere. As jy saam met hom in die veld geloop het, kon hy jou presies vertel watter diere onlangs daar verbygekom het, hoeveel van hulle daar was, tussen geslagte onderskei en in watter rigting hulle op pad was.*

OOR SLANGE *Ek het noodgedwonge geleer om slange te vang. Onlangs laat weet iemand dat daar 'n slang in een van die ablusieblokke is. Dis 'n Duitse toeris op sy tweede besoek aan die wildtuin en die eerste keer in sy lewe wat hy 'n slang sien. Raai wat sien hy? 'n Mamba! Waar? In die stort saam met hom! Die slang het waarskynlik deur die grasdak ingekom, op die grond beland en hom in die hoek van die stort tuisgemaak. Ek het daarin geslaag om die slang te vang en in die bos vry te laat.*



JON MINSTER

CROOKS' CORNER



BRUINKOPVISVANGER, MAHONIE-PAD (S99)



ROOIBOK, S63

WAAR BLY EK?



PUNDA MARIA

Die kampterrein is ruim met staanplekke langs die draad en genoeg skadubome, en dis naby die swembad. Die privaatste staanplekke is die twee in 'n bos, links nes jy by die kampterrein inry. Hier is ook twee stil kampplekke aan die westekant van die kampterrein.

By Punda Maria en Shingwedzi kan jy oornag in van die Kruger se oorspronklike paal-en-klei-huise wat in 1931 gebou is – die lebombosierhoutpale hou al 94 jaar die dakke regop!

Dié BG-huise met dik, witgekalkte mure en lae grasdakke is binne opgeknep. Dié huisies is nie juis privaat nie, en die voorste ry is óp die straat. Dis ook die enigstes in die Kruger wat nie hulle eie braaiplekke het nie – hier's gemeenskaplike braaiplekke oorkant die pad. Hier is vier BD-huise met 'n eie kombuis. Indien jy iets meer privaat verkies, bly in een van die twee FU-gesinskothuise wat 'n entjie agter ontvangs geleë is. Die sewe ten volle toegeruste safaritente het die beste ligging in die ruskamp. Dis op 'n heuwel in 'n stil hoek met 'n uitsig oor die bosveld. No. 3 is onlangs oorgedoen. Die toegeruste Russell Cottage staan stoksielalleen bo teen die heuwel aan jou regterkant nes jy die ruskamp inry. Dit was die polisieman se huis toe hier in die 1930's 'n stasie was.

Koste Kamp: vanaf R402 vir 2 mense, R116 p.p. wat bykom en R58 per kind sonder krag, R458 met 'n kragpunt. BG-huis: vanaf R1 440 vir 2 mense.

Safaritente: vanaf R1 674 vir 2 mense. BD-huis: vanaf R1 786 vir 2 mense, R335 p.p. wat bykom en R167 per kind (slaapplek vir 3). FU-gesinskothuis: vanaf R4 186 vir 6 mense. Russell Cottage: vanaf R3 650 vir 4.

☎ 013 735 6873

PAFURI-GRENSKAMP

Van die kamp af het jy 'n uitsig tot in Mosambiek! Die geboue het behoort aan TEBA (The Employment Bureau of Africa Ltd.), 'n werwingsmaatskappy wat werkers van Mosambiek en Zimbabwe gewerf het vir die myne aan die Witwatersrand.

Hier's drie selfsorghuise: Mockford Cottage, Doctor's House en Mockford House. Dis genoem na TEBA se laaste werwingsagent Harold Mockford wat later die eerste ereveldwagter van die park geword het.

Die drie huise is vir die era versier met oregonhoutmeubels en gietysterbeddens. Elke huis het groot stoepvertrekke en hier is 'n gemeenskaplike swembad, maar let wel, hier is nie lugverkoeling nie. Dis 'n puik oornagplek as jy vroegoggend wil voëls soek langs die Luvuvhurivier.

Koste Mockford Cottage: R3 516 vir 4 mense (een en suite-slaapkamer, die ander twee beddens is op die stoep. Die kothuis is rolstoelvriendelik. Doctor's House: R5 313 vir 6 mense. Mockford House: R7 077 vir 8 mense.

☎ 013 735 6873

(Punda Maria)



PLAN B

NTHAKENI BUSH & RIVER CAMP

Dié boom- en voëlyke kamp aan die oewer van die Mutalerivier is ongeveer 5 km van die Pafuri-hek af. Dis 'n pynlik netjiese plek met mooi wandelpaadjies al langs die rivier af en verby verskeie enorme kremetartbome. Wees gewaarsku: Kanse is goed dat jy 'n ganse dag in die kamp gaan deurbring pleks van rondry.

Hier's twee selfsorghuise, 'n tentkamp met drie safari-tente en gemeenskaplike ablusies en kombuis, asook verskeie kampplekke, van 'n boskamp met 'n emmerstort tot 'n kampplek met 'n eie kombuis, badkamer en 'n rivieruitsig. Dis goeie waarde vir geld en heelwat nader (ongeveer 30 km tot by die Luvuvhubrug) aan die Pafuri-streek as die Punda Maria-ruskamp (sowat 50 km).

Koste Kamp: Vanaf R400 p.n. vir 2 mense, R125 p.p. wat bykom (slaapplek vir 8 mense). Tentkamp: R1 950 p.n. vir 6 mense. Selfsorg: vanaf R1 300 p.n. vir 2 mense.

📞 078 854 9218; 🌐 nthakeni.com

SLEEPOVER PUNDA MARIA GATE

Die vrolike plekkie sowat 5 km van die Punda Maria-hek af kan nie met die ruskamp meeding nie, maar dis 'n skaflike plan B vir 'n aand of wat as jy die hek nie betyds gaan haal nie of nie plek in die ruskamp gekry het nie. Die prys is ook mooi. Die en suite-dubbelkamers in skeepshouers is knap, maar netjies en modern en het lugversorging en 'n kroegyskassie. Hier's 'n restaurantjie en 'n netjiese tuin. SleepOver het blyplek buite verskeie van die Kruger se hekke, ook Paul Kruger, Malelane- en Orpen-hek, almal in dieselfde styl.

Koste Vanaf R880 p.n. vir 2 mense. Hier's ook gesinskamers met slaapplek vir twee volwassenes en twee kinders.

📞 010 110 9900; 🌐 kruger.sleepover.travel




WILLEMEN JANSE VAN RENSBURG



PAFURI-PIEKNIEKPLEK

JON MINSTER

WAT SÊ DIE MENSE?



CAREL NKUNA

**KAMPBESTUURDER: PAFURI-GRENSKAMP
20 JAAR IN DIE WILDTUIN**

OOOR DIE PAFURI-GRENSKAMP Sowat 40% van die gaste kom vir die voëls. 'n Gevlekte ooruil sit gereeld op die nokke van die huise se dak; hulle wag vir vlermuise. Sowat 'n halfuur voordat die son sak, vlieg hier dikwels 'n vlermuiskat rond. Ander spesiale voëls sluit in die geelkleknikator, gebande sperwer, gewone boskraai en soms sit hier 'n kroonarend in die dooie boom by die swembad. Vroegoggend hoor 'n mens die nasale note van geelbektroupante. Hier's twee voëlbadjies – een voor die Doctor's House en Mockford Cottage. Mense het al tot 40 spesies net hier afgemerkt!

OOOR PAFURI SE DIERE Ek het oor die jare heen al seker tien keer 'n erdvark in die Pafuri-gebied gesien, en ystervarke, ratels en muskeljaatkatte. Ag, 'n mens kan eintlik al die wild hier sien. Hier is leeus en luiperds, maar hulle is skaars. Langs die Luvuvhu is volop krokodille en seekoeie en by Crooks' Corner moet jy 'n rukkies uithang – hier's spesiale voëls. Ek het al kleinflamink, beloogbosbontrokkie, vaalstrandkiewiet, goudsnip, palmmôrelyster, gevlekte en witpensstekelstert hier gesien.

Ek het ook al 'n paar keer driebanddrawwertjies op die S63 tussen die grenskamp en die grenspos en in die rigting van die Pafuri-pieknieplek gesien.



Tshokwane is een van ons gunsteling-uitspanplekke. Omdat daar dikwels 'n warboel van mense is, vergeet 'n mens maklik dat jy deur wilde diere omring is. Toe ons een oggend aan pasteie smul, kom dié hans hiëna verbygestap. Ons het dadelik eenkant gestaan. Hy het tussen die braaiers rondgesnuffel, en toe by die wasbak gaan regop staan om sy dors by 'n lekkende kraan te les. Dit lyk komplete asof hy staan en skottelgoed was!

DEUR THINUS VAN STADEN

Weg! Stapfiks

Oefen rég vir jou volgende staptog

Weg-Stapfiks is 'n aanlyn eet- en oefenprogram wat jy kan volg om gewig af te skud en stapfiks te word.

WAT KRY JY?

- ◆ 'n Gebalanseerde **eetplan oor 12 weke** vir mans en vroue wat jou gewig sal help afskud, maar tog genoeg energie sal gee om te oefen.
- ◆ 'n Oefenprogram oor **6, 12 of 24 weke** wat jou sal neem vanaf die rusbank tot by die hoogste pieke in Suid-Afrika en die res van die wêreld.
- ◆ Byna **200 kort oefenvideo's** waarin 'n biokinetikus elke oefening demonstreer. Al toerusting wat jy nodig het, is jou staprugsak, stapstokke en 'n rekband. Jy het geen gimnasium-lidmaatskap nodig nie en kan die oefeninge by die huis doen.
- ◆ **Ekstra artikels** wat jou sal **inspireer** om 'n epiese staptog aan te pak.

MEDEWERKERS



EETPLAN

Hanlie Jordaan is 'n dieetkundige van Kaapstad met 'n M-graad in sport-dieetkunde. Sy is 'n sportfanatikus wat onder meer self bergklim en het 'n passie daarvoor om mense met gewigsprobleme by te staan.



OEFENPROGRAM

Ivor Wright is 'n biokinetikus van Kaapstad met 'n belangstelling in sportrehabilitasie. In sy vrye tyd is hy lief vir veldloop en bergklim. Hy het al verskeie van die groot staptogte in Suid-Afrika aangepak.

HOE WERK DIT?

- ◆ 'n Eenmalige betaling gee jou **toegang tot die hele program**.
- ◆ Jy kry dadelik toegang tot die hele oefenprogram.

Gaan na wegstapfiks.co.za
Klik, betaal en registreer. 

R950

(ALLES
INGESLUIT)



**NUUT Thule Force 3-dakkaste**

Die Thule Force 3 is ontwerp om maksimum bergingskapasiteit, duursame werkverrigting en moeitelose bruikbaarheid te bied, en is die ideale oplossing vir gesinne, buitelug-entoesiaste en enigiemand wat ekstra spasie op hul reis benodig.

Thule Force 3 S

140 x 89,7 x 38 cm - 324L
6451B

**Thule Force 3 M**

175 x 81 x 44 cm - 400L
6452B

**Thule Force 3 L**

195 x 84,5 x 42,5 cm - 445L
6457B

**Thule Force 3 XL**

215 x 87 x 47 cm - 500L
6458B

